



**Western Cape
Government**



Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en
Toerisme

**Jaarlikse Prestasieplan
2023/24**

Departement
van Ekonomiese
Ontwikkeling en
Toerisme

Jaarlikse Prestasieplan

vir
2023/24

Verklaring van uitvoerende gesag

Ons visie vir die ekonomie van die Wes-Kaap is een wat uitskiet- ekonomiese groei bereik om genoegsame indiensneming en geleenthede aan te voer, wat volhoubaar, veerkrachtig, divers en inklusief is en sterk groei – en sodoende vertroue, hoop en voorspoed vir almal voortbring.

Ter nakoming van ons visie is die kern van die provinsie se ekonomiese strategie vir die toekoms, Groei vir Werke, dat ons verstaan dat die privaat sektor werk skep, en dat die rol van die regering is om 'n ondersteunende omgewing te skep waarin die inwoners en sakeondernemings geleenthede kan skep en daarop kapitaliseer.

Ten einde die privaatsektor-geleide groei moontlik te maak, het ons sewe kernfokusareas geïdentifiseer, wat die volgende insluit:

1. Die skep van geleenthede deur belegging
2. Die stimulering van markgroei deur uitvoere en binnelandse markte
3. Energie-veerkratigheid en oorgang na geen koolstof
4. Watersekerheid en -veerkratigheid
5. Tegnologie en innovering
6. Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie
7. Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het my volle ondersteuning in die oorgang om Groei vir werke-strategie, soos dit in die 2023/24 Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit is, te implementeer.

Me Mireille Wenger



Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede

Datum: 6 Maart 2023

Verklaring van rekenpligtige beampte

Noudat ons kan terugkyk op vorige jare, en besig is om uit die covid-19-pandemie op te staan, met selfs enkele beduidende winste in ekonomiese herstel, stel die voortslepende ekonomiese en fiskale klimaat 'n uitdaging vir die Wes-Kaapse ekonomie. Die impak van ekonomiese skokke, stagflasie – verswakkende ekonomiese groei en stygende inflasie – bly sterger terwyl monetêre toestande en beurtkrag ons reeds kwesbare ekonomie en herstel van indiensnemingsgroei kniehalter. IHS Markit het beraam dat die Wes-Kaapse ekonomie in 2021 met 5,2% gegroei het, en dat dit in 2022 tot 1,95 sal daal, en in 2023 selfs verder sal val tot 1,5%. Dit is in skrille teenstelling met die voorspelling die PERO 2022-vooruitskatting van 0,3% vir 2023.

Gegewe hierdie uitdagings, en gekoppel aan Suid-Afrika se afnemende groeitempo en stygende werkloosheid, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) die behoefte aan 'n strategie geïdentifiseer om die provinsiale groeikoers dramaties te lig, en, namate groei steeds in die res van die land afneem, die provinsie se groeitrajek van dié van die land los te maak. Om hierdie uitdagings te oorkom het effektief 'n drastiese benadering vereis en tot die ontwikkeling van die Groei vir Werke-strategie (G4J) geleid. Hierdie strategie stel 'n omvattende, uitdagende en ambisieuse doel aan die Wes-Kaap om die provinsiale ekonomie teen 2035 met tussen 4% en 6% te laat groei.

Die G4J sit duidelik sewe prioriteitsfokusareas uiteen, wat die volgende behels:

1. Belegging;
2. Uitvoere en binnelandse markte;
3. Energie-veerkragtigheid en die oorgang na netto sero/nul koolstof;
4. Watersekerheid en-veerkragtigheid;
5. Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie;
6. Tegnologie en innovering; en
7. Toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembareheid.

Die bereiking van die doel van G4J is in alle provinsiale regerings geleë, en ek wil graag ons ondersteuningsagentskappe, openbare entiteite en ander kernbelanghebbers bedank wat met deeglike oorlegpleging saamwerk aan 'n gemene agenda waarin elkeen 'n rol speel wat integraal staan tot die voorspoed van almal. Hierdie 2023/24 Jaarlikse Prestasieplan neem kennis van die strategie en maak voorsiening vir die planne en aksies wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme hierdie jaar sal lewer ter stewige ondersteuning van die strategie.

Die departement is steeds tot sy diensleweringsmandaat verbind en ek wil graag ons ondersteuningsagentskappe, kernbelanghebbers en kliënte bedank – die ondernemings wat betrokke en optimisties gebly het om tot 'n gedeelde ekonomiese visie vir die Wes-Kaap by te dra. Ons word bemoedig deur die vooruitsig van toenemende betrokkenheid, vennootskappe en samewerking met ons belanghebbers ten einde 'n gedeelde visie vir die Wes-Kaapse ekonomie wat inklusiewe uitskiet- ekonomiese groei bereik het, en wat volhoubaar, veerkragtig, divers en vooruitstrewend is en vertroue, hoop en voorspoed vir almal bring, 'n werklikheid te maak.



Mnr Velile Dube

Rekenpligtige Beamppte van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Datum: 3 Maart 2023

Amptelike aftekening

Hiermee word verklaar dat hierdie Jaarlikse prestasieplan:

- deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister Mireille Wenger ontwikkel is;
- Alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme verantwoordelik is, in ag geneem het; en
Die uitkomste en uitsette wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme streef om in die tydperk 2023/24 te bereik, akkuraat weerspieël.

Goedgekeur deur:

Fayruz Dharsey

Waarnemende programbestuurder: Geïntegreerde ekonomiese ontwikkelingsdienste



Ilse van Schalkwyk

Programbestuurder: Handel- en sektorale ontwikkeling

Programbestuurder: Toerisme, kuns en vermaak




Ashley Searle

Programbestuurder: Sakeregulering

Nezaam Joseph

Programbestuurder: Vaardigheidsontwikkeling en innovering



Mymoena Abrahams

Programbestuurder: Administrasie

Hoof- finansiële beampete

Rashid Toefy

Adjunk-direkteur-generaal: Ekonomiese aktiwiteite, handel- en sektorale ontwikkeling



John Peters

Waarnemende Programbestuurder: Ekonomiese beplanning

Waarnemende adjunk-direkteur-generaal: Strategiese ekonomiese versnellers en ontwikkeling

Waarnemende hoof verantwoordelik vir beplanning




Velile Dube

Rekenpligtige beampete



Mireille Wenger

Uitvoerende gesag



Inhoud

VERKLARING VAN UITVOERENDE GESAG	
VERKLARING VAN REKENPLIGTIGE BEAMPTE	
AMPTELIKE AFTEKENING	
AFKORTINGS	7
DEEL A: ONS MANDAAT	11
Grondwetlike mandaat	12
1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate	12
2. Bywerkings tot institusionele beleide en strategieë	12
3. Tersaaklike hofuitsprake	14
DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS	23
4. Bygewerkte situasie-analise	24
4.1 Eksterne omgewingsanalise	24
4.2 Interne omgewingsanalise	27
DEEL C: ONS PRESTASIEMETING	35
Institutionele programprestasie-inligting	36
5. Program 1: Administrasie	36
6. Program 2: Geïntegreerde ekonomiese ontwikkelingsdienste	44
7. Program 3: Handel- en sektorale ontwikkeling	56
8. Program 4: Sakeregulering en bestuurstoesig	64
9. Program 5: Ekonomiese beplanning	70
10. Program 6: Toerisme, kuns en vermaak	90
11. Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en innovering	101
12. Bygewerkte hoofrisiko's en risikoverligtings uit die Strategiese plan	108
13. Openbare entiteite	108
14. Infrastruktuurprojekte	108
15. Openbare-privaat vennootskappe	108
DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANDUIDERS	111
Program 1: Administrasie	112
Program 2: Geïntegreerde ekonomiese ontwikkelingsdienste	123
Program 3: Handel- en sektorale ontwikkeling	139
Program 4: Sakeregulering en bestuurstoesig	144
Program 5: Ekonomiese beplanning	149
Program 6: Toerisme, kuns en vermaak	175
Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en innovering	188
BYLAES TOT DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN	195
Bylaag A: Wysigings aan die Strategiese plan	196
Bylaag B: Voorwaardelike toelaes	196
Bylaag C: Gekonsolideerde aanduiders	196
Bylaag D: Distriksonwikkelingsmodel	196

AFKORTINGS

ACSA	Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika
ADR	Alternatiewe Dispuutresolusie
ASES	Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone
BBMO	Bevoegdheid-gebaseerde Modulêre Opleiding
BBO	Bestemmingsbemarkingsorganisasie
BBP	Bruto Binnelandse produk
BRS	Basiese Rekenkundige Stelsel
BWT	Bruto Waarde Toegevoeg
DBVO	Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing
DEOT	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Dhnm	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DKSS	Departement van Kultuursake en Sport
DKV	Verdiskonterde Kontantvloei
DLBV	Departement van Landbou, Bosbou en Vissery
DMN	Departement van Menslike Nedersettings
DOS&OB	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DPME	Departementele Prestasiemonitering en -evaluering
DPR	Departement van Plaaslike regering
DvG	Departement van Gesondheid
DvGV	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DvL	Departement van Landbou
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
ESWIO	Ekonomiese Sektore, Werkverskaffing en Infrastruktuurontwikkeling
EV	Elektriese Voertuig
EVL	Erkenning van Vorige Leerondervinding
FAKO	Finansiële Agentskap vir Klein Ondernemings
G4J	Groei vir Werksgeleenthede
GDMB	Gesamentlike Distriksmetro-benadering
GH2	Groen Waterstof
GIZ	Duitse Agentskap vir Internnasionale Samewerking
GOFS	Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor
GV'S	Gereelde vrae
GvSD	Gemak van Sake Doen
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie

IPKV	Interregeringspaneel oor Klimaatsverandering
IPREO	Investeringsplan vir Rregverdige Energie-oorgang
IRV's	Interregeringsverhoudinge
JBP	Jaarlikse Bedryfsplan
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KAMO's	Kwartaallikse Arbeidsmagopnames
KIL	Kaapstad Internasionale Lughawe
KMMO	Klein, Medium en Makro-ondernemings
KSIO	Kleinskaal Ingebedde Opwekking
Ktev	Kliëntetevredenheid
KTSL	Klerding, Tekstiel, Skoeisel en leer
KVB	Kantoor van die Verbruikersbeskerming
M&E	Monitering en Evaluering
MBD	Mededingingsbevorderingsdiens
MEHV	Munisipale Ekonomiese Hersiening en Vooruitsig
MEV	Munisipale Energieveerkragtigheid
MGE	Monitor vir Globale Entrepreneurskap
MIV	Markintelligensieverslag/-verslae
MOP	Munisipale Ondersteuningsprogram
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
MVVD	Marienevervaardiging en Verwante Dienste
MVVD	Memorandum van Verstandhouding
NBAP	Nywerheidsbeleidsaksieplan
NDOO	Nie in Diens, Onderrig of Opleiding
NDT	Nasionale Departement van Toerisme
NEBR	Nasioale Evalueringsbeleidraamwerk
NIKOO	Nasioanle Geïntegreerde Kleinondernemingsontwikkeling
NJOA	Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap
NKR	Nasionale Kredietreguleerder
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NOR	Nywerheidsontwikkelingsraad
NRO	Nie-regereringsorganisasie
NTSS	Nasionale Toerisme Ontwikkelingsagentskap
OAKO	Ontwikkelingsagentskap vir Klein Ondernemings
OBO	Oordragbetalingssooreenkoms

OESO	Organisasie vir Ekonomiese Samerwerking en Ontwikkeling
OIAS	Omgewingsimpakassessering
OKV's	Onafhanklike Kragverskaffers
OPGR	Opname oor die Persepsie van Globale Risiko
PEHV	Provinsiale Ekonomiese Hersiening en Vooruitsig
PEO	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
PFA's	Prioriteitsfokusareas
PHOKV	Program vir Hernubare Onafhanklike Kragverskaffing
PmG	Persone met Gestremdhede
PSIP	Provinsiale Strategiese implementeringsplan
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PT	Provinsiale Tesourie
RBPPI	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasieinligting
RVE	Rompslompverminderingseenheid
SAKHN	Suid-Afrikaanse Kamer vir Handel en Nywerheid
SARB	Suid-Afrikaanse Reserwebank
SAVPR	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering
SBI's	Staatsbeheerde Instellings
SBNOS	Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone
SIMO	Strategiese Geïntegreerde Munisipale Ooreenkomste
SOOO	Senior Opderrig- en Opleidingsowerheid
SP	Strategiese Plan
SPO	Sakeproses-optimalisering
SVI	Sakevertoue-indeks
TBOO	Tegniese en Beroepsonderrig en -Opleiding
TVA	Totale Vroeëstaat- Entrepreneuriese Aktiwiteittempo
UNESCO	VN Organisasie vir Opvoedkunde, Wetenskap en Kultuur
VGP	Visie-geleide Prioriteit
VOD	Volhoubareontwikkelingsdoel
VPW	Vaardigheidsplan vir die Werkplek
WBPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
WKHP	Wes-Kaapse Herstelplan
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse regering







A photograph of a mountainous landscape at sunset. In the foreground, a wooden boardwalk leads towards a metal railing. Beyond the railing, there's a dense green hillside with some red flowers. In the background, large, rugged mountains are silhouetted against a sky filled with orange and pink clouds.

Daft A

**ONS
MANDAAT**

Deel A: ONS MANDAAT

Konstitusionele mandaat

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verskaf 'n lys van funksionele terreine vir beide nasionale én provinsiale wetgewende bevoegdheid. Hierdie terreine wat ter sake is vir die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en (DEOT), is:

- Verbruikersbeskerming
- Nywerheidsbevordering
- Toerisme
- Handel.

Skedule 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as 'n plaaslikeregeringsaak van beide nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid tot die mate wat in Artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet uiteengesit is.

1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate

Verskeie wette speel 'n rol in die uitvoering van aktiwiteite van die DEOT. Die belangrikste wette en beleide is:

Die Wet op Breed-gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)

Hierdie wet is transversale wetgewing vir normale nakomingsverpligtinge wat vir alle departemente geld. Dit skep 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, bemagtig die nasionale minister om goeie praktiese gedragskodes uit te reik en om transformasiehandveste te publiseer, en vestig die Swart-ekonomiesebemagtigingsadviesraad en maak voorsiening vir kwessies wat daarmee verband hou.

Wet op Sakeondernemings, 1991 (Wet 71 of 1991)

Hierdie wet maak voorsiening vir die lisensiëring en voortsetting van sakeondernemings en sake wat daarmee verband hou.

Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrummaatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir die Wes-Kaapse aandeelhouding in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrummaatskappy, vir die befondsing wat deur die provinsie aan die maatskappy verskaf word en vir sake wat daarmee verband hou.

Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Die wet bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare markomgewing vir verbruikersprodukte en -dienste, en skep vir daardie doel nasionale norme en standaarde wat met verbruikersbeskerming verband hou, voorsien verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike/onregverdigte bemarking- en sakeprakteke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag, bevorder konsekwente wetgewing en 'n bemagtigingsraamwerk rakende verbruikertransaksies en -ooreenkomste, en vestig 'n Nasionale Verbruikerskommissie.

Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005)

Hierdie wet erken onder andere die behoefté vir die registrasie van koöperasies in ooreenstemming met die Grondwet, internasionale konvensies en verdrae, nasionale, provinsiale en plaaslike transversale beleide en statutêre regulatoriese raamwerke. Dit erken voorts die behoefté vir die ontwikkeling van 'n lewensvatbare, outonome, selfstandige en selfonderhoudende koöperatiewe beweging om gemeenskapsontwikkeling en entrepreneurskap te bevorder, werk en suksesvolle ondernemings te skep, armoede uit te wis en die sosio-ekonomiese welsyn van die lede van koöperasies te verbeter in ooreenstemming met die koöperatiewe beginsels.

Nasionale Wet op Kleinsakeondernemings, 1996 (Wet 102 van 1996)

Hierdie wet maak voorsiening vir die stigting van 'n Adviesraad en die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap, en versaf voorts riglyne vir die organe van die staat ten einde klein sake in die Republiek te bevorder, en verwante sake.

Wet op die Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)

Die doel van dié wet is om die bedrywighede van die Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy MSB Bpk. te reguleer om voorsiening te maak vir die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering in die Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy MSB Bpk., om die doel, funksies en bestuurstoesig van die maatskappy te voorsien, en vir ander sake rakende hierdie kwessie.

Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)

Die doel van dié wet is om voorsiening te maak vir die vasstelling, bevordering, ontwikkeling, bedrywighede en bestuur van spesiale ekonomiese sones, die aanstelling van lede en die funksionering van die Adviesraad op Spesiale Ekonomiese Sones, die instelling van die Fonds vir Spesiale Ekonomiese Sones, die funksies van die operator en om die aanstelling, uitreiking, onttrekking en oordrag van bedryfspermitte te reguleer, en om voorsiening te maak vir oordagooreenkomste en verbandhoudende sake.

Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)

Die wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme tot voordeel van die Republiek, sy inwoners en besoekers, vir die voortgesette bestaan van die Suid-Afrikaanse Toerismeraad en die instelling van die Toersimegraderingsraad. Dit reguleer die toergidsprofessionele en maak voorsiening vir sake rakende hierdie aangeleentheid. Dit maak spesifiek voorsiening vir die registrasie, bevoegdheid en 'n gedrags- en etiese kode vir toergidse, procedures vir die aanmelding van oortredings en die lê van klagtes en dissiplinêre maatreëls teen toergidse.

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Wet op Onbillike Praktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)

Dié wet maak voorsiening vir die ondersoek, verbod op en beheer van onbillike sakepraktyke en vestig ook die Kantoer van die Verbruikersbeskermer en Verbruieksaketenunale.

Wes-Kaapse Wet op Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir die lidmaatskap van die Wes-Kaapse Regering van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap MSW, om die oordrag van fondse aan die Wes-Kaapse Ekonomiese ontwikkelingsvennootskap MSW te reguleer en om voorsiening te maak vir sake voortspruitend hieruit.

Wes-Kaapse Wet op die Maatskappy vir Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuur, 2019 (Wet 3 van 2019)

Die wet stel 'n regspersoon, die Wes-Kaapse Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuurmaatskappy MSB Bpk, in, magtig die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering in dié maatskappy, en maak voorsiening vir die magte, pligte, bestuur, bestuurstoesig, befondsing en finansiële beheer van die maatskappy en verwante sake.

Wes-Kaapse Wet op die Agentskap vir die Bevordering van Toerisme, Handel en Belegging, 1996 (Wet 3 van 1996)

Hierdie wet maak voorsiening vir die vestiging, aanstelling, magte en funksies van die Agentskap vir die Bevordering van Wes-Kaapse Toerisme, Handel en belegging ("Wesgro") ten einde die ekonomiese groei en ontwikkeling van die provinsie te bevorder en te ondersteun en ook verwante sake te hanteer.

2 Bywerkings oor konstitusionele beleide en strategieë

Vyfjaarstrategie 2020–2025 van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Die DEOT se 2020–2025-vyfjaarstrategie is steeds deeglik blyn met die Provinciale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan. Dit omsluit vyf fokusareas, naamlik:

- Belegging deur die bevordering en katalitiese infrastruktuur
- Vermeerdering van uitvoere
- Hantering van vaardigheidsgapings
- Versnel gemak van sake doen
- Hulpbronveerkragtigheid.

Hierdie departementele fokusareas en hulle onderskieie uitkomste vorm die hoeksteen van die DEOT se vyfjaarstrategie.

Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (RBPPI, 2007)

Die RBPPI omskryf kernbegrippe in die ontwerp en implementering van bestuurstelsels wat prestasie-inligting in die openbare sektor definieer, insamel, rapporteer en gebruik. Die RBPPI beklemtoon dat prestasie-inligting wesenlik belangrik is om die aandag van die publiek en oorsigliggame te vestig op die kwessie of die openbare instellings waarde vir geld lewer, deur hulle prestasie met begrotings en diensleweringsplanne te vergelyk en om bestuurders bedag te maak op terreine waar korrektiewe maatreëls vereis word.

Nywerheidsbeleidsaksieplan (NBAP)

Die Nywerheidsbeleidsaksieplan(NBAP) is stewig ingebed in die regereing se oorkopeplende beleid en planne om die hoofuitdagings van ekonomiese en nywerheidsgroei en rasgebaseerde armoede, ongelykheid en werkloosheid te takel. DIE NBAP 2018 is 'n produk van die kluster Ekonomiese Sektore, Werkverskaffing en Infrastruktuurontwikkeling (ESWIO). Die verantwoordelikheid vir die implementering lê by die regering as 'n geheel en 'n wye reeks entiteite, insluitend die MSB's.

Die NBAP 2018 fokus op dievolgende hooftemas wat die werk van die dhnm omvat en dien as wegwyser vir die groter nywerheidspoging:

- Laat die ekonomie groei.
- Versterk pogings om die gemiddelde binnelandse aanvraag te verhoog – hoofsaaklik deur lokalisering van aankope deur die publiek en intensiever pogings om lokalisering en die ontwikkeling van plaaslike verskaffing te oorreed.
- Verbeter Suid-Afrika se uitvoerpoging.
- Skep en versterk beleidsekerheid en programbelynning.
- Versterk deurlopende pogings om 'n minder gekonsentreerde, meer kompeterende ekonomiese en vervaardigingsomgewing te bou waarin grense vir nuwe toetreders verlaag is.
- Bou 'n sterker stelsel van nywerhedsfinansies en belegging wat hoër vlakke van privaatsektorbelegging in die produktiewe sektore van die ekonomie ondersteun en verseker en uitvoere laat toeneem.
- Gaan dwingend voort met tegnologie-intensieve bevoordelingsprojekte wat waarde toevoeg en Suid-Afrika se vergelykende hulbronbegiftigingsvoordeel tot 'n globale mededingende voordeel aanwend.
- Optimiseer oordrag en difussie van tegnologie en werk ten nouste saam met die Departement van Wetenskap en Tegnologie; versterk verder die poging om "plaaslike-vervaardigde" N&O-kern te kommersialiseer.
- Ondersteun die verdere versterking van energie-doeltreffende produksie en koolstofverminderingsspogings en -maatreëls op 'n wyse wat die oorgang van energie-intensieve sektore van die ekonomie help sodat sakemededinging behou word en uitvoergeleenthede verder groei.
- Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare uitwerking van van die Digitale Nywerheidsrevolusie en opkomende ontwrigtende tegnologieë, pas saam SA se produktiewe en dienssektore aan om die uitdagings, insluitend dié wat met werk nemervervanging verband hou, die hoof te bied.

Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die kernbegrippe van die NOP is:

- Verenig Suid-Afrikaners rondom 'n gesamentlike program.
- Burgers moet aktief aan hulle eie ontwikkeling deelneem.
- Vinniger en meer inklusiewe ekonomiese groei.
- Bou kapasiteit.
- 'n Bevoegde staat.
- Leierskap en verantwoordelikheid deur die hele samelewing.

Die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Rekonstruksie- en Herstelplan, 2020

Die kernbegrippe van die plan is:

- 'n Strewe na infrastrukturele belegging in samewerking met die privaat sektor om werkskepping te stimuleer.
- Bereik energiesekerheid deur die elektrisiteitsvoorsieningsketting vir onafhanklike kragverskaffers oop te maak.
- Digitale stuwing met breed-gebaseerde spektrumaksievordering en 'n verbintenis om die kapasiteit van die "staat" te verhoog.
- Verslapping van die regulatoriese omgewing om die gemak van sake doen en die gepaardgaande strewe om klein sake te ontwikkel, te bevorder.
- Bekendstelling van e-visums om toerisme aan te help.
- 'n Skema om jong mense in diens te neem om onderwysers in skoolleer by te staan.

Die nasionale herstelplan resoneer met 'n hele aantal temas in die Werkgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

Nasionale Evalueringsbeleidraamwerk, 2011

Die Nasionale Evalueringsbeleidraamwerk (NEBR) voorsien die basis vir 'n minimum stelsel van evaluering oor die regering heen en 'n gemeenskaplike taal vir evaluering in die openbare sektor. Die doel van hierdie raamwerk is om te verseker dat evaluering van goeie gehalte gegee word wat inligting gee oor wat werk en wat nie werk nie, en om só te help om die doeltreffendheid en impak van die regering se werk te verbeter. Die raamwerk beklemtoon die behoeftte om geloofwaardige en objektiewe evaluering-gedreve bewyse in beplanning, die opstel van begrotings, verbeterde organisasie en beleidsoorsig en in program- en projekbestuur te gebruik ten einde prestasie te verbeter.

Nasionale Toerismeherstelplan

Die covid-19-pandemie het 'n besliste impak op die toerismesektor wêreldwyd gehad. Regerings oor die hele wêreld heen moes noodsaaklike maatreëls instel om die verspreiding van die koronavirus te keer sodat die kapasiteit van die gesondheidstelsel nie deur die tempo van oordrag oorweldig word nie. 'n Direkte impak hiervan was 'n wêreldwyse beperking op beweging, wat 'n definitiewe invloed op die globale gebruik van die toerismesektor gehad het. Die Nasionale Toerismeherstelstrategie is ontwikkel om die leiding te neem met die pogings om die toerismebedryf ná die covid-pandemie te herstel. Drie strategiese temas staan sentraal in die herstel van die toerismebedryf in Suid-Afrika: Herstel die aanvraag, vernuwe die verskaffing en versterk die instaatstellende vermoë. Tien strategiese aanbevelings, gekoppel aan spesifieke aksies, tydraamwerke en verantwoording is in ooreenstemming met hiedie temas voorgestel.

Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS)

Navorsing toon dat daar steeds verkeie geleenthede vir groei in die toerismebedryf in die land is wat nog nie ten volle benut is nie. Dit het daartoe geleid dat die nuwe Nasionale Departement van Toerisme, onder leiding van die Minister van Toerisme, 'n inklusiewe proses geïnisieer en bestuur het om 'n konsepstrategie vir nasionale toerisme op te stel, wat die verantwoordelike groei van die toerismebedryf van 20210 tot 2020 moet inspireer en versnel.

Die NTSS stel drie kerntemas met spesifieke fokusareas vanuit 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perspektief voor:

TEMA 1: Toerismegroei en die ekonomie

- Om die totale bydrae van die toerismesektor tot die ekonomie te laat groei.
- Om uitstekende mense-ontwikkeling en behoorlike werkgeleenthede binne die toerismesektor te voorsien.
- Om die bydrae van binnelandse toerisme tot die toerisme-ekonomie te verhoog.
- Om tot die streeks-toerisme-ekonomie by te dra

TEMA 2: 'n Verbeterde besoekerservaring

- Om 'n wêreldklas besoekerservaring te lewer.
- Om 'n toerismekultuur onder Suid-Afrikaners te vestig.
- Om Suid-Afrika as 'n wêreldwyd erkende toerismebestemming-handelsmerk te posisioneer.

TEMA 3: Volhoubaarheid en goeie bestuurstoesig

- Om transformasie binne die toerismebedryf te bereik
- Om die kwessie van geografiese, seisoenale en landelike verspreiding te takel.
- Om 'verantwoordelike toerismepraktyke' in die sektor te vestig.
- Om die toerisme- ekonomiese ontwikkeling op plaaslikeregeringsvlak te ontsluit.

OneCape2040

OneCape2040 is 'n doelbewuste poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkratige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dis 'n visie en strategie vir die samelewning eerder as 'n plan van die regering, hoewel al drie regeringsvlakke wesentlik belangrik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige huidige statutêre planne van óf die (provinsiale) regering óf munisipaliteite nie; maar is eerder bedoel as 'n verwysingspunt en gids vir alle belanghebbers ten einde:

- Vars denke en kritiese betrokkenheid oor die toekoms te bevorder.
- As 'n gemene agenda vir private, openbare en die burgerlike samewerking te dien.
- Regeringsaksie en beleggingsbesluite te help.
- Die nodige veranderinge wat ons maak om by die snel veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas, te fasiliteer.
- Ons ontwikkeling, volhoubaarheid, inklusiwiteit en mededingendheid te takel.

Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019–2024

Die PSP 2019–2024 is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf visie-gedreve prioriteite, naamlik:

- Visie-gedreve prioriteit 1: Veilige en samehangende gemeenskappe
- Visie-gedreve prioriteit 2: Groei en werkgeleenthede
- Visie-gedreve prioriteit 3: Bemagtig mense
- Visie-gedreve prioriteit 4: Beweeglikheid en ruimtelike transformasie
- Visie-gedreve prioriteit 5: Innovering en kultuur.

Die Departement is die beskermheer van Visie-gedreve Prioriteit 2: Groei en werkgeleenthede, wat vyf fokusareas insluit, soos in die onderstaande tabel getoon word.

Tabel 1: Provinciale Strategiese Plan (PSP) 2019–2024 – Visie–gedreve prioriteit 2: Groei en werkgeleenthede – Fokusareas

Provinciale Strategiese Plan – Visie–gedreve prioriteit 2				
Fokusarea 1: Laat belegging toeneem	Fokusarea 2: Bou en onderhou infrastruktur	Fokusarea 3: Laat die ekonomiese groei deur uitvoere te laat groei	Fokusarea 4: Skep geleenthede vir werkskepping deur vaardigheds- ontwikkeling	Fokusarea 5: Skep 'n ondersteunende omgewing vir ekonomiese groei deur hulpbron- veerkrachtigheid

Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP) dien as die implementeringstrategie vir die Provinsiale Strategiese Plan 2019–24, die Herstelplan en kern- provinsiale prioriteite. Die Groei vir werke-strategie, wat die provinsie se oorkoepelende ekonomiese strategie is, sal die Werkgeleenthede-prioriteit van die PSIP en die Herstelplan vervang.

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan fokus op kernintervensies en aanduiders oor die WKR heen wat sy drie prioriteite ondersteun: 1) werk; 2) veiligheid; 3) welsyn, en laat innovering, kultuur en bestuurstoesig toe. Soos wat nuwe strategieë opduik en nuwe verbintenissoog gemaak word, sal dit by die PSIP gevoeg word, terwyl afgehandelde of ondoeltreffende inisiatiewe geskrap sal word, aangesien die PSIP as 'n lewende dokument beskou word.

Tabel 2: Prioriteite en fokusareas van die Provinsiale strategiese implementeringsplan

Prioriteite en fokusareas van die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan in 2022					
Werkskepping: Vaardighede, indiensneming en openbare- sektor- werkskepping	Ondersteunende omgewing	Sektorontwikkeling en mededingbaarheid	Belegging	Hulpbron- veerkrachtigheid	Infrastruktur

Wes-Kaapse Herstelplan

Die vier temas wat die pilare van die Wes-Kaapse Herstelplan dien, is herstel van covid-19, werk, veiligheid en welsyn. Die Werk-tema erken dat, hoewel die privaat sektor die primêre skepper van werk is, dit die rol van die WKR is om te sorg vir die ondersteunende omstandighede vir die skep en volhoubaarheid van werk en huishoudings.

Die Veiligheidstema erken dat die WKR daartoe verbind is om die provinsie 'n veiliger plek vir alle inwoners en besoekers te maak en om die oorsake en onderliggende risikofaktore wat tot gewelddadige en kriminele gedrag aanleiding gee, te takel. Dit kan ten beste suksesvol gedoen word deur 'n helegemeenskapbenadering wat op sterk samewerking en vennootskappe gebou is waarin elke individu, ouer, organisasie en instelling sy deel doen om geweld te bestry.

Die WKR het Welsyn as 'n verdere tema geplaas as 'n kernaangeleentheid van wat die regering doen ten einde die fundamentele regte in die Grondwet te erken en om die menswaardigheid van al die inwoners van die Wes-Kaap te bevestig. Die doel is om mense se behoeftes soos opvoeding, gesondheid, veiligheid, skuiling, behoorlike lewensomstandighede en toegang tot ekonomiese geleenthede te bevestig.

Die Werk-tema van die Wes-Kaapse herstelplan is inlyn met die Provinsiale strategiese plan (PSP). Wanneer die Groei vir werke-strategie afgehandel is, sal dit die Wes-Kaapse herstelplan as die oorkoepelende ekonomiese estrategie vervang.

Tabel 3: Wes-Kaapse Herstelplan – Fokusareas

Wes-Kaapse Herstelplan				
Versnel gemak van sake doen	Verbeter belegging en uitvoere	Verbeter infrastruktuur	Verskaf meer geleenthede en vaardighede vir werklose mense	Ekonomiese veerkrachtigheid
Ekonomiese intelligensie en kommunikasie Onderliggende basis en ruimtelike fokus				

Die Wes-Kaapse herstelplan is met die Nasionale herstelplan belyn. Die Werk-tema van die Wes-Kaapse herstelplan is belyn met die volgende prioriteitsintervensies:

Nasionale prioriteit	WKR kort- en mediumtermynprioriteite
Aggressiewe infrastruktuurbelegging	Gee infrastruktuur 'n hupstoot
Werkverskaffing-gerigte strategiese lokalisering, herindustrialisering en uitvoerbevordering	Gee uitvoere 'n hupstoot
Energie sekerheid	Ondersteunende hulpbron-veerkrachtigheid: energie
Ondersteuning vir toerismeherstel en -groei	Gee belegging en uitvoere 'n hupstoot
Groenekonomie-intervensies	Laat energie-veerkrachtigheid toe: energie en water
Massa- openbare indiensnemingsintervensies	Verbeter werkgeleenthede en vaardighede vir werklose mense
Makro-ekonomiese intervensies	Gemak van sake doen

Werk nou

Die covid-19-pandemie het die ekonomiese uitdagings wat deur die nasionale en provinsiale ekonomieë ervaar is, vererger. In reaksie hierop het die Wes-Kaapse regering 'n herstelplan met werk as 'n kerntema ontwikkel. Die Werk-tema in die Provinsiale Wes-Kaapse herstelplan bou op die Werk nou-plan.

Die Werk nou-plan is die onmiddellike reaksie op die ekonomiese krisis en dis 'n aksie-gerigte responsplan wat onmiddellik verligting verskaf het deur huishoudings van 'n inkomste te voorsien. Dit het ook momentum verskaf om die sistemese uitdagings rondom werkverskaffing te takel.

Die Werk nou-plan was 'n komponent van die breër Werk-tema in die Wes-Kaapse herstelplan, waarvan die kerndoelwitte die volgende was:

- 'n Dringende inspuiting om te help om van kapitaal en werk in die ekonomie en huishoudings te gee
- Die skep en behoud van werk te ondersteun
- Sake- en verbruikersvertroue 'n hupstoot te gee

Die inisiatiewe van die Werk nou-benadering het die skep en behoud van byna 20 000 poste beteken.

Tabel 4: Werk nou – fokusareas

WERK NOU					
Kommunikasie om vertroue 'n hupstoot te gee					
Opskaling van werkgeleenthede vir werklose mense	'n Hupstoot aan privaat-sektor-belegging	Ondersteuning van kwesbare sektore (insluitend KMMO's en toerisme)	Gemak van sake doen	Laat hulpbron-sekerheid toe (energie en water)	Gee openbare infrastruktuur 'n hupstoot

By voltooiing van die Groei vir Werke-strategie sal dit die Wes-Kaapse herstelplan as die oorkoepelende ekonomiese strategie van die WKR vervang.

Groei vir Werke-strategie

Die Groei vir Werke-strategie (G4J) het 'n baie duidelike visie en doelwitte:

"Ons visie vir die ekonomie van die Wes-Kaap is een wat inklusiewe, uitskiet- ekonomiese groei bereik het, en wat volhoubaar, veerkrugtig en voorspoedig is – wat vertroue, hoop en welstand vir almal beteken."

"Om dit te bereik is ons doel dat die Wes-Kaap teen 2025 'n inklusiewe ekonomie van 1 triljoen Rand sal hê, wat teen tussen 4% en 6% per jaar groei. Dit kan bereik word deur 'n mededingende sake-omgewing daar te stel wat deur geleenthede en markgroei gedryf word wat deur die privaat sektor gelei word."

Die Groei vir Werke-strategie bevestig dat die Wes-Kaap se primêre fokus is om 'n bevorderlike sake-omgewing te skep, groeigeleenthede en markgroei te ondersteun. Dit het sewe prioriteitsfokusareas in Horison 1 wat die strategie in staat sal stel om suksesvol aan die visie te voldoen, soos in die onderstaande grafiek getoon word.



Priority Focus Areas for Horizon 1 (up to 2026)

						
Creating Growth Opportunities through Investment	Stimulating Market Growth through Exports and Domestic Markets	Energy Sustainability and Transition to Net Zero Carbon	Water Security and Resilience	Technology and Innovation	Infrastructure & Connected Economy (including mobility & logistics, broadband & digital transformation)	Improved Access to Economic Opportunities and Employability (skills & education, transport, housing etc)

Die primêre fokus van die Groei vir Werke-strategie is om die privaatsektor-geleide ekonomiese groei in staat te stel om presies dit te doen deur die skep van 'n sake-omgewing wat bevorderlik is vir groei. Die prioritisering van 'horizontale ondersteuners' is bedoel om bindende stremmings op ekonomiese groei te oorkom en te verseker dat ondersteunende maatreëls ondersteuning oor die hele ekonomie heen verskaf.

Horizontale ondersteuners het 'n impak oor die hele ekonomie heen. Die doel is om sistemiese en strukturele optimisering te verseker, aangesien dit sekerheid en vertroue vir die privaat sektor inboesem. Vorentoe sal die rol van die WKR wees om 'n ondersteunende en toelatende sake-omgewing te bou om mededingendheid te verhoog en ekonomiese en werkwerkverskaffingsgroei te versnel. Dit sal bereik word deur die grense van die konstiusionele mandaat van die Wes-Kaap tot die uiterste te beproef, en deur vennootskappe met alle vlakke van regering én die privaat sektor aan te gaan ten einde innoverend, doeltreffend en op skaal ondersteuning te bied.

Die departement sal inlyn met die Groei vir Werke optree, en steeds ook sy deel doen in die PSIP.

2. Tersaaklike hofuitsprake

Waar hofuitsprake ter sake is vir die bedrywighede van die departement, wordregsadvies ingewin, bestudeer en geïmplementeer, waar nodig.

Translation of graphic on PAGE 19 (PREVIOUS PAGE) - Outside circles: Versterk geografiese sinergieë en ruimtelike oorgange en katalisators

Circles: Top: Ondersteun 'n toelatende sake-omgewing;

Left: Stimuleer markgroei;

Right: Ondersteun groeigeleenthede Centre Groei vir werke Sinregie vir uitskiet- inklusiewe ekonomiese groei in die Wes-Kaap

Bottom text: Prioriteitsfokusareas vir Horison 1 (tot en met 2026) 1: Skep groeigeleenthede deur belegging; 2 Stimuleer markgroei deur uitvoere en binnelandse markte; 3 Energievolhoubaarheid en oorgang na nul koolstof; 4 Watersekerheid en -veerkragtigheid; 5 Tegnologie en innovering; 6 Infrastruktur en gekoppelde ekonomie (insluitend beweeglikheid en logistiek, breëband- en digitale transformasie; 7 Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid (vaardighede en onderrig, vervoer, behuising, ens.)

A

OUR MANDATE







DeatB

ONS STRATEGIE SE FOKUS

Deel B: ONS STRATEGIESE FOKUS

3. Bygewerkte situasie-analise

3.1 Eksterne omgewingsanalise

Impak van die globale ekonomie

In die afgelope twee jaar het twee gebeurtenisse die globale ekonomie oorheers: die covid-19-uitbreking in 2020 en Rusland se inval in Oekraïne in Februarie 2022. Volgens die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) word verwag dat verskeie faktore, insluitend oorlog, die invloed daarvan op kommoditeitsmarkte en verskaffingskettings, stygende inflasie, strenger monetêre beleide en swakker fiskale ondersteuning die groei in globale markte en opkomende en ontwikkelende ekonomiese in 2022 en verderaan wesenlik sal laat afneem. Die Wêreldbanks beraam dat die globale ekonomie in 2021 met 5,9% gegroeи het, en dat dit in 2022 met 2,9% behoort te groei, waarna dit in 2023 tot 'n geprojekteerde 1,7% sal afneem.¹ Dit is merkbaar laer as die 3% wat in die Junie 2022-opdatering voorspel is, wat hoofsaaklik gedryf word deur gelyktydige en vinniger as voorheen verwagte strenger monetêre beleide, wat daarop gemik is om die vinnig stygende hoë inflasie, swakker finansiële toestande en voortslepende ontwrigtings weens die Russies-Oekraïnse oorlog hok te slaan.² Die ekonomiese impak van die oorlog word steeds meer direk in kommoditeitsmarkte, internasionale handel en voedselprys gesien, wat reeds 'n disproportionele impak op lae-inkomstebevolking het.

As een van die grootste uitdagings wat die globale ekonomie in die gesig staar, bly inflasie steeds 'n belangrike risiko vir ekonomiese groei. Verskeie lande gaan hulle bes probeer om inflasie tevermy. Prysverhogings gaan steeds ongebredied voort en bereik hoogtes wat dekades gelede voorgekom het, en is nou hoër as verwagte teikens, wat rentekoersverhogings in Suid-Afrika tot gevolg het, en bly 'n kernrisiko vir selfs die Wes-Kaapse ekonomiese groei. Hoewel globale prysverhogings die gevolg van verskillende gebeure is, is verskeie oorsake van inflasie egter onder die beheer van die beleidmakers; daarom dat sentrale banke die rentekoerse verhoog om die koste van geleende geld te verhoog, wat op sy beurt die aanvraag laer druk – soos wat tans die geval in Suid-Afrika, Europa en die Verenigde State is. Regerings reg oor die wêrelde het reeds erken hulle kan sóveel doen om inflasie te beveg.

Hoewel die fokus nie slegs op die Russies-Oekraïnse oorlog en die ontwrigting as gevolg daarvan behoort te wees nie, het hierdie oorlog ook begin huis toe globale voedselprys begin klim het. Globale prysse het eerstens begin verhoog weens China se groot en volgehoue invoer van graan en oliesade om sy voorraad aan te vul en die varkbedryf uit te brei, in reaksie op die Afrika-varkgriepkrisis. Tweedens het die droogte van 2019/20 tot 2020/21 in Suid-Amerika die produksie van mielies en sojabone in hoofprodusentelande soos Brasilië en Argentinië negatief beïnvloed, wat ondeskeidelik 14% en 50% van die wêrelde produksie van mielies en sojabone verskaf, negatief beïnvloed. Laastens het Indonesië, wat 54% van die wêrelde se palmolie in waarde uitvoer, die afgelope vyf jaar met die uitdaging van swak weersomstandigehede te kampe gehad. Suid-Afrika het egter vanaf 2019/20 tot 2022/23 drie opeenvolgende goeie reënseisoene en groot landbouproduksie ervaar.³ Suid-Afrika se korrelasie met die globale landboumark verklaar waarom prys nie gedaal het, soos almal verwag het nie. 'n Toename in insetkoste soos kunsmis bly egter 'n belangrike bedreiging vir die Wes-Kaap, gegewe die belangrikheid van die landboubydrae vir die provinsie.

Suid-Afrika se ekonomiese impakte

Selfs voor die covid-19-pandemie was die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds in 'n krisis. In die derde kwartaal van 2022 het 'n Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) met 1,6% toegeneem, nadat daar in die tweede kwartaal van 2022 'n afplatting na 0,7% was. Volgens IHS Markit word verwag dat Suid-Afrika se BBP in 2022 met 1,8% sal groei, waarna dit in 2023 effens sal daal tot 1,4%. Daar is dus inderdaad 'n behoefte aan 'n ondersteunende omgewing vir meer beduidende ekonomiese groei.

Suid-Afrika se amptelike werkloosheidsyfer bly steeds hoog op 32,7% in 2022 K4, wat die land se groot uitdaging met werkloosheid uitlig. Werkloosheid onder die jeug (15-34 jaar) bly ook steeds hoog, met 'n syfer van 45,3% in die vierde kwartaal van 2022, wat 0,2%-punte laer is as die vorige kwartaal.⁴ Dit beklemtoon egter steeds die voortdurende kwesbaarheid van die jeug in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. Die regering en talle belanghebbers reageer met inisiatiewe vir jeugindiensneming en meer befondsing vir hoër onderrig, maar die skaal van die uitdaging vereis strukturele sosio-ekonomiese skuiwe.

¹ Sien <https://openknowledge.worldbank.org/bitstream/handle/10986/38030/GEP-January-2023.pdf>

² Ibid

³ <https://wandilesihlobo.com/2022/07/12/food-prices-in-south-africa/>

⁴ <https://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02114thQuarter2022.pdf>

Statistieke Suid-Afrika het onthul dat die jaarlikse verbruikersprysinflasie in November 2022 7,4% was, wat effens laer is as die 7,6% van die vorige maand. Dis is egter ontstellend dat die inflasiekous tot bo die Suid-Afrikaanse Reserwebank se monetêrebeleidsinflasieteiken van 6%. Die bgroute items tot die inflasiekous van 7,4% was voedsel en nie-alkoholiese drank, behuising en nutsdienste, vervoer en verskeie ander produkte en dienste.

In November 2022 het die Suid-Afrikaanse Reserwebank met die aankondiging van 'n verhoging van 75 basispunte die repokous op 7% gestel en daarvan die neiging van verhoogde rente van die vorige klompie maande voortgesit. Die SARB het 'n baie streng houding oor monetêre beleid ingeneem en verdere renetkoersverhogings kan verwag word. Met die jongste verhoging staan die prima-uitleenkoers nou op 10,5%.⁵

Die Suid-Afrikaanse Sakevertoue-indeks (SVI) het reeds voor covid-19 afwaarts geneig en met 5 punte tot sy laagstevlak gedaal weens die pandemie. Sedert die tweede kwartaal van 2020 het dit skerp gestyg, wat 'n aanduiding kan wees dat dit van die impak van die covid-19-pandemie herstel en dat daar 'n verbetering in ekonomiese aktiwiteit is. In die vierde kwartaal van 2022 het die Suid-Afrikaanse SVI met een indekspunt van 39 tot 38 gedaal, wat steeds onder die neutrale punt van 50 is. Die swaar beurtkrag en toename in brandstofpryse gaan steeds 'n negatiewe invloed op die SVI hê soos wat produksiekoste styg.

In die geval van handel het Econometrix aangekondig dat Suid-Afrika se handelsbalans in Oktober 2022 met meer as verwag gedaal het en op 'n tekort van -R4,3 miljard te staan gekom het, vergeleke met 'n opwaarts aangepaste surplus van R26,2 miljard in September 2022. Dit is die eerste handelstekort in 30 maande en breek die beduidendste handelsoorskot op rekord. Baie hiervan kan aan binnelandse ontwrigtings van uitvoervolumes toegeskryf word, wat in die komende termyn uitgeklaar behoort te word. Nogtans is globale makro-ekonomiese kragte nie in Suid-Afrika se guns nie, en 'n kleiner handelsbalans kan in die toekoms verwag word.⁶

Beurtkrag bly 'n geweldige probleem vir Suid-Afrika se ekonomiese groei, en die Suid-Afrikaanse Kamer van Handel en Nywerheid (SAKHN) waarsku dat die groei van KMMO's in die land negatief geraak word deur beurtkrag en dat dit waarskynlik verdere werkverliese tot gevolg sal hê.⁷ Luidens 'n verslag deur Meridian Economics was 2021 tot dusver die slegste jaar in terme van totale energieverlies, met 1 900 uur van energie wat nie gediens is nie, wat ongeveer gelyk is aan 1% van die vraag na energie in Suid-Afrika. Die hoofsoort van beurtkrag was die onvoldoende steenkoolfloot en swak aankope en die verbinding van nuwegerasiekrag aan die nasionale netwerk om aan die huidige vraag na elektrisiteit te voldoen.⁸

Maatskaplike onrus weens die lewenskostekrisis in Suid-Afrika bly steeds 'n bedreiging vir sakebedrywighede, veral sakeversekeringsmaatskappye. Suid-Afrikaanse sake het skade van geraamde R50 miljard gely weens die opstande van 2021 in KwaZulu-Natal. Dié onrus het ook tot 'n afname van 1,5% in die BBP in die derde kwartaal van 2021 gelei en altesam 150 000 werkgeleenthede was op die spel.⁹ 'n Dreigende 'Nasionale Afskakeling' wat 'n gevolg van die voortslepende toename in lewenskoste is, kan dalk meer skade aan die brose ekonomiese herstel ná covid-19 aanrig.

Wes-Kaapse ekonomiese impak

Die heersende ekonomiese en fiskale klimaat bly steeds 'n uitdaging vir die Wes-Kaapse ekonomie. Die impak van ekonomiese skokke, stagflasie – verstadigende ekonomiese groei en stygende minflasie – strenger monetêre toestande en beurtkrag bly steeds haper aan die herstel van die reeds kwesbare ekonomie en groei in werkgeleenthede. IHS Markit het beraam dat die Wes-Kaapse ekonomie in 2021 met 5,2% gegroeï het, en 'n matige groei van 1,9% word in 2022 verwag, waarna dit in 2023 verder sal val tot 1,5%. Dit staan in skrille kontras met die PERO 2022-voorspelling van 0,3% vir 2023.

5 <https://businessstech.co.za/news/finance/627874/economists-send-warning-to-consumers-in-south-africa-after-rate-hike/>

6 https://mcusercontent.com/b7c3bd458af3babaaef436d14e/files/89fa33e9-fac7-23ac-80ee-363da5da65da/Trade_Sep_22_JL.pdf

7 <https://www.sabcnews.com/sabcnews/loadshedding-will-negatively-affect-sas-economic-recovery-sacci/>

8 <https://meridianeconomics.co.za/wp-content/uploads/2022/06/Resolving-Load-Shedding-Part-A-2021-analysis-01.pdf>

9 <https://mg.co.za/business/2021-12-08-july-unrest-proves-sparks-of-social-unrest-pose-a-risk-to-economic-growth/>

'n Oorsig van groeikoerse deur Wes-Kaapse distrikte toon dat die hoogste groeikoers in 2022 in die Weskus-distrik verwag word (2,1%). Die onderstaande tabel toon jaarlikse gemiddelde groeikoerse teenoor 2015-konstante pryse.

BBP-jaarliksegroeikoers (Konstante 2015-pryse)							
	Wes-Kaap	Stad Kaapstad	Weskus	Kaapse Wynlande	Overberg	Tuinroete	Sentraal-Karoo
2018	1,7%	1,6%	2,0%	1,7%	1,9%	1,5%	2,9%
2019	0,4%	0,4%	0,8%	0,6%	0,4%	-0,1%	1,%
2020	-5,6%	-5,6%	-4,8%	-5,7%	-5,1%	-5,9%	-5,2%
2021	5,2%	5,0%	6,4%	5,4%	6,4%	5,3%	6,6%
2022*	2,0%	2,0%	2,1%	1,7%	1,9%	1,9%	2,0%

Bron: IHS Rex

* 2022-syfers is beramings

Die Wes-Kaapse BER Sakevertroue-indeks(SVI) het in die vierde kwartaal van 2022 met 8 indekspunte tot 34 indekspunte geval, nadat dit in die derde kwartaal van 2022 op 42 indekspunte gestaan het. Die provinsiale SVI het 'n hele aantal opeenvolgende kwartale onder die neutrale punt van 50 gebly, wat ontmoedigend vir die provinsiale ekonomiese groeihersteltrajek en beleggingsvooruitsigte is.

Volgens die Kwartaallikse Arbeidsmagopnames (KAMO's) vir die vierde kwartaal van 2022 was die uitslae van die Wes-Kaapse markte positief. Kwartaal-op-kwartaal-indiensneming in die provinsiale ekonomie het met 167 000 werkgeleenthede toegeneem, met 'n jaar-op-jaar-toename van 333 000 werkgeleenthede.

Die amptelike werkloosheidsyfer in die Wes-Kaap het kwartaal op kwartaal met 2% afgeneem – van 24,5% in die derde kwartaal van 2022 tot 22,5% in die vierde kwartaal. In vergelyking met ander provinsies het die Wes-Kaap die tweedelaagste werkloosheidskoers van 22,5%. Dit is beduidend laer as die land se werkloosheidskoers van 32,7%. Hoewel die markuditgings in die Wes-Kaapse ekonomie beter as die nasionale prentjie is, is dit steeds beduidend. In die vierde kwartaal van 2022 het die getal mense van werkende ouderdom in die bevolking van die Wes-Kaap op 4,94 miljoen gestaan. Daar was 1,6 miljoen mense wat nie ekonomies aktief was nie, insluitend 106 000 mense wat as ontmoedigde werksoekers gekategoriseer is. Van die 3,35 miljoen in die nou werkgang het 2,6 miljoen 'n werk gehad, terwyl 752 000 werkloos was, wat 'n oorkoepelende werkloosheidskoers van 22,5% beteken.

Die Wes-Kaap het die hoogste werkabsorpsiekoers in Suid-Afrika, wat in die vierde kwartaal van 2022 op 52,6% ges'taan het, wat heel waarskynlik tot die soekgedrag van die werkloses sal bydra. 'n Hoër werkabsorpsiekoers beteken 'n groter persentasie van mense wat werk soek, kry wel werk in die provinsie. Dit is 13,2 persentasiepunte hoër as Suid-Afrika se absorpsiekoers van 39,4%. Die oorkoepelende prestasie van die Wes-Kaapse arbeidsmark relatief tot die res van Suid-Afrika dui aan dat die provinsie beter ekonomiese geleenthede bied en meer inklusief as ander provinsies is.

Internasionale toerisme in die Wes-Kaap het beduidend van die covid-19-inperkingsmaatreëls herstel wat teen die einde van Maart 2020 ingestel is. Tussen Januarie en Desember 2022 het die Kaapstadse Internasjonale Lughawe 597 478 buitelandse besoekers aangeteken, wat 'n wesenlike 322% meer as in 2021. Die 2022 -toerismesyfers weerspieël 'n 96%-herstelkoers van 2019. In 2022 het die meeste buitelandse besoekers (18,1%) van die VK gekom, gevvolg deur Duitsland (15,6%), die VSA (13,7%) en Nederland (6,6%).¹⁰

10 Provincial Treasury. Cabinet Meeting 27 February 2023: Update on Jobs Priority.

3.2 Interne omgewingsanalise

Visie

Die visie van die departement is 'n Wes-Kaap wat 'n lewenskragtige, innoverende en volhoubare ekonomie het, wat deur ekonomiese groei en werkverskaffing gekarakteriseer word.

Missie

Ten einde die visiestelling soos hier bo uitgedruk, te verwesenlik, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme voortgaan om kwalitatiewe leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie te lewer deur die departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede te identifiseer en sy bydrae tot regerings-ekonomiese prioriteite.

Die departement sal die implementering van die Werke-tema van die Wes-Kaapse herstelplan en provinsiale strategiese plan (2019–2024), soos in die Provinciale strategiese implementeringsplan (PSIP) uiteengesit is, ondersteun. Die departement sal gedurende 2023/24 tot die laaste deel van sy lewering tot die vyfjaar-PSP deur die PSP en belyning met die G4J bydra. Die G4J sal die oorkoepelende strategie wees wat die in hierdie verband leiding sal gee aan die DEOT.

Die departement se vyfjaar- strategiese plan sal ook die produktiewe en mededingende vermoë van die provinsiale ekonomie bevorder. Sedert die uitbreek van die covid-19-pandemie is sekere aanduiders in die departementele vyfjaar- strategiese plan gewysig in reaksie op die veranderende ekonomiese omgewing. Die Jaarlikse Prestasieplan het is sy respons op die omgewingsveranderinge sy klem op die gemak van sake doen-aspek verhoog.

Die departement se vyfjaar- strategiese plan (met die aanvanklik geïdentifiseerde prioriteite van Gemak van sake doen, Uitvoere en belegging, Ondernemingsontwikkeling, Vaardighedsontwikkeling en Energie-veerkragtigheid) bly steeds deeglik belyn met die Werke-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan, die Provinciale Strategiese Implementeringsplan en die G4J-strategie. Die G4J-prioriteitsfokusareas vir Horison 1 (tot en met 2026) is as volg:

- Skep geleenthede tot groei deur belegging
- Stimuleer markgroei deur uitvoere en binnelandse markte
- Energie-veerkragtigheid en oorgang na geen koolstof
- Watersekerheid en -veerkragtigheid
- Tegnologie en innovering
- Infrastruktur en gekoppelde ekonomie (insluitend mobiliteit en logistiek, breëband- en digitale transformasie)
- Verbeterde toeganklikheid tot ekonomiese geleenthede en indiensneembareheid (vaardighede en onderwys, vervoer, behuising, ens.).

Instaatstellers van departementele vyfjaar- strategiese plan

Die departementele vyfjaar- strategiese plan omsluit die vyf prioriteite soos hier bo uiteengesit, en lewer ook ondersteunende prioriteite wat daarop gemik is om die geleenthede vir groei te verbeter. Hulle is:

- Verbeter produktiwiteit en mededingendheid
- Munisipale ondersteuning en die ontwikkeling van KMMO's
- Ekonomiese intelligensie en dataanalise
- Ekonomiese voorspraak en wetgewende mandaat.

Ten einde die ekonomie te laat groei is dit belangrik om 'n mededingende voordeel in sekere sektore en nywerhede te skep. Dit kan bereik word deur produktiwiteit te verbeter, wat deur ekonomiese intelligensie en data-analise ingelig kan word. Om die ekonomie te laat groei sal 'n deeglike begrip van bestaande en nuwe markte vir huidige uitvoerkommoditeite vereis wat die Wes-Kaap in kernsektore kan produseer.

Produktiwiteit en mededingendheid sal ook verbeter word deur ondersteuning aan die klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's).

Beleggings is sensitief vir persepsies en gevvolglik vir ekonomiese voorspraak ook. Dit is belangrik om ekonomiese intelligensie en data-analise te gebruik ten einde sake en verbruikersvertroue te bevorder. Belegging is ook 'n kernkomponent van 'n groeistrategie vir uitvoere weens die steeds stygende behoefte vir produksie-aktiwiteit wat verskeie kapitale vereistes tot gevolg sal hê, afhangend van die aktiwiteite in die onderskeie sektore en nywerhede.

Indien die provinsie steeds goeie bestuurstoesig wil voortsit en bevorder en werk wil skep en die ekonomie wil laat groei, moet dit munisipaliteit ondersteun ten einde ruimtelike ekonomiese ontwikkeling te verseker. Dit sal die aanvaarding van 'n inklusiewe ekonomiese-ontwikkellingsbenadering insluit. Inklusiewe ruimtelike ekonomiese ontwikkeling vereis dat die provinsie 'n duidelike ekonomiese vooruitsig moet hê en munisipale ekonomie moet ondersteun.

Ekonomiese voorspraak speel 'n belangrike rol in die smee van vennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale spelers, wat die groei van die streeksektor en werkverskaffing beïnvloed. Hierdie benadering het waardering vir die feit dat elke instelling in die Wes-Kaap 'n rol het wat hulle moet speel, en 'n mandaat, en binne hierdie onderskeie mandate en rolle kan hierdie instellings positief bydra tot ekonomiese persepsies van die Wes-Kaap. Doeltreffende ekonomiese voorspraak vereis dat die boodskap van die waardevooruitsigte van ekonomiese geleenthede in die Wes-Kaap op 'n samehangende en voortgaande basis saamgestel en gekoördineer moet word.

Ondersteuning aan die KMMO's sal dit vir ondernemings, van die kleinste nedersetting-KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers makliker maak om sake te doen.

Waardes

Die kernwaardes van die departement is:

- *Omgee:* Om om te gee vir diegene vir wie ons dien en met wie ons werk
- *Bevoegdheid:* Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is
- *Verantwoording:* Ons aanvaar verantwoordelikheid
- *Integriteit:* Om eerlik te wees en die regte ding te doen
- *Innovering:* Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings van probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel
- *Bereidheid om te reageer:* Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien

Bygewerkte organisatoriese omgewing

In oorleg met die Wes-Kaapse Regering se fokus op Groei vir Werke (G4J) is dit die doel van die departement om, as deel van 'n heelregeringbenadering, veel hoër vlakke van ekonomiese groei in die provinsie te bereik. Die departement sal dit regkry deur die sukses van die privaat sektor te gebruik en 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir groei en werke in die Wes-Kaap.

Ten einde hieraan uitdrukking te gee sal die departement se Arbeidsmagplan 2021-2026 as middel dien om te verseker dat die departement sy mensekapitaal optimaal gebruik en ontwikkel om behendigheid en geïntegreerde dienslewering te verseker. Dit sal gebeur deur die identifikasie en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese kapasiteit, waardes en bevoegdheid-gebaseerde werwingspraktyke en die ontwikkeling en implementering van die oorgang na 'n nuwe manier van werk, naamlik die departementele inwoner-gesentreerde implementeringsplan.

Die departement is tans in gesprek met die Hoofdirektoraat: Organisatoriese Ontwikkeling oor die ontwikkeling van 'n dienslewingsmodel in lyn met die departement se strategiese fokusareas en 'n doeltreffende veranderingsbestuursimplementeringsplan en -strategie om werknemers by te staan om by die "nuwe manier van werk" aan te pas. Departementele organisatoriese struktuur en mensehulpronne sal daarvolgens belyn word met die einddoel van die G4J-strategie.

Die proses van vaardigheidsverbetering word getakel deur 'n vaardigheidsoudit wat in die vooruitsig gestel word, wat die huidige vaardighede in die departement sal identifiseer, teenoor wat vereis word om optimale dienslewering te verseker, met prioriteitsareas wat met die G4J-strategie blyn is. Hierdie proses sal intern en in konsultasie met die Korporatiewedienstesentrum bestuur word.

Die departement het 'n Gendergelykheidsforum gestig wat tweejaarliks vergader om gapings en intervensies te takel wat deur die Openbaresektorvroue-in-bestuurs-vergadering uitgelig is, wat daarop gemik is om genderhoofstroming in 'n steeds veranderende omgewing te hanteer.

Die departement kan met trots verklaar dat hy die geleentheid gebruik om mense met gestremdhede te ondersteun en billike akkommodasie voorsien deur nou met die Koöperatiewedienstesentrum saam te werk om te verseker dat sake wat met toeganklikheid verband hou, deur sy Gendergelykheids- Strategiese Raamwerkplan en Werktoegangs- Strategiese Raamwerkplan getakel word.

Voortgaande intervensies word met werknemers gehou om hulle bewus te maak van menseregte (insluitende die prioriteitsgroepe) oor gapings in seksuele teistering, gestremdheid en genderongelykheid.


Die departement gee voortdurend aandag aan sy menseregteverpligte teenoor inwoners en die geïdentifiseerde Prioriteitsgroepe deur verskeie maatreëls, insluitende:

- Die Ondernemingsontwikkelingseenheid sal steeds ondersteuning aan toegewese groepe soos vroue, die jeug en mense met gestremdhede prioritiseer deur inisiatiewe wat op bystand aan KMMO's gefokus is, insluitend formele, informele landelike en township-ondernehmings. Die eenheid sal, waar moontlik, na vennootskappe streef wat ondersteuning aan aangewese groepe bied.
- Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer (Program 4) sal verskeie verbruikersgroepe, insluitend die jeug, ouer vroue, en mense met gestremdhede deur verbruikersopvoedingsintervensies teiken. Die intervensies sal oor die provinsie heen aangebied word en sal op die bewusmaking van verbruikersregte en basiese finansiële geletterdheid vir inwoners fokus.
- Breëband vir die ekonomie (Program 5) sal op die jeug gerig wees, met 'n opleidingsprojek in saailing-stadium sakevaardighede, en deur digitale transformasie te dryf met behulp van die bevordering en befondsing van inisiatiewe vir digitale produktiwiteit.
- Toerismesektortransformasie (Program 6) sal op vroue en die jeug gemik wees deur die ontwikkeling van toergidse as deel van die registrasie- en ontwikkelingsdiens aan die gidsgemeenskap.
- Die Vaardigheidsontwikkeling- en Innoveringsprogram (Program 7) sal die skep van 'n toelatende omgewing faciliteer om 'n beter ewewig tussen die aanbod van en nywerheidsvraag na vaardighede te dryf. Die program sal aktief streef na vennootskappe om besluitnemers en beleidmakers te beïnvloed wat die mandaat het in die onderrig en naskoolse middel om sistemiese veranderinge te dryf wat toegang aan die jeug en huidige arbeidsmag met tersaaklike vaardighede gee sodat hulle moontlik in diens geneem kan word. Ter ondersteuning van die ontwikkeling van mensekapitaal en die provinsiale werkmag sal die program menseregte vir die jeug voorop stel in hulle hoofstroombenadering.

Sake wat met IKT (Inligting- en kommunikasietegnologie) verband hou, word deur die departement se IKT-loodskomitee bestuur. Die IKT-loodskomitee wil doeltreffendheid en produktiwiteit in die werkplek maksimaliseer deur die toepaslike gebruik van die IKT vir die maksimale impak op dienslewering. Die sekondêre doelstelling is om die beweging vir die departement te lei sodat dit data-gedreve en bewysgerig in sy besluitneming kan wees, gegrond op data-analise. 'n Visie vir die IKT in die DEOT is in 2021/22 ontwikkel en sommige aspekte daarvan is in werking gestel, maar die werk is voortgaande van aard.

Hierdie komitee sluit verteenwoordigers van die program op senior bestuursvlak in, ondersteun deur verteenwoordigers van die Sentrum vir e-Innovering. Die komitee voorsien leierskap vir die IKT deur die belyning van doelwitte, strategiese doelstellings en prosesse van die departement. Voorts prioritiseer die komitee die IKT-belegging, hersien en beveel voorgestelde IKT-projekte aan, bestuur die totale koste van eienaarskap van die IKT-projekte en verteenwoordig die departement by die provinsiale IKT-loodskomitee.

Organisatoriese struktuur





Oorsig van die 2023/24-begroting en MTER-beramings

Program R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming				
	Geoudit	Geoudit	Geoudit					% verandering van hersiene beraming			
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2022/23	2024/25	2025/26	
1. Administrasie	56 914	62 678	54 841	59 252	59 031	58 805	51 801	(11,91)	53 363	55 457	
2. Geïntegreerde ekonomiese ontwikkeling		66 271	89 355	53 204	56 187	47 839	47 839	58 914	23,15	62 505	63 099
3. Handel- en sektorale ontwikkeling		61 530	69 342	73 976	72 221	74 799	74 799	85 699	14,57	87 822	91 045
4. Sakeregulering en bestuurstoesig		9 058	7 248	9 392	10 243	10 636	10 636	11 667	9,69	11 753	11 818
5. Ekonomiese beplanning		181 807	143 560	157 255	146 533	150 354	150 354	131 123	(12,79)	135 633	125 971
6. Toerisme, kuns en vermaak		58 148	76 578	74 161	74 125	71 515	71 741	74 393	3,70	78 315	81 700
7. Vaardigheidsontwikkeling en innovering		65 055	81 950	70 567	96 237	95 856	95 856	99 190	3,48	90 428	99 336
Totale betalings en beramings	498 783	530 711	493 396	514 798	510 030	510 030	512 787		0,54	519 819	528 426



DTS3230E

DTS 1953 E



The background image shows a coastal railway bridge made of concrete pillars and metal railings, curving along a rocky shoreline. The water below is calm with some ripples. The surrounding land is covered in green vegetation and rocks.

Daet C

ONS
PRESTASIE-
METING

Deel C: ONS PRESTASIEMETING

C

ONS PRESTASIEMETING

Institutionele programprestasie-inligting

4. Program 1: Administrasie

4.1 Doel

- Om sterk, innoverende leierskap te voorsien, en om skoon doeltreffende en koste-effektiewe deursigtige en responsiewe korporatiewe dienste aan die departement te lewer.

4.2 Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof

4.2.1 Doel

- Om administratiewe kwessies oor departemente heen te bestuur, aangesien dit met die eparateerde programme en projekte verband hou
- Om leierskap en rigting aan die departement te voorsien
- Om 'n doeltreffende oorsigfunksie van die departement se mandate en funksie te bied.

4.3 Subprogram 1.2: Finansiële bestuur

4.3.1 Doel

- Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te voorsien
- Om die implementering van die WBOF en ander verwante finansiële regulasies en beleide te verseker
- Om beplanning- en begrotingsondersteuning aan die departement te bied
- Om voorsiening te maak vir die onderhoud van bates.

4.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde finansiële bestuurstoesigheid	Geprosesseerde betalingsaan krediteure binne 30 dae	1.1 Getal dae vir die prosessering van betalingsaan krediteure	Betaling aan krediteure binne 15,88 dae	Betaling aan krediteure binne 24 dae	Betaling aan krediteure binne 25 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
	Kumulatiewe besteding as 'n persentasie van die begroting (werklike besteding/Aangepaste begroting)	1.2 Persentasie kumulatiewe besteding bereik (Werklike besteding/Aangepaste begroting)	98% (R498 783 000)	99,2% (R530 711 000)	99% (R493 396 000)	98%	98%	98%	98%
	Doeltreffendheidsintervensies suksesvol geïmplementeer	1.3 Getal finansiële doeltreffendheidsintervensies geïmplementeer	7	5	6	2	2	2	2
	Opleidingsessies uitgevoer re finansiële handleiding	1.4 Getal opleidingsessies uitgevoer re finansiële handleiding	12	13	12	12	12	12	12
	Kliëntediens-tevredenheid bereik	1.5 Persentasie kliëntediens-tevredenheid bereik	-	-	74%	70%	70%	70%	70%
	Eksterne oudit-aanbevelings geïmplementeer	1.7 Persentasie van ouditeur-generaal se aanbevelings geïmplementeer	-	100%	100%	100%	100%	100%	100%

4.3.3 Subprogram 1.2: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.1	Getal dae vir die prosessering van betalings aan krediteure	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae
1.2	Percentasie kumulatiewe besteding bereik (werklike beswteding/aangepaste begroting)	98%	-	-	-	-	98%
1.3	Getal doeltreffendheidsintervensies geïmplementeer	2	-	-	-	-	2
1.4	Getal opleidingsessies vir finansiële handleiding onderneem	12	-	-	-	-	12
1.5	Percentasie kliëntedienstevredenheid bereik	70%	-	-	-	-	70%
1.7	Percentasie van ouditeur-generaal se aanbevelings geïmplementeer	100%	-	-	-	-	100%

4.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Ten einde belyning met die Mediumtermyn- strategiese raamwerk en die Proviniale Strategiese Plan 2019-2024 te verseker sal 'n sterk fokus in die komende boekjaar geplaas word op die verbetering van doeltreffendheid binne die finansiëlebestuurstelsels en die vermindering van onnodige en omslagtige prosesse sodat dienslewering effekief, doeltreffend, innoverend en kliëntgerig is. Om dit te bereik verg 'n hersiening van die beleidsraamwerk en die assessering van verskeie prosesse en raamwerke om rompslomp in die stelsel te verminder en terselfderyd daardeur bestuurtoesig en verantwoordbaarheid te optimaliseer.

In hierdie opsig erken Finansiële Bestuur die belangrikheid van die verbetering van die professionalisme van sy personeel deur die kennisbasis van alle personeellede wat die behoeftes van die departement dien, te verhoog. Die sleutel om dit te bereik is die verbetering van begrip van wat en waarom die departement verskeie intervensies onderneem, en hoe hierdie intervensies die individuele motiverings en waardes ondersteun.

Die departement sal voortgaan om sy diensleweringsteikens te verbeter deur die leweringstyd vir betaling aan verskaffers aan die departement te verbeter, en ook om bestuurtoesigstandarde en -uitkomste te verbeter ten einde te verseker dat fondse wat aan die departement toegewys is, bestee word waar dit die nodigste is om die lewe van die inwoners van ons provinsie te verbeter.

Met verwysing na bogenoemde bly die bereiking en bestuur van die hoogste vlak van finansiële bestuurtoesig die langtermyn- inklusiewe strategie wat op nakoming, 'n kultuur van prestasie, belanghebbersteun en dienslewering berus. As een van die belangrikste aanduiders van goeie finansiële bestuurtoesig verg die doelwit van 'n objektiewe en ongekwalifiseerde ouditmening die effektiewe en doeltreffende bestuur van alle prosesse.

4.3.5 Subprogram 1.2: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting van die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Riskoverligting
Verbeterde finansiële bestuurtoesig	Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde ouditmnening te behaal weens materiële wanvoorstellings of materiële nie-nakoming in hoërisikoterreine soos Oordragbetalings, Mensehulpbronbestuur, Oudit op voorafbeaalde doelwitte en Verskafferskettingbestuur as gevolg van 'n ondoeltreffende of onvoldoende beheeromgewing.	<ul style="list-style-type: none"> 'n Jaarliks bygewerkte en volgehoud handleiding oor departementele finansiële beleid oor afwenteling van gesag. Voltooiing van akkurate en volledige finansiële state. Versekering verskaf vir hoërisikoterreine. Opleiding van finansiële bestuur van lynfunksies om bevoegdheid te verseker. Opleiding van finansiëlebestuurpersoneel om bevoegdheid te verseker.

4.4 Subprogram 1.3: Korporatiewe dienste

4.4.1 Doel

- Om 'n strategiese ondersteuningsfunksie aan die departement te verskaf
- Om die lewering van IKT, mensekapitaal, korporatiewe versekerings, wetlike en kommunikasiestude dienste aan die departement te verseker
- Om departementele prestasie te monitor en te evalueer
- Om kennis en inligtingstelsels en verslae te ontwikkel en bestuur, en die IKT te koördineer.

4.4.2 Monitering van departementele prestasie

4.4.2.1 Monitering van departementele prestasie: Uitkomste, uitsette, aanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Funksionele M&E-stelsel wat strategiese steun aan die departement verskaf	Uitkoms-moniterings-verslae word gelewer	1.8 Getal uitkoms-moniterings-verslae gelewer	-	1	1	1	-	-	-	-
	Uitset-moniterings-verslae word gelewer	1.9 Getal uitset-moniterings-verslae gelewer	4	4	5	2	-	-	-	-
	Moniterings-verslae assesseer die vordering van departementele nie-finansiële prestasie	1.9.1 Getal moniterings-verslae gelewer wat die vordering van departementele nie-finansiële prestasie assesseer	-	-	-	-	2	2	2	2
	M&E-kapasiteitsbou onderneem	1.10 Getal kapasiteitsbousessies oor M&E-begrippe onderneem	-	4	3	2	3	2	2	2

4.4.2.2 Monitering van departementele prestasie: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.9.1	Getal moniterings-verslae gelewer wat die vordering van departementele nie-finansiële prestasie assesseer	2	-	1	1	-
1.10	Getal kapasiteits-bousessies oor M&E-begrippe onderneem	3	-	1	1	1

4.4.2.3 Hersiening en bywerking van verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermmyndelperk

Die Suid-Afrikaanse regering se beleidsraamwerk ten opsigte van Monitering en Evaluering as 'n strategiese bestuursmiddel wat in departemente gelewer word, word vervat in onder andere:

- Regerings-wye M&E-stelselraamwerk (Presidensie, 2007).
- Hersiene raamwerk vir strategiese planne en jaarlikse prestasieplanne (DPME, 2020).
- Hersiene evalueringsbeleidsraamwerk en riglyne (DPME, 2019).
- Raamwerk vir die bestuur van prestasie-inligting (Nasionale Tesourie, 2007).

In die departement poog die M&E-funksie om ons beplande resultate objektief te meet, te assesseer (evalueer) en daaroor verslag te doen, geleei deur die volgende planne, strategie:e en regeringsprioriteite:

- WKR se Groei vir Werke-strategie en verwante implementeringsplan (Jan. 2023)
- WKR se Provinciale Strategiese Plan 2019-2024 en PS-Implementeringsplan (DvdP, 2022)
- DEOT se Strategiese Plan 2020-2025
- DEOT se Jaarlikse Prestasieplanne, 2020/21-2024/25.

Met die departement se verfyning van sy M&E-benadering en prioriteite in 2023/24 sodat dit belyn is met die goedgekeurde provinsiale raamwerke wat prestasiemeting bestuur (bv. G4J-implementeringsplanne, DvdP se M&E-ramwerke), sal ons interne aanduider- (monitering) raamwerk ook dienooreenkomsig bygewerk word.

As jy uitkomste wil monitor, beteken dit hulle moet bestuur word. Tans gebruik die departement moniterings-meganismes wat nakoming en JPP-vordering insluit. 'n Sterker klem op die monitering van resultate is nou nodig, en deur die Uitkomstemoniteringsverslae poog die departement om sy moniteringsaktiwiteite strategies te rig om die uitkomste en uitwerking van programme of projekte wat dit ondersteun, na te spoor.

Data (inligting) is nodig wanneer gemoniteer of verslag gedoen word, en 'n gerigte poging sal hierdie jaar aangewend word om die departementele program te ondersteun in die bou van sy projekvlakinligting. Dit laat toe vir kumulatiewe verslagdoening en naspoor van vordering op 'n wyse wat bygewerkte en akkurate momentopnames van die prestasie van die departement voorsien, wat maklik nadergetrek kan word, en so vele verslagdoeningsbehoeftes toelaat.

Hoewel die monitering van resultate 'n noodsaaklikheid is, is dit ook 'n voorvereiste vir evaluering. Evaluering beteken die gebruik van streng navorsingsmetodes om 'n bewys-gebaseerde oordeel van die doeltreffendheid van ons regerings-befondste program te maak, en of programme die spoor byster raak, waarom die afwykings voorgekom het, en watter verbeterings vereis word om ons program te implementeer. Daarbenewens sal die M&E-eenheid volhou om departementele programme te bemoedig, van raad te bedien en te ondersteun in 'n poging om die planne, die implementering en die impak van diskrete planne te evaluateer.

Ondanks die feit dat uitkoms-gebaseerde monitering en evaluering 'n opkomende dissipline in die openbare sektor is, is 'n samehangende en konsekwente poging nodig om die tegniese vaardighede, kundigheid en aanvaarding van M&E deur die hele departement heen voortdurend te bou.

4.4.2.4 Monitering van departementele prestasie: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Funksionele M&E-stelsel wat strategiese steun aan die departement bied	Beperkte bewustheid van, toegang tot of gebruik van M&E-benaderings wat kan maak dat die departement onderstaard verslag doen van sy presatasies en resultate van die inisiatiewe en programme wat geïmplementeer is	<ul style="list-style-type: none"> Bou bewustheid en kapasiteit met departementele projekbestuurders van die kern- M&E- en prestasieverslagdoeningsbegrippe en -prakteke. Skakel met lyncfunksies ten einde prestaiedata gemeet aan die 5-jaar-uitkoms oor prestasie bykomend tot die JPP's te kry. Belyn interne moniteringsraamwerk met provinsiale prioriteite (bv. PSIP, G4J-raamwerke) waar toepaslik.

5.4.2 Departementele kommunikasie

5.4.3.1 Monitering van departementele prestasie: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2023/24	2024/25	2025/26	
Verbeterde gemak van sake doen	Strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas is ontwikkel	11.1 Getal strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas ontwikkel	-	-	5	4	4	4	4	4

5.4.3.2 Monitering van departementele prestasie: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.11	Getal strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas ontwikkel		4	-	-	-	4

5.4.3.3 Hersiening en bywerking van verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Die rol van departementele kommunikasie is om die departement se visie deur interne en eksterne kommunikasie deur geskrewe, verbale, visuele en elektroniese media te kommunikeer, sowel as om departementele dienste aan plaaslike, nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbers te bemark, te adverteer en te bevorder. Om hierdie taak uit te voer hou die wesenlike rol van die eenheid verband met die bestuur, koördinering en ondersteuning van kommunikasie-aktiwiteite binne die departement om doeltreffende en handelsmerk-konsekwente oordrag van boodskappe te verseker. Dit is om te verseker dat plaaslike, nasionale en internasionale ekonomiese belanghebbers ingelig word van die dienste wat die departement bied, en die uitkomste wat uit hierdie aktiwiteite voortspruit.

Die G4J-benadering besef dat ekonomiese groei wanneer sakeondernemings en verbruikers vertroue daarin het. Vertroue hang saam met die graad van optimisme oor die huidige ekonomiese klimaat en verwagte toekomstige ekonomiese toestande. Hoewel baie vreemde faktore 'n uitwerking op die vlak van vertroue het, het die departement 'n rol om te speel om sakevertroue te laat groei deur 'n sterk Wes-Kaapse handelsmerk en 'n reputasie te ontwikkel wat die behoeftes van sakeondernemings en entrepreneurs bevredig.

In reaksie hierop sal departementele kommunikasie strategiese kommunikasiesteen aan ekonomiese voorspraakbewustheidstrategieë en planne voorsien, en sodoende die Wes-Kaapse waarde as'n streeksekonomie versterk en uitbrei. Aan die kern van die WKR se handelsmerk lê ons handelsmerkbeloofte – 'n duidelike verklaring van die waarde wat ons bied aan die mense wat ons dien. Vanuit die perspektief van die Wes-Kaapse ekonomie en in lyn met die WKR handelsmerkverwys die ekonomiese "optimisme" spesifiek na hoe ons:

- Sakevertroue in die Wes-Kaapse ekonomie onder ondernemings gaan inspireer en stimuleer
- Verbruikersvertroue in die Wes-Kaapse ekonomie onder inwoners van die provinsie gaan stimuleer ten opsigte van die dienste wat ons lewer
- Plaaslike en internasionale reise na die Wes-Kaap gaan inspireer
- Bereidheid en die vermoë om ekonomiese omgewingsfaktore te takel, gaan demonstreer
- Plaaslike en internasionale beleggingsvertroue in die Wes-Kaap gaan inspireer
- Optimisme in ekonomiese herstel gaan bevorder.

Ons sal wys dat die Wes-Kaapse ekonomiese leierskap (en sy vennote) toegewy is aan hulle verbintenis in hulle steun aan die ekonomie wanneer ook al dit vereis word, of dit is deur die die skep van 'n toelatende omgewing vir sake te verseker, of om te verskedeur dat dit konsekwent aan sy diensmandaat lewer en deur goerie bestuurstoesig daarmee volhou.

Die onderstaande lys omvat grootliks hoe ons die volgende kwessies kommunikeer:

- Kwessies rakende adres – potensiële kwessies vir werwing deur die media (bv. regulatoriese invloed)
- Kwessies rakende die toepassing van leierskap
- Kwessies wat behels om bottelnekke/knelpunte uit te roei (bv. hoe om dit reg te stel, daarmee te werk te gaan)
- Kwessies van geleenthede (bv. die uitlig van kritieke suksesse)
- Identifisering van kritieke temas vir werwing of voorspraak.

In die departementele konteks word strategiese ekonomiese kommunikasie gedefinieer as "gefokusde pogings deur die WKR om kerngehore te verstaan en te betrek, te versterk, of toestande te skep wat tot 'n gunstigegraad van sakevertroue bydra". Dit behels die ontwikkeling van strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas, wat 'n inkorporering van ekonomiese intelligensie verteenwoordig wat uit en in respons op ekonomiese prioriteitsareas spruit. Dit is geïnkorporeer in duidelike kommunikasie-agendas wat die implementering van veldtogte en die ontwikkeling en uitvoering van narratiewe, boodskappe of temas toelig wat gebruik gaan word om werwing, bevorderingspogings en verwante kommunikasie binne die WKR se ekonomiese prioriteitsareas te ondersteun. Dit sal inligting gee oor hoe intervensies in die prioriteitsareas in lyn met die WKR handelsmerk gekommunikeer word.

Pogings om te verseker dat kommunikasievermoëns in die departement versterk word, sal 'n hupstoot kry deur die vestiging van program-gegronde strukture met opskaling van vaardighede in toepaslike kommunikasievaardighede en -hulpbronne om gekoördineerde terugvoering aan die kommunikasiefunksie en belyning met die WKR handelsmerk te verseker.

Voorts sal die departement, in oorleg met sy programme, navorsingseenhede (intern en oor departemente heen) en departementele kommunikasie poog om maatreëls vir sakevertroue te ondersoek wat die resultate van alle departementele intervensies wat die mededingende en oortuigende voordele van die ekonomie van die Wes-Kaap ondersteun en bevorder, ten beste kontekstualiseer.

5.4.3.4 Departementele kommunikasie: Bygewerkte kernrisiko's en -verligtinguit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verbeterde gemak van sake doen	Implementering vind nie plaas nie weens onvoldoende data en analitiese stelsels om die inhoud in die ontwikkeling van strategiese ekonomiese kommunikasie-agendes in te lig	Verseker identifikasie en ontwikkeling van verhoudings met kern- ekonomiese belanghebbers (intern en ekstern) om insette en ontledings te verskaf wat vir die implementering van agendaontwikkeling vereis word
	Die versterking van departementele vermoëns deur personeel met toepaslike kommunikasievaardighede en hulpbronne te bemagtig, kan kommunikasie wat vir die bou van sakevertroue en handelsmerk oor die hele ekonomie dryf	Vestiging van program-gegronde strukture met opskaling van vaardighede in toepaslike kommunikasie-vaardighede en -hulpbronne om gekoördineerde terugvoering aan die kommunikasiefunksie en belyning met die WKR handelsmerk te verseker

4.5 Oorweging van programhulpbronne

Begrotingstoewysing vir program en subprogram

Program 1 R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% verandering van hersiene beraming	2022/23	2023/24	2024/25
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2022/23	2022/23	2025/26	2025/26
1. Kantoor van die DH	7 464	11 378	5 172	5 863	6 232	6 232	4 450	(28,59)	4 587	4 649
2. Finansiële bestuur	34 829	37 413	33 827	36 095	35 944	35 944	33 184	(7,68)	34 194	35 924
3. Korporatiewe dienste	14 621	13 887	15 842	17 294	16 855	16 629	14 167	(14,81)	14 582	14 884
Totale betalings en beramings	56 914	62 678	54 841	59 252	59 031	58 805	51 801	(11,91)	53 363	55 457

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die program is 'n bedrag van R51,801 miljoen 2023/24-boekjaar toegewys. Dit verteenwoordig 'n afname van R7,004 miljoen, of 11,91 persent van die hersiene beraming vir 2022/23. Hierdie afname in begroting is te wyte aan die desentralisasie van transversale besteding wat met vervoer, die vervanging van rekenaars en kommunikasie verband hou.

5. Program 2: Geïntegreerde ekonomiese ontwikkelingsdienste

5.1 Doel

- Om 'n toelatende sake-omgewing vir die skep van geleenthede vir groei en werke te bevorder.

Strategiese belyning van program

Die 2019-2024 provinsiale strategiese plan (PSP) oor die MTSR-tydperk is tekenend van die belangrike rol wat die departement speel om die Visie-gedrewen prioriteit 2: Groei en werke te ondersteun. Daarbenewens het die departement se 2020-2025-vyfjaarstrategie aangedui dat, wat betref sy fokusareas, die gemak van sake doen as krities belangrik versnel moet word, en saam daarmee dat munisipale ondersteuning en ondernemingsontwikkeling terselfdertyd as prioriteite beskou moet word wat gemik is op die uitbreiding van geleenthede vir groei. Vir hierdie doel het die program hom geposisioneer om te fokus op hoe om dit makliker te maak om sake te doen in die provinsie, waar dienslewering aan sakeondernemings (veral die KMMO's) en munisipaliteite positief tot die lewering van die PSP en die fokusareas van die departement se vyfjaarstrategie sal bydra. Meer spesifiek: met die versnelling van die gemak van sake doen, ondersteuning aan KMMO's en ruimtelike oorwegings as onderliggende prioriteite van die PSP, het die ondernemingsontwikkeling- en rompslompverminderingseenhede intervensies ontwikkel wat op die provinsiale strategiese implementeringsplan (PSIP) gelewer het, terwyl die streeks- en plaaslike-ekonomiese-ontwikkelingseenheid gefokus het op intervensies om uitdrukking te gee aan verbeterde bestuurstoesig en meer inklusiewe ruimtelike lewering. Indien die provinsie steeds goeie bestuurstoesig wil behou en bevorder en werk wil skep en die ekonomie wil laat groei, moet dit munisipaliteite ondersteun om ruimtelike ekonomiese ontwikkeling te verseker. Dit sal die aanvaarding van 'n inklusiewe ekonomiese ontwikkelingsbenadering insluit. Inklusiewe ruimtelike ontwikkeling verg dat die provinsie 'n duidelike ekonomiese uitsig moet hê en munisipale ekonomieë moet ondersteun. Dit is ook in lyn met die Werke-tema van die Wes-Kaapse ekonomiese herstelplan.

Die 2023/24-planne van die program is daarop ingestel om reaktief te wees teenoor die bestaande beleidsomgewing noudat die vyfjaarplan einde se kant toe staan. Die beplande inisiatiewe spreek die Werke-tema van die Wes-Kaapse ekonomiese herstelplan aan, wat erken dat die privaat sektor is wat werk skep, en dat dit die rol van die WKR en munisipaliteite is om die toelatende toestande vir die skep en volhoubaarheid van ekonomiese geleenthede vir werke in die Wes-Kaap daar te stel. Voorts is die beplande lewering geposisioneer om die Groei vir werke (G4J)-voorstelle te takel oor hoe om ekonomiese groei te hanteer deur werk rondom 'n toelatende sake-omgewing wat markgroei stimuleer en groeigeleenthede ondersteun, te prioritiseer.

Die ondernemingsontwikkelingseenheid sal fokus op die ondersteuning van die voorsiening van toegang tot sake-ontwikkelingsteun, ondersteunende ekostelselsamewerking en vennootskappe, die bevordering van 'n entrepreneurskapskultuur en die fasilitering van ondersteunende sakeregulering- en beleidsomgewing. Die streeks- en plaaslike-ekonomiese-ontwikkelingseenheid is voornemens om geografiese sinergieë en verbindings te versterk deur munisipale vermoë te versterk, provinsiale pogings vir die verbetering van geïntegreerde dienslewering en G4J-prioriteitsamewerking in streke te ondersteun. Die rompslompverminderingseenheid sal wetgewende hervorming takel, sakeprosesse en verbeterde kommunikasie nastreef, kulturele transformasie ondersteun en reaktiwiteit tot sake verseker.

Die onderstaande tabelle gee die spesifieke besonderhede van die lewingsareas wat bedoel is om die bestaande beleidsdoelwitte te bereik en om by die beplande mikpunte van die Groei vir Werke-strategie aan te pas.

5.2 Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

5.2.1 Doel

- Om tot die skep van 'n toelatende sake-omgewing by te dra wat klein sake en entrepreneurs bemagtig om volhoubaar te wees, te ontwikkel en te groei.

5.2.2 Subprogram 2.1: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduider	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde gemak van sake doen	Ondernemings wat met sakeontwikkelingsteun-intervensies ondersteun word	2.1 Getal ondernemings wat met sakeontwikkelingsondersteuningsintervensies ondersteun word	-	220	272	240	150	350	380	
	Sake-entiteite wat onafhanklik besit word en deur township-inisiatiewe gestig is	2.1.1 Getal sake-entiteite in onafhanklike besit wat deur township-inisiatiewe gestig is	-	-	-	3	-	-	-	
	Befondsing aangewend vir sakeontwikkelingsteun	2.1.2 Waarde van befondsing wat vir sakeontwikkelingsteun aangewend is	-	-	-	R8 m	R6 m	R8 m	R10 m	
	Sake wat met alternatiewe-energie-oplossings ondersteun word	2.1. Getal sake wat met alternatiewe-energie-oplossings ondersteun word	-	-	-	-	50	-	-	

5.2.3 Subprogram 2.1: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.1	Getal ondernemings wat met sakeontwikkelingsteun-intervensies ondersteun word		150	-	-	80	70
2.1.2	Waarde van befondsing vir sakeontwikkelingsteun aangewend		R6 m	-	-	-	R6 m
2.1.3	Getal sake wat met alternatiewe-energie-oplossings ondersteun word		50	-	-	-	50

5.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermmyntydperk

Die Suid-Afrikaanse ekonomie word met stygende inflasie, geopolitieke gebeure, skokke met globale aanbod, onvolhoubare en onbetroubare elektrisiteit (beurtkrag), verminderde verbruikersbesteding, die impak van covid-19 en kommer oor veiligheid en sekuriteit gekonfronteer. Hierdie faktore speel negatief in op die volhoubaarheid en groei van sake, veral KMMO's, in die Wes-Kaap.

Die KMMO's word deur lae aanvangs- en hoë sakesluitingskoerse, gekoppel met 'n gefragmenteerde en swak gekoördineerde ekostelsel van ondersteuning, in die gesig gestaar. Die Totale Vroeëstadium- Entrepreneuriese Aktiwitietskoers (TVA) soos gemeet deur die Globale Entrepreneurskapmonitor (GEM) duï op 'n toename in entrepreneuriese aktiwiteite (toename van 10,8% in 2019 tot 17,5% in 2021). Wat betref sakesluitingskoerse het meer sake in hierdie tydperk in Suid-Afrika gesluit vergeleke met die wêreldwye gemiddelde (13,9% teenoor 6,5%).

Bykomend tot die Nasionale Ontwikkelingsplan se teiken vir werkskepping in klein en groeiende firmas teen 2030 is die fokus van die Meesterplan van die Nasionale Geïntegreerde Kleinondernemingsontwikkeling (NIKOO) om die deelname van klein ondernemings in die formele ekonomie te laat toeneem en om die regering se pogings in vennootskap met die privaat sektor te koördineer deur 'n ondersteunende ekostelsel te bou waarin klein ondernemings kan groei en floreer.

Baie KMMO's (formeel en informeel) is onbewus van en/of nie in staat om toegang tot bekostigbare sakeontwikkelingsondersteuning (bv. opleiding, mentorskap, toegang tot markte, begeleiding, toerusting) te kry wat vir hulle beskikbaar is nie, wat vererger word deur die sektor, grootte en stadium van ontwikkeling van hierdie ondernemings. Dit vereis wisselende en voortgesette intervensies oor 'n lang tydperk wat tot hulle volhoubaarheid en groei sal bydra. Vir hierdie doel is vennootskappe (met openbare en privaat sektorbelanghebbers) vir toegang tot en gebruik van privaat- en openbaresektor-hulpbronne sowel as belanghebbernetwerke belangrik om sinergie te vind en ekonomiese geleenthede en ondersteuningsmaatreëls en -aansporings vir die ontwikkeling en groei te ontsluit.

Die eenheid sal 'n belangrike rol in die lewering van die Groei vir Werke- (G4J-) strategie speel, met die kernfokus om 'n positiewe sake-omgewing toe te laat. Die G4J-strategie beskou die informele en township-ekonomie as 'n kernbydraer om ekonomiese deelname te laat toeneem en werkloosheid te help bekamp. Die departement sal fokus op die verskaffing van pasgemaakte sake-ontwikkelingsteun aan die informele en township-ekonomie in pas met die G4J. Ten einde uitvoering aan die G4J te gee, sal 'n vierledige benadering (gegrond op die toegewysde begroting en mensehulpbronne) aanvaar word om die uitdagings waarmee die KMMO's te kampe het rakende (i) toegang tot sake-ontwikkelingsteun (ii) ekostelsel-samewerking en vennootskappe (iii) die bevordering van 'n entrepreneuriese kultuur en (iv) die fasilitering van ondersteunende sakeregulering en beleidsomgewing, op te los.

Fokusarea 1: Toegang tot sake-ontwikkelingsteun

Die verskaffing van holistiese en pasgemaakte sake-ontwikkelingsteun sal direk tot 'n groter wordende getal volhoubare en veerkratige sake bydra, wat n positiewe invloed op inklusiewe ekonomiese groei en werkskepping sal hê. Die instaatstelling en fasilitering van die verskaffing van sake-ontwikkelingsteun sal onderneem word deur:

- Samewerking en/of vennootskappe met kleinsake-ontwikkelingsteunorganisasies en/of munisipaliteite om verrekende KMMO-steunintervensies soos ondernemings- en verskafferontwikkelingsprogramme, mentorskap, begeleiding, groei, toegang tot markte, die verskaffing van toerusting, handelsinfrastruktur en tegniese bystand uit te brei of te help. Dit sal gedoen word deur die KMMO-bystandfonds 2023, 'n gesmanetlike befondsingsmodel wat met vennote in die openbare en privaat sektor saamwerk om steun aan die KMMO's te gee. Die (direkte of indirekte) steun is krities ten einde klein sake by te staan en in staat te stel om onder andere omset te vergroot en werk te skep. Die kategorieë van steun sal onder andere uitvoere, sektore, township- en die informele ekonomie, vroue en die jeug insluit.
- Die KMMO-versnellerprogram is 'n samewerking met 'n vennootorganisasie met 'n beplande KMMO-ontwikkelingsprogram en is op die verbetering en versnelling van die groei van die KMMO's gefokus. Die intervensies sal onder andere die fasilitering en verskaffing van toegang tot finansiering en markgeleenthede insluit.

- Die alternatiewe-energiesteun sal sake bystaan met die verkryging van alternatiewe-energie-oplossings soos omskakelaars, OKT, sonkrag-FV, ens. 'n Mede-befondsingsmodel tussen die departement en die begunstigde sake sal gebruik word.

Fokusarea 2: Bevordering van 'n entrepreneurskapkultuur

Die ontwikkeling van 'n entrepreneuriese kultuur is kritiek belangrik om 'n omgewing te skep waarin mense gemotiveer is om te vernuwe, te skep en risiko's te neem wat bydra tot die koers waarteen nuwe sake open, en waarin werkskepping en ekonomiese groei plaasvind. Entrepreneurskapopvoeding begin nou in tersiêre-opleidingskurrikula veranker word, aangesien studente die basiese sake- en entrepreneurskapvaardighede moet ken wat vereis word om 'n onderneming te begin of om entrepreneuries op te tree. Die stimulering van 'n entrepreneuriese kultuur en die skep van 'n toelatende omgewing vir nuwe ondernemings, asook die oplossing van sistemiese uitdagings wat groei vir uitbreiding inkort, is kernbelangrik vir ons mededingbaarheid en breër-wordende kompetisie in die privaat sektor. Die eenheid sal op die skep en betrokkenheid by tersiêre inrigtings fokus om hulle kurrikula sodanig aan te pas dat dit entrepreneurskap sal verbeter.

Fokusarea 3: Ekostelsel-samewerking en vennootskappe

Die entrepreneurskap-ekostelsel bestaan uit vele belanghebbers en instellings wat komplekse veelvuldige strukture is. Daar is 'n gebrek aan bewustheid van die beskikbare hulpbronne en dienste (bv. befondsing, marktoegang, opleiding, netwerking, ens.) aan sake ten opsigte van onvoldoende integrasie en koördinering binne die sake-ontwikkeling-steun-waareketting. 'n Geïntegreerde en gekoördineerde ekostelselsteun, gebaseer op samewerking en vennootskappe, sal direk tot 'n verhoogde bewustheid en opname van steun, en die getal volhoubare en veerkrachtige sake wat inklusiewe ekonomiese groei en werkskepping bydra. 'n Samewerkende benadering en stroombelyning van hulpbronne deur vennootskappe sal bereik word deur:

- Samewerking en dryf van 'n vennootskapsbenadering om G4J binne die DEOT en al die betrokke departemente en steunagentskappe (provinsiaal en nasionaal), onder andere die Departement van Kleinsakeontwikkeling (DKSO) Kleinsakeontwikkelingagentskap KSOA en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NJOA) aan te vuur om in te lig en toegang tot die totale mandjie van steudienste aan Wes-Kaapse sake te gee.
- Roep die sakeontwikkeling- en KMMO-forums bymekaar en koördineer die aktiwiteite van die WKR departemente (bv. landbou, provinsiale tesourie, vervoer en openbare werke) en ander organisasies (bv. NOR, OAKA, FAKO, Sakevennote en PSA) om die ontwikkeling van KMMO's te steun.

Fokusarea 4: Fasiliteer 'n ondersteunende sakeregulering- en beleidsomgewing

Kleiner firmas het soortgelyke kostvlakke as die groter firmas, maar hulle koste beslaan 'n groter proporsie van die totale regulatoriese koste. Een van die kern-aandrywers vir die bereiking van 'n sakeomgewing wat belegging na binne bevorder en sake in staat stel om gevestig te raak en uit te brei en wat tot 'n kultuur van entrepreneurskap sal bydra, is om dit makliker te maak om sake te doen. Hierdie eenheid sal met die rompslompverminderingseenheid saamwerk om tot 'n bevorderlike sakeregulatoriese omgewing by te dra.

5.2.5 Subprogram 2.1: Bygewerkte kernrisiko's en –verligting uit die SP

Uitkom	Kernrisiko	Risikoverligting
Verbeterde gemak van sake doen	Gebrek aan strategiese samehangheid tussen regeringsdepartemente en sakeontwikkelingsteunorganisasies wat veroorsaak word deur 'n gebrek aan belyning en koördinering wat doeltreffende program-implementering kortwiek wat op die ontwikkeling van die KMMO's gemik is.	<ul style="list-style-type: none"> Fasiliteer ooreenkoms tussen openbaresektororganisasies om implementeringsuitkomste te verbeter Identifiseer en vorm vennootskappe met gevestigde organisasies met die kapasiteit om gehalte dienste aan die KMMO's te lewer Versterk verhoudings met departementele finansieringsinstellings (DFI's) (bv. FAKO) om die opname van finansiële produkte te verhoog.

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
	Gebrek aan deelname deur tersaaklike KMMO-belanghebbers en/of onvoldoende deelname van sake en/of verbintenis deur privaatsektorvennote rakende die implementering van die KMMO-programme, weens wisselende prioriteit om belegging en die skep en behoud van 'n toelatende sakeomgewing te stimuleer	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat tersaaklike belanghebbers en vennote betyds en konsekwent inkoop en verbind is deur konsultasie met hulle • Verseker gereelde kommunikasie met tersaaklike belanghebbers en vennote om hulle ingelig te hou oor ontwikkelings, bewustheid te behou en inkoop en verbintenis te herbevestig • Doeltreffende gebruik van alle tersaaklike bestaande platforms (openbaar en privaat) om te verseker dat vennote ingelig bly
	Die onvermoë om strategiese vennootskappe aan te wend om hulpbronne te benut, projekte op te skaal en ekonomiese van skaal te ontwikkel, wat deur wisselende prioriteit, fokusareas en/of begrotingsinkortings veroorsaak word, en tot oneffektiewe en ondoeltreffende dienslewering lei	<ul style="list-style-type: none"> • Steunwerwing by die departement vir bykomende hulpbronne • Ontwikkel vennootskappe met die privaatsektor- en regerings-belanghebbers • Gebruik die media m.a.w. sosiale media, die radio en koerante) om bewustheid van die inisiatief te skep.

5.3 Subprogram 2.2: Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling

5.3.1 Doel

- Om geleenthede vir inklusiewe groei oor distrikte en plaaslike ekonomiese heen te skep.

5.3.2 Subprogram 2.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde gemak van sake doen	Sakeonder-nemings bygestaan deur munisipale steun-intervensies	2.2 Getal sake bygestaan deur munisipale steunintervensies	-	-	50	50	-	-	-	-
	Ondersteun koördinerings-intervensies om distrik-ekonomiese lewering te versterk	2.3.1 Getal koördinerings-intervensies ondersteun om distriks-ekonomiese lewering te versterk	-	-	-	4	-	-	-	-

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
	Metings wat munisipale volwassenheid in ekonomiese beplanning en voltooide implementering assesseer	2.2.1 Getal metings wat munisipale volwassenheid in ekonomiese beplanning en voltooide implementering assesseer	-	-	-	-	5	15	30
	Munisipaliteit met ekonomiese beplanning en die bou van implementerings-vermoë ondersteun	2.2.2 Getal munisipaliteit met ekonomiese beplanning en die bou van implementerings-vermoë ondersteun	-	-	-	-	5	7	9
	Die G4J-prioriteit-samewerkings geïmplementeer om die munisipaliteit tot voordeel te wees	2.2.3 Getal G4J-prioriteit-samewerkings geïmplementeer om die munisipaliteit tot voordeel te wees	-	-	-	-	5	5	5

5.3.3 Subprogram 2.2: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.2.1	Getal metings voltooi wat munisipale volwassenheid in ekonomiese beplanning en implementering assesseer		5	-	-	5	-
2.2.2	Getal munisipaliteit met ekonomiese beplanning en die bou van implementeringsvermoë ondersteun		5	-	-	-	5
2.2.3	Getal G4J-prioriteit-samewerkings geïmplementeer om die munisipaliteit tot voordeel te wees		5	-	-	2	3

5.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynthyelperk

Met 'n werkloosheidkoers van 27,5% is dit uiters belangrik om streekspotensiële en plaaslikevlakvermoë uit te bou om ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer. Die primêre sektor in die Wes-Kaap dra 5% van die BWT by, die sekondêre sektor net meer as 20%, en die tersiêre sektor dra bykans 75% by, met lae vlakke van diversifikasie. Meer as 50% van die provinsie se uitvoere het hulle oorsprong in die landbousektor. Nie-metro-gebiede het naby aan 30% behoefte huishoudings, met sommige van die hoogste jeugwerkloosheid (veral die NNDOO's) (PERO, 2022/23). Die verstedelikte bevolking groei vinniger as in ander provinsies, met die bevolkingsgrtoei wat die ekonomiese groei oorskry. Daar is stygende verstedeliking (buite die metro) met snel groeiende gebiede van informele-nedersettingsverspreiding en grondbesetting. Ongelykheid in inkomste en

welstand in die Wes-Kaap bly 'n uitdaging, en die ruimtelike verspreiding van inkomste en welstandigglomerasie is baie duideliker.

Vir hierdie doel sluit die ruimtelike oorwegings wat 'n invloed op die werk van die Departement het, onder andere die volgende twee faktore in.

Eerstens is die kapasiteitsbeperkings by munisipaliteit 'n bedreiging vir herstel- en groeiplanne. Ter illustrasie: die bevolkingsgroei lei tot toenemende diensleweringdruk (verswakkende infrastruktuur, infrastruktuuragterstande, onvoldoende toegang tot openbare vervoer, ens.). Gekoppel aan hulpbronbestuur waar toegang eweneens onvoldoende en kwesbaar is (bv. energie, water, rommel), het dit 'n beduidende impak op die kwesbare finansiële gesondheid en volhoubaarheid van munisipaliteit wat dalende plaaslike inkomste in die gesig staar. Munisipaliteit sukses om die ekonomiese strukture van die plaaslike ekonomie te verstaan en slaag nie daarin om dit objektief te assesseer nie, gegrond op bewys-benadering enekonomiese intelligensie van streke. Dit word verder vererger deur swak belyning met geloofwaardige data/intelligensie vir ingeligte besluitneming, beplanning en optrede. Dit is kritiek belangrik om toegang tot geloofwaardige en tersaaklike ruimtelik-ekonomiese intelligensie van die gebiede te ontwikkel. Munisipale beleidsdoelwitte oor ondernemingsontwikkeling, rompslompvermindering, vaardighedsontwikkeling en plaaslike ekonomiese vooruitsigte en nywerhreib- sektorale planne is geïdentifiseer, maar dit sukses om tot aksie oor te gaan, en dus is ekonomiese projekte geprioritiseer as spesiale projekte, teenoor langtermyn PEO-doelwitte binne die NOP's. Dit word vererger deur onvoldoende tegniese/kundige kapasiteit en die vermoë om te implementeer in sommige munisipaliteit. Sterker, meer geloofwaardige munisipaliteit is nodig om florerende plaaslike ekonomie te ondersteun.

Tweedens moet nie-metrogebiede 'n kernrol speel om die druk te verlig wat deur verstedeliking en die gevoulige druk op dienslewering in die Stad Kaapstad veroorsaak word. Hierdie gebiede het die potensiaal om veral deur sektore soos agrirossessering en toerisme die bydrae tot die Wes-Kaapse BBP te verhoog, Om versnelde groei te bereik is dit belangrik om verskillende benaderings in die ondersteuning van snel- of stadig-groeiente streke, en tussen landelike en stedelike ekonomieë wat ander bydraers tot groei het, te verstaan en toe te pas. Daar moet by elke geleentheid gewaak en opgetree word teen 'n flou benadering tot 'n toelatende en ondersteunende omgewing vir sake oor streke heen en onvoldoende aktivering van plaaslikesake-ekostelsels. Beperkte integrasie van die regeringsfere en eksterne vennote word dikwels gesien as een van die oorsake van die stadige tempo van dienslewering en gee aanleiding tot duplisering of vermorsing van beperkte openbare hulpbronne. Dit beteken dat die gefragmenteerde benadering in en tussen regeringsfere meer samehangend en beter gekoördineer moet word en dat die huidige onvoldoende vlakke van betekenisvolle openbare-privaat skakeling en samewerking moet verbeter.

Ten einde meer responsief tot ekonomiese geleenthede en groei in streke te wees, sal die eenheid 'n munispalesteunprogram (MSP) implementeer wat: (a) munisiplae vermoë versterk, (b) provinsiale pogings ten opsigte van die verbetering van geïntegreerde dienslewering steun, en (c) die G4J-prioriteitsamewerkings in streke ondersteun.

- Ten einde munisipale vermoë te versterk sal die eenheid intervensies implementeer wat op assessering, meting en die aanbied van ekonomiesevermoëbou fokus om munisipaliteit se bevoegdheid met beplanning en die implementering van die lewering van ekonomiese prioriteite te verbeter.
- Die eenheid sal die departemente interregeringsverhoudinge (IRV) en koördinering dryf deur die provinsiale Gesamentlike distriks-metro-benadering- (GDMB-) planne en transversale provinsiale inisiatiewe soos die JOBS-/PEO PDIA-prioriteit wat op 'n van grondvlak-af-boontoe- problemedrewre benadering tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling fokus. Die Strategiese Geïntegreerde Munisipale Ooreenkoms- (SIMO-) proses het kern-tematiese munisipale prioriteite uitgelig wat verstedeliking/ immigrasie, infrastruktuur en afvalbestuur, inwonerkoppelvlak, watersekerheid/klimaatsverandering en databestuur insluit. Die eenheid sal aan provinsiale en munisipale prosesse deelneem wat op 'n heelregeringbenadering tot die takeling van plaaslike prioriteite fokus.
- Laastens sal die eenheid die mede-lewering van Groei vir Werke-intervensies steun wat diensleweringsprioriteite kan ondersteun of wat op- geleenthede kan reageer wat die weg baan vir ruimtelike sinergieë en koppelings in streke.

Die reeks intervensies is bedoel om die departement se lewering van ruimtelike ekonomiese lewering in streke te versterk.

5.3.5 Subprogram 2.2: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verbeterde gemak van sake doen	Munisipaliteite huiwer om in te koop op/deel te neem aan assessorings en kapasiteitbousteun	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker inkoop en verbintenis deur tydige konsultasie en gereelde kommunikasie met munisipaliteite om hulle op hoogte te hou van ontwikkelings en toegegewyde deelname te behou • Gebruik bestaande forums soos die BET-klusters en die GDMB-platforms • Verseker gereelde betrokkenheid tussen medewerkeringspanne en ondersteun hulle toegegewyde deelname met gedeelde ekonomiese agendas.

5.4 Subprogram 2.3: Ekonomiese bemagtiging

5.4.1 Doel

- Om die proses van bemagtiging en skep van 'n toelatende sakeomgewing vir die PDI's te faciliteer.

Hierdie subprogram is in Subprogram 2.1 bespreek.

5.5 Subprogram 2.4: Rompslompvermindering Reduction

5.5.1 Doel

- Om die sakeomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op sake te verlig deur middel van verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

5.5.2 Subprogram 2.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders, en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde gemak van sake doen	Sakesteungevalle opgelos	2.5 Persentasie sakesteungevalle opgelos (getal gevalle opgelos/getal gevalle ontvang)	-	-	91% (639/703)	85%	85%	85%	85%	

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
	Verbeterings aan saak-gerigte regeringsdienste geïmplementeer	2.7 Getal verbeterings aan saak-gerigte regeringsdienste geïmplementeer	-	-	-	15	6	6	6
	Regulatoriese en/of beleids-hervormings aan munispaliteit voorgestel	2.8 Getal regulatoriese en/of beleids-hervormings aan munispaliteit voorgestel	-	-	-	10	-	-	-
	Bewusmaking van rompslomp-vermindering-intervensies uitgevoer	2.9 Getal bewusmaking van rompslomp-vermindering-intervensies uitgevoer	-	-	-	15	8	8	8
	Sake-intervensies uitgevoer wat nakoming moontlik maak	2.10 Getal sake-intervensies uitgevoer wat nakoming moontlik maak	-	-	-	5	-	-	-
	Regulatoriese hervormings aan regerings-instellings voorgestel	2.11 Getal regulatoriese hervormings aan regerings-instellings voorgestel	-	-	-	4	8	8	8

5.5.3 Subprogram 2.4: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwaartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5	Persentasie sakesteungevalle opgelos (getal gevalle opgelos/getal gevalle ontvang)		85%	-	-	-	85%
2.7	Getal verbeterings aan saak-gerigte regeringsdienste geïmplementeer		6	-	-	-	6
2.9	Getal bewusmaking van rompslompvermindering-intervensies uitgevoer		8	-	3	3	2
2.11	Getal regulatoriese hervormings aan regeringsinstellings voorgestel		8	2	2	2	2

5.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

In die vorige boekjare het die rompslompverminderingseenheid (RVE) gefokus op die takeling van die groot las wat rompslomp op munisipaliteit gehad het. Die ekonomie en stand van gebrek aan 'n toelatende omgewing voor covid-19 in die provinsie was duidelik. 'n Globale daling en gebrek aan groei het die vermoë van die provinsie om te reageer op 'n wyse wat tot ontwikkeling kon lei, veral vir munisipaliteite wat erg onder 'n tekort aan hulpbronne in terme van finansiële en mensehulpbronne deurloop, negatief beïnvloed. As gevolg hiervan staar inwoners en sake oor die hele spektrum ernstige uitdagings met rompslomp in die gesig, gegewe die behoefte om vinniger te ontwikkel met minder hulpbronne.

Oor die afgelope twee boekjare het die RVE veral by munisipaliteit 'n suksesvolle en beduidende benadering tot rompslompvermindering gehad. Die ruimtelike verspreiding van diensleweringsinisiatiewe in vorige boekjare het 'n aanvraag vir die vermoë en voorspraak tot die vermindering van rompslomp en die bewusmaking van die behoefte om dit op plaaslike en provinsiale vlak makliker te maak om sake te doen, tot gevolg gehad.

Die Groei vir Werke-strategie lig duidelik die behoefte aan 'n bekwame staat uit wat goeie bestuurstoesig erken ten einde volhoubare groei te bereik. 'n Bekwame staat, veral vir munisipaliteit, is 'n staat wat die las van rompslomp wat in 'n sistemiese, kulturele en dienslewerringsvlak geïnstitutionaliseer is, kan verminder.

Al die programme wat in die volgende jaar deur die RVE geïmplementeer sal word, is dus daarop gemik om 'n bekwame staat te bou wat inwoner-gerigte dienste kan lewer. Die eenheid dryf pogings en hulpbronne om die vermoë van munisipaliteit te bou om suksesvol op 'n sake-gerigte kultuur en filosofie van deurlopende verbetering te lewer. 'n "Bekwame staat wat deur goeie bestuurstoesig gekenmerk word", sal deur die lesse en suksesse van vorige jare gedryf word, wat betref die vermindering van rompslomp in munisipaliteit.

Vorentoe is die RVE daarop gemik om met geselekteerde munisipaliteit en provinsiale departemente saam te werk om (1) die doeltreffendheid van sake-gerigte dienste, byvoorbeeld, die ontwikkleing van permitte vir grondgebruikstoepassings, te vermeerder, (2) insitusionele kapasiteit en vermoë te bou om rompslomp-vermindering te implementeer, en (3) 'n program van regulatoriese hervorming in werking te stel. In navolging van die element van "kapasiteitsbou" sal die eenheid sy steun deur middel van sy "munispale bloudruk vir rompslompvermindering" dryf.

Die Wes-Kaap het heel onlangs Gauteng verbygesteek as die provinsie met die grootste getal totale bouplanne wat goedgekeur is in terme van waarde (R17,86 miljard) en persentasie groei (33,2%). Dit is 'n sterk en belangrike aanduiding vir ekonomiese groei, en 'n sterk aanduiding van die werk wat in die konstruksiesektor geskep gaan word. In reaksie hierop, en in samewerking met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en ander kernvennote, het die GvSD-program die behoefte aan die vestiging van 'n Munisipale GvSD-beplannings- en Hervormingstoelatingsprogram geïdentifiseer. Die mikpunte van die program sal wees om 'n meerjarige stel hervormings te ontwikkel, te implementeer en te institusionaliseer wat gerig is op die verbetering van die gemak van sake doen, terwyl dit ook voortbou op intervensies wat voorheen deur die provinsie onderneem is. Die program sal die intervensies dryf met die oorkoepelende uitkoms om munisipale ontwikkelingstoelatingsdienste drasties te verbeter.

Voorspraak en bewusmaking het reeds in die 2022/23-boekjaar begin, vanuit 'n benadering van sterk steun en bewys-geleide insette. Opnames is by elke kapasiteitsbousessie in 2022 gemaak, waar munisipaliteit die behoefte gestel het om aan die vermindering van rompslomp te werk ten einde te verbeter op hoe hulle tans tot die gemak van sake doen bydra sodat ekonomiese groei plaaslik kan slaag.

Voorts sluit die eenheid se beplande intervensies die volgende in: (a) kultuurtransformasie van die WKR en sy betrokke agentskappe/entiteite deur middele soos n slanker bestuur, (b) versterking van vennootskappe oor die hele regeringsfeer heen, en (c) 'n sakesteun-hulplyn wat onmiddellike en direkte bystand aan sakeondernemings kan verleen wat deur onnodige burokratiese vertragings en stremmings geraak word. Die sakesteun-hulplyndiens is 'n direkte sakegerigte diens wat deur die eenheid aangebied word, en 'n beste praktyk nasionaal wat in die afgelope verslagjaar klinkende sukses oor die medium termyn (2019–2022) getoon het. Die eenheid sal sy belangrike diens oor die hele provinsie heen voortsit.

Doelmatige en doeltreffende regulering

Die RVE streef daarna om sy posisie ten opsigte van regulatoriese en beleidshervormings wat die sakeomgewing in die Wes-Kaap beïnvloed, te verstewig. As sodanig streef die eenheid daarna om intervensies te onderneem wat verskeie sektore en waardekettings van die provinsiale ekonomie beïnvloed, om die bevordering van dienste wat op provinsiale en plaaslikeregeringsvlak gebied word wat die sake in die gesig staar, te teiken.

Voorspraak

Ten einde die regulatoriese omgewing wat sake beïnvloed, te verbeter, sal die eenheid sy voorspraakpogings deur formele indienings, voorstelle en aanbevelings verhoog as 'n manier om steun oor kernkressies by nasionale, provinsiale en plaaslike regerings te werf. Die eenheid sal voorts intervensies onderneem deur kommunikasie en die media te gebruik om die bewustheid rondom die begeerde rompslomp te verminder, onderneem, en sodoende 'n bekware staat in werkung stel wat hulpbronne kombineer, waar rompslompvermindering as 'n prioriteit gesien word om ekonomiese groei te stimuleer.

5.5.5 Subprogram 2.4: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Riskoverligting
Verbeterde gemak van sake doen	Die onvermoë om die GvSD-inisiatiewe te implementeer wat deur die gebrek aan toewyding en/of deelname deur provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en/of munisipaliteite veroorsaak word, sal die mislukking om sakedienste en/of die sake-/regulatoriese omgewing te verbeter, tot gevolg hê.	Voorspraak, steunwerwing en die versterkte bewusmaking van die behoefté om rompslomp te verminder, teenoor belanghebbers, reguleerders, munisipaliteite en die WKR departemente

5.6 Oorweging van programhulpmiddels

Begrotingstoewysing vir programme en subprogramme

Program 1 R'000	Uitkoms			Hoof-toewysin-	Aangepas te toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% verandering van hersiene beraming	2022/23	2024/25	2025/26
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2022/23	2024/25	2025/26
1. Ondernemingsontwikkeling	44 995	65 423	22 942	25 312	20 048	20 048	39 542	97,24	39 329	43 016
2. Streeks- en plaaslike ekonomiese ontwikkeling	10 979	11 251	16 718	7 362	7 262	7 262	6 061	(16,54)	6 612	6 439
3. Rompslomp	10 297	12 681	13 544	23 513	20 529	20 529	13 311	(35,16)	16 564	13 644
Total betalings en beramings	66 271	89 355	53 204	56 187	47 839	47 839	58 914	23,15	62 505	63 099

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die kernfokus van die program is hoe om sake te ondersteun om te ontwikkel en te groei, om die sakeomgewing te versterk waar sake lewe en werk, en stremminge wat ondernemings ervaar in die nastreef van ekonomiese aktiwiteit te takel. Die 2023/24-planne van die program is bedoel as 'n respons op die Groei vir Werke (G4J) deur werk te prioritiseer ten opsigte van die skep van 'n toelatende sakeomgewing en die ondersteuning van geleenthede tot groei. 'n Verminderde begrotingstoewysing beteken egter dat die behaling van werkbare teikens matig is.

Innoverende gebruik van mensehulpbronne deur spanwerk oor sektore heen en samewerking is kern- werkbare mechanismes van die program. Die program se leweringspan het 'n aanpassende benadering ontwerp in die lig van fiskale soberheid en die groeiende diensleweringsvraag, en beplan om sy netwerke aan te wend en ekostelesel-samewerking te aktiveer deur ander openbare programme en/of privaatsektor-inisiatiewe.

6. Program 3: Handel- en sektorale ontwikkeling

6.1 Doel

- Om ekonomiese groei in geteikende sektore deur nywerheidsontwikkeling en die bevordering van handel en belegging te stimuleer.

6.2 Subprogram 3.1: Handel en beleggingsbevordering

6.2.1 Doel

- Om hulpbronne aan die toerisme- handel- en beleggingsbevordering- openbare entiteit te voorsien om hulle in staat te stel om op hulle mandaat te lewer, soos gedefinieer in die Wes-Kaapse Wet op die Belegging- en Handelsbevorderingsagtenskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig).

6.2.2 Subprogram 3.1: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde uitvoere	Oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie	3.1 Getal oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie	-	4	4	4	2	2	2
Verhoogde Randwaarde van belegging	Oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie	3.2 Getal oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie	-	4	4	4	2	2	2

6.2.3 Subprogram 3.1: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.1	Getal oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie		2	-	1	-	1
3.2	Getal oorsigverslae saamgestel oor Wesgro se handelsbevorderingsfunksie		2	-	1	-	1

6.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynthyperk

'n Oordragbetalingsooreenkoms tussen die DEOT en Wesgro sal aangegaan word, waarin die kern-lewering en verslagdoeningsvereistes vir Wesgro uiteengesit sal word. Die departement, saam met Wesgro, sal programme ondersteun en implementeer wat Wes-Kaapse ondernemings meer globaal mededingend sal maak ten opsigte van uitvoeraktiwiteite ten einde deelname in die globale ekonomie moontlik te maak wat handel- en werksgeleenthede sal skep. Dit sal bereik word deur die koördinering en verspreiding van handelsintelligensie, asook die bevordering van ons produkte en aanbiedings op binnelandse, internasionale gebeurtenisse en samekomste met bedryfs-belanghebbers en ander strategiese vennote van geïdentifiseerde sektore oor die hele Afrika. Die doel is om handelsaktiwiteite te verhoog.

Wesgro se missie en strategiese doelwitte is in lyn met die PSP VGP 2: Groei en werke, en die departement se vyfjaar-strategiese plan vir die versnelling van uitvoere en belegging. 'n Kernfokus vir die departement is om direkte buitelandse beleggings in die Wes-Kaap deur uitvoere, beleggings en toeristebesteding te verhoog. Hierdie belyning vind uitdrukking in Wesgro se visie om die Wes-kaap te help een van die leidende streeksekonomieë in die wêreld te word.

Wesgro sal met die Groei vir werke-strategie belyn met die primêre fokus om markte deur uitvoer- en beleggingsbevordering te stimuleer. Wesgro sal 'n uitvoer-gerigte groeibenadering volg, en sy aktiwiteite sal insluit om nuwe inisiatiewe te ondersoek om die Wes-Kaapse uitvoerders op te skaal en te ondersteun. Beleggingsbevordering sal op pogings fokus om buitelandse en binnelandse direkte beleggings aan te trek en te faciliteer en só die nasionale en provinsiale poging tot ekonomiese herstel en werkskepping ondersteun.

Vir die 2023/24-boekjaar het die agentskap 'n teiken om 18 beleggingsprojekte te realiseer en 60 handelsooreenkommste te teken.

6.3 Subprogram 3.2: Sektorale ontwikkeling

6.3.1 Doel

- Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore deur tasbare programme, bedryfsteunmaatreëls en die implementering van plante en strategieë te stimuleer. Dit sal ekonomiese groei en werkskepping deur die verbetering van uitvoeraktiwiteite en verhoogde beleggings in kritieke sektore van die Wes-Kaapse ekonomie tot gevolg hê.

Die departement het in sy Groei vir werke-strategie uitsette geïdentifiseer wat bedoel is om ekonomiese groei deur uitvoere en beleggings te verhoog. Die departement mik daarna om mediumtermyngeleenthede en beleggings te ontsluit, aangesien Suid-Afrika staatmaak op sy vermoë om sy goedere en dinste aan internasionale markte te verkoop om volhoubare langtermyn- ekonomiese groei en werkskepping te behaal.

Ten einde uitvoering aan sy Groei vir werke-strategie te gee het die subprogram strategiese intervensies geïdentifiseer wat geïmplementeer en deur uitsetaanduiders gemeet sal word. Uitsetaanduiders in die JPP sal die bereiking van groei in uitvoere ondersteun, beleggings lok en tot oorkoepelende werkskepping in die Wes-Kaap bydra.

Die subprogram: Sektorale ontwikkeling sal, gegrond op die befondsing wat beskikbaar gestel is, daarna mik om 'n minimum van 20 uitvoerders in die 2023/24-boekjaar met verbeteringsintervensies vir mededingendheid by te staan. Die voorgestelde aksieplan sal bykomende maatreëls uiteensit om die aantal maatskappye wat hulle produkte en dienste uitvoer, te verhoog. Hierdie maatreëls sal hulle in staat stel om Wes-Kaap-gebaseerde maatskappye se markaandeel in bestaande markte uit te brei en 'n vastrapplek vir ondernemings in nuwe markte te kry. Distriksuitreike en bewustheidsessies sal dwarsoor die Wes-Kaap gehou word ten einde 'n bewustheid te skep van nuwe markte en uitvoergeleenthede gegrond op kritieke ekonomiese intelligensie wat die departement verskaf as deel van die werk wat met die uitvoerstrategie-ontwikkelingsproses verband hou

Hindernisse tot groei sal geïdentifiseer en getakel word in kritieke sektore van die Wes-Kaapse ekonomie. Die doel van hierdie inisiatiewe is om voorspraak te maak vir laer handelsversperrings deur tegniese handelsversoperrings in teikenmarkte te identifiseer wat Wes-Kaapse uitvoere beïnvloed. Dit sal gedoen word deur met sakeondernemings, nasionale regeringsdepartemente en agentskappe saam te werk om beperkings te lig deur steun te werf by gesagsliggame wat onderhandelinge in die handelsektor doen en deur tegniese hindernisse vir handel op te los.

Saam met die Groei vir werke-strategie sal verskeie oorkoepelende temas wat sektor-spesifieke steun gee, geïmplementeer word om op ondersteuning aan sektore met vinnige groei en werkskeppingspotensiaal te fokus. Dit sal gedoen word deur bykomende maatreëls uiteen te sit om sektore waarin die Wes-Kaap sterk is, insluitend agriprosessering, vervaardiging en dienste, uit te brei.

6.3.2 Subprogram 3.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde uitvoere	Sektor-instaatstellende inisiatiewe ondersteun	3.3 Getal sektor-instaatstellende inisiatiewe ondersteun	-	9	8	4	-	-	-
	Sake ondersteun met uitvoer-gereedheids-intervensies	3.4 Getal sake ondersteun met uitvoer-gereedheids-intervensies	-	-	-	-	20	50	80

6.3.3 Subprogram 3.2: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.4	Getal sake ondersteun met uitvoer-gereedheidsintervensies		20	-	-	-	20

6.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Agriprosessering

Die agriprosesseringsektor is die tradisionale hart van die Wes-Kaapse ekonomie. Sewe van die grootste uitvoere van die provinsie is landbou- of landbou-geprosesseerde produkte. In hulle posisionering as afspringplekke na die binneland van Afrika is Kaapstad en die Wes-Kaap kernbestemmings vir uitvoergeleenthede na die kontinent en die res van die wêreld.

Wat sentraal tot die sukses van die werkplan vir die departement staan, is om op die provinsiale strategiese plan, visie-gerigte prioriteite en die Groei vir werke-strategie te lewer, met die fokus op dielewering van groei en werke. Die realisering van hierdie visie sal wesentlik belangrik wees indien die agriprosesseringsektor tot die

uitdagende teikens van groeiende uitvoer, die uitbreiding van die grootte van die ekonomie R1 triljoen en die skep van nuwe werke teen 2035 wil bydra. Die gedetailleerde respons om dit te lewer, word hier onder uiteengesit, en met beperkte hulpbronne is die departement ook toegewy om in vennootskap met bedryfsbelanghebbers saam te werk om die bedryfs-geleide aanbevelings te help lewer.

Die prioriteitsaksies van die departement sluit die volgende in:

Subsektoranalise en -steun

Ten einde bewys-gegronde beplanning te ondersteun sal die departement 'n profiel en 'n reeks opdragnotas aan die onderskeie agriprosesserings-subsektore voltooi. Die doel is om gesintetiseerde data oor die dinamika van die agriprosesserings-subsektore te verskaf, veral in hulle bydrae tot die BBP, werkverskaffing en mededingendheid. Die primêre databronne kom van verskillende platforms soos bedryfsverenigings, maatskappye, Staatsieke Suid-Afrika, Quantec en die Internasionale Handelsentrum. Subsektor-analise sal die knelpunte en geleenthede oor die waardekettings heen identifiseer en dan 'n raamwerk vir sektor-spesifieke aksies ontwikkel wat saam met die bedryfbelanghebbers gepak moet word. Spesifieke aktiwiteite sluit die volgende in:

- Onderneem subsektor-evaluering saam met bedryfsbelanghebbers
- Onderneem ewekansige navorsing van beskikbare platforms
- Stel profiele van agriprosesseringsbedryfsektore saam
- Identifiseer kernbeperkings en geleenthede
- Skep bewustheid van agriprosesseringsgeleenthede en beskikbare steundienste
- Fasiliteer steun met betrekking tot agriprosesserings-verwante inisiatiewe.

Tegniese steun

Die doelwit van hierdie komponent is om die implementering van die Wes-Kaapse uitvoerstrategie te ondersteun deur marktoegang van agrigeprosesseerde produkte op binnelandse en oorsese markte deur verbeterings in (i) voedselveiligheidstandaarde; (ii) sanitêre en fito-sanitêre maatreëls; (iii) produkverpakkings-/etiketteringsvereistes en (iv) versperrings in terme van inligtinginsameling en -verspreiding. Die subprogram: Sektorontwikkeling sal die ondernemingsontwikkelingspan ondersteun om aan uitvoerders met tegniese versperrings deur die hupstootfonds steun te verskaf met behulp van die marktoegangskategorie in die hupstootprogram. Dit is 'n verdere nuwe byvoeging om die fonds nader aan G4J en uitvoerontwikkeling te belyn.

Markontwikkeling

Dit is kritiek belangrik vir ekonomiese groei in die agriprosesseringssektor in die Wes-Kaap dat geleenthede in beide die binnelandse en internasionale markte aangegrep word. Die departement stel programme en dienste beskikbaar en werk saam met Wesgro om die mededingendheid van die agriprosesseringssektor te ondersteun. Die departement werk ook daaroor om geleenthede vir die uitvoer van waarde-toegevoegde produkte te verhoog deur internasionale marktoegang te behou, te diversifiseer en uit te brei. Die departement sal ook voortgaan om markontwikkelingsteun in die vorm van ondersoekende dienste te verskaf om maatskappye plaaslik te help en hulle uitvoergereedheid te oorweeg.

Gemak van sake doen

Die departement erken die bedryf se begeerte vir 'n meer sake-vriendelike regulatoriese omgewing, maar is terselfdertyd bedag daarop dat dit gebalanseer moet wees met die plig om verbruikers en die omgewing te beskerm. Die departement sal 'n deeglike hersiening van plaaslike sakeregulasies onderneem, wat elemente van die agriprosesseringssektor buite die omvang van die voortgaande rompslomp insluit, en sal maatreëls vir maatskappye en nywerhede ondersteun om nakomingsbenaderings te ontwikkel.

Bedryfsvennootskap

Die regering alleen kan nie die sukses van die Groei vir werke-strategie verseker nie. Sonder die bedryf wat sy deel doen, is dit onmoontlik om ons gedeelde aspirasies te bereik. Die steun van die departement aan die agriprosesseringssektor is deur belanghebberoordeelkomste en -deelname gelei. Die departement sal saam en in vennootskap met die belanghebbers van die

agriprosesseringsbedryf werk om 'n wye reeks geïdentifiseerde aksies te verwesenlik. Die departement sal na die agriprosesseringsbedryf kyk om die proses van die aanbeveling van die doeltreffendste wyses vir die regering om deel te neem, te lei. Die meeste van die inisiatiewe val binne die oorkruis-temas wat deur die Groei vir werke-strategie geïdentifiseer is.

Vervaardigingsektor

Die vervaardigingsektor is 'n kern- ekonomiese drywer vir beide die provinsiale en nasionale ekonomie, maar word voortdurend beïnvloed deur stygende insetkoste, bekostigbare en betroubare energie en 'n gebrek aan beleggings vir volhoubare langtermyn-ekonomiese groei. Die WK beskik nie oor die markgrootte om ekonomiese groei gegrond op verbruikersbesteding alleen te genereer nie, en dit is ook nie 'n laekoste-vervaardigingsbestemming nie; daarom is dit van uitvoermarkte afhanklik om uitskiet- ekonomiese groei deur genoegsame skaale en verkope te bereik.

Die sektor kan uitvoere 'n beduidende hupstoot gee deur uitvoer-gerigte vervaardigingsondernemings, sowel as sy skakeling met ander sektore en ekonomiese aktiwiteite. Daar is 'n duidelike toename in die globale vraag na vervaardigde produkte, maar die sektor trek nie die volle voordeel uit globale verbeterings in vraag weens die heropening van ekonomiese groei nie.

Tydens die 2023/24-sal die sektor-toelatende program op inisiatiewe en intervensies fokus om ekonomiese groei in die mariene vervaardig- en verwante dienste (MVVD), asook die klere-, tekstiel-, skoeisel- en leer- (KTSD-) bedrywe te stimuleer. Hierdie bedrywe sal geteiken word om realistiese uitvoergeleenthede vir volhoubare groei in die Wes-Kaapse uitvoerbasis in hierdie sektore te identifiseer, asook om ekonomiese groei en werkskepping aan te help. Die G4J-strategie dui aan dat die mees fundamentele faktore vir uitskiet- ekonomiese groei die implementering van intervensies is wat produktiwiteit sal verbeter, en diversifikasie en spesialisering van uitvoere en groter wordende markte fasiliteer.

Die spesifieke intervensies sal fokus op:

Belanghebber-betrokkenhed

Die kartering van waardekettings en ooreenkomsde met sake oor die keuse van nuwe uitvoerprodukte wat die waarde van die WK-uitvoere oor die volgende vyf tot tien jaar sal verhoog. Hierdie intervensie sal in samewerking met strategiese vennote in die kostelsels van die MVVD en KTSL-bedrywe geïmplementeer word.

Marktoegangstrategieë

Identifiseer realistiese uitvoergeleenthede in die MVVD- en KTSL-bedrywe deur die produk-kompleksiteitskarteringswerktuig, asook die vyf leidende markte wat die hoogste uitvoerpotensiaal bied. Skakel met plaaslike en nasionale regeringsdepartemente om te verstaan hoe ooreenkomsde wat met marktoegang verband hou, onderhandel en geïmplementeer word, en skakel met bedryfsverenigings en uitvoerrade om geleenthede vir die harmonisering van standarde en procedures te identifiseer.

Gemak van sake doen

Verskaf ondersteuning om globale mededeingende ondernemings te ontwikkel deur beleid- en regulatoriese kwessies op te los wat die uitvoer-ekostelsel vir die vervaardigingsektor sal verbeter.

Dienstesektor

Die Groei vir werke-strategie het verskeie beduidende neigings, eienskappe en faktore geïdentifiseer wat vir toekomstige sukses rakende die departement se werkplan vir die lewering van groei en werke aangewend kan word. In die dienstesektor is dit die volgende (G4J-strategiese raamwerk, 2022):

- Die werklikheid dat groei in die Wes-Kaapse sakedienstesektor steeds werk skep
- Die groter-wordende Wes-Kaapse finansiëledienstesektor.

- Die potensiaal om die Wes-Kaapse posisie as 'n kern-Afrika-finansiële diens, waagkapitaal en digitale kernpunt aan te wend
- Kaapstad se erkenning as 'n UNESCO- kreatiewe-ontwerpstad, waarin skeppende bedrywe soos films, animasie en musiek floreer.

Indien kommer oor volhoubaarheid die globale en nasionale diskouers begin domineer, tesame met die behoefte om die invloed van klimaatsverandering te verlig, sal 'n revolusie in energietegnologie tot 'n lae-koolstof groen ekonomie lei. Buitendien duï die neiging op 'n groter kans dat die sakedienstesektor vinniger as die algehele ekonomie sal groei. In hierdie geval sal die myn-, steengroef-, en verdedigingsektore relatiewe verloorders wees, terwyl die sakedienste- en kommunikasiesktore daaruit voordeel sal trek.

Met bogenopemde neiging in gedagte sal die dienstesektor daarna streef om investering en groter wordende uitvoere te dryf ten einde tot die visie van 'n groei tot R1 triljoen vir die Wes-Kaapse ekonomie en die skep van nuwe werk teen 2035 by te dra.

Die "Dienstesektor-toonbank" in die departement behels die SPO-, eiendomsbestuur-, film-, finans- en sakedienstesektore. Die sektortoonbank tree as saakbestuurder op ten einde hierdie sektore in staat te stel om in die Wes-Kaap te groei ten opsigte van werkskepping en ekonomiese welstand. Die eenheid bereik dit deur tussen verkeie rolspelers te faciliteer en te koördineer om stremminge wat sektorale groei beperk, te ontsluit deur intervensies oor die gemak van sake doen of bystand met rompslomp-vermindering. Die bystand kan ook die deel van inligting (bv. sektorale IK), bystand om toegang tot regeringsaansporings, befondsing en privaat vennootskappe insluit.

Die dienstesektorinisiatiwe is nie net met die provinsiale strategiese plan, Visie-gedreve prioriteite en die Groei vir werke-strategie belyn nie, maar ook met die medium- tot langtermynprestasie van die Wes-Kaapse herstelplan.

Die plan spreek die fundamentele ekonomiese tekortkominge aan wat veroorsaak dat die ekonomie vir meer as 'n dekade onderpresteer het. Dit neem ook kennis van die fundamentele en strukturele ekonomiese foutlyne wat deur covid-19 vererger is.

Die sektorale instaatstellingsteun is rondom die volgende ekonomiese sektorale steunvlakke gestruktureer:

- **Gemak van sake doen:** Identifiseer en lig terreine in die dienstesektorbedrywe uit waar daar hindernisse tot groei is, en rompslompkwessies wat opgelos kan word sodat die sektor kan groei
- **Beleid:** Verstaan die beleidsomgewing van die dienstesekture, identifiseer beleidsgapings deur hersiening en ontwikkel nuwe beleidsopdragte waar nodig. Daar bestaan talle beleidsremmings in die dienstesektor, wat steunwerwing en hersiening vereis. Hierdie intervensies belyn om gemak van sake doen te skep
- **Navorsing en sektorale insigte:** Ontwikkel dienstesektorintelligensie en samel inligting in uit navorsing wat gedoen word en gee dit aan die IK-inisiatiief deur vir aanlynpublikasie van data en navorsing
- **Belegging- en handelsonwikkeling:** Identifiseer die behoeftes in die dienstesektorbedrywe van handelsonwikkeling vir maatskappy om uitvoer- en beleggingsgereed te wees en verwante intervensies vir munisipaliteit. Die G4J-strategie belig ook beduidende groepotensiaal in dienste-uitvoer in die Wes-Kaap. Baie van die beleggingsaktiwiteite in die Wes-Kaap kom in die dienstesektor voor; die strategieë sal nie nodige rigting in terme van die skep van 'n bevorderlike omgewing vir belegging en handel in die bedryf versaf
- **Bedryfaksieplatforms:** Skep betrokkenheidsplatforms met bedryfsvennote om 'n invloedryke rol in elke ekostelsel te speel. Die vergroting van vennootskappe deur belanghebberoordeelkomste sal steeds facilitering tot steun bied wat deur die dienstesektorbedrywe geïdentifiseer word. Die departement en elke sektortoonbank se verhoudinge met privaat- en openbaresekretoblanghebbers moet gekoester en versterk word, veral in die huidige finansiële klimaat waar vennootskappe selfs belangriker is om die noodsaklike potensiaal of herstel en groei oor die ekonomie heen te realiseer
- **Identifiseer en koördineer katalitiese sektorale intervensies:** Identifiseer geleenthede in die dienstesektorbedrywe en koördineer die katalitiese geleenthede oor die DEOT heen. Die geleenthede sluit die identifikasie van enige vaardigheidsgapings, tekorte of die behoefte vir skaars vaardighede in die onderskeie sektore in.

Hierdie inligting sal vaardigheidsontwikkelingsprogramme inlig, wat subsektor-spesifieke vaardighede ondersteun, inlig. Bykomende katalitiese geleenthede hou verband met infrastruktuur, kern- privaatsektorbeleggingsgeleenthede en die verhoogde deelname van nuwe entrepreneurs. Die dienstesektoroonbank sal aktiwiteite koördineer en belyning met ander lyndepartemente in die DEOT verseker om die intervensies dienooreenkomsdig te realiseer.

Die Dienstesektoreenheid sal vir die 2022/23-boekjaar op drie kernuitkomste fokus. Dit is as volg:

- Ondersteun en laat die filmbedryf in die Wes-Kaap 'n instaatstellende vastrapplek kry. Dit sal verseker dat die filmbedryf se behoeftes, magtiging en geleenthede in en tussen die departement en die bedryf deeglik gekoördineer is. Die doel is dat die filmbedryf tot die BWT en BBP van die Wes-Kaap bydra, en sodoende ekonomiese groei en die skep van hoë- medium- en laeskaalvaardigheidswerke skep, nie net in die filmbedryf nie, maar ook in daardie bedrywe/subsektore wat dienste aan waardeketting van die die filmbedryf bied en daaruit voordeel trek.
- Ontwikkeling en implementering van 'n loods- munisipale beleggingsgereeheidsprogram. Heirdie loodsprogram sal stelselmatig deur die proses werk om die volwassenheid van elke munisipaliteit om beleggingsnavrae te hanteerwerk, te vestig. Saam met Wesgro sal die SAVPR, die rompslomspan en die munisipale ekonomiese ondersteuningseenheid, die handel- en sektorale ontwikkeling kriteria ontwikkel om elke munisipaliteit se beleggingsgereeheid te evalueer, 'n gapingontleding te onderneem en 'n beplande benadering ontwikkel om die ge:identifiseerde gapings op te los. Die proses sal die ontwikkeling van 'n beleggingfasiliteringswerktuig en die opleiding van munisipale amptenare om hierdie werktuie te implementeer wanneer hulle met potesiële beleggers ontmoet, insluit. Deur hierdie intervensie sal munisipaliteite beter toegerus wees om beleggings in hulle munisipale gebied te bekom en te sluit en sodoende tot die ekonomiese ontwikkeling en werkskepping bydra.
- Koördineer en fasiliteer die finalisering van die Wes-Kaapse beleggingstrategie. Saam met Wesgro en ander belanghebbers koördineer, fasiliteer en finaliseer die departement die ontwikkeling van die Wes-Kaapse beleggingstrategie. Die strategie sal 'n gedetailleerde Teorie van verandering-model met potensiële uitkomste en uitsette, elk met sy toegewysde aktiwiteite en implementeringsplanne, insluit. Die implementeringsplanne sal toegekende rolle en verantwoordelikhede met tydramwerke vir die implementering daarvan bevat.

6.3.5 Program 3: Bygewerkte kernrisiko's en –verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde uitvoere	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan verteenwoordiging oop nasionale en bedryfsvlakplatforms om die Wes-Kaap en sy bedrywe te verteenwoordig as 'nsektorale benadering net gevold word nie • Die responsiwiteit tot die behoeftes van die sektor met geloofwaardige projekte en programme te wyte aan fiskale beperkings wat 'n invloed op die sektorale groei en herstel sal hê • Nie-responsiwiteit teenoor konstitusionele mandate deur slegs promosie-aktiwiteite te prioritiseer en nie ook sektorale aktiwiteite nieby only prioritising promotional activities versus sector support activities • Beperkte hulpbronne beskikbaar om kernbedrywe te ondersteun om die uitvoerpyplyn uit die Wes-Kaap te vergroot 	<ul style="list-style-type: none"> • Stel beamptes uit die departement aan om op die betrokke nasionale platforms te dien • Wanneer die G4J-strategie afgehandel is, word 'n hersiene makro- en mikrostrukturele OD-proses en 'n hersieing van hulpbronbehoeftes om die G4J-strategie en grondwetlike mandate ooreenkomsdig daarmee te implementeer, vereis

6.4 Oorwegings van programhulpbronne

Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 1 R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% verandering van hersiene beraming			
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2022/23	2024/25	2025/26
1. Bevordering van handel en beleggings	48 539	59 965	62 113	62 113	62 113	62 113	69 280	11,54	72 440	75 219
2. Sektorale ontwikkeling	12 991	9 377	11 863	10 108	12 686	12 686	16 419	29,43	15 382	15 826
Totale betalings en beramings	61 530	69 342	73 976	72 221	74 799	74 799	85 699	14,57	87 822	91 045

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die totale begrotingstoewysing vir Program 3 in 2023/24 is R85,6 miljoen. Dit is 'n verhoging in die toewysing vanaf die 2022/23-boekjaar en is inlyn met die G4J-prioriteite na die uitvoer- en beleggingsprioriteit-fokusareas. Die grootste deel van die begrotingstoewysing sal vir die oordrag aan Wesgro vir die uitvoer- en beleggingsbevorderingsaktiwiteite gebruik word. Die departement se hulpbronne sal vir die mededingendheid en vermoë van uitvoerverwante bedrywe ingespan word om die uitvoerpyplyn oor die volgende 12 jaar te vergroot. Dit sal 'n deeglik beplande poging en ondersteuning aan sektore met uitvoerpotensiaal en 'n skuif van sektorale ontwikkeling na G4J en 'n uitvoer-geleide ondersteuning vereis. Daarbenewens reageer die begroting na die beleggingsprioriteits-fokusarea, en die meeste van die beleggingsverwante begroting sal vir die beleggingspromosiegeleenthede van Wesgro wees. Die departement sal op niefinansiële ondersteuning fokus om beleggingsgeleenthede vir die pyplyn te identifiseer en ook enige hindernisse wat deur beleggers ervaar word, deur die GvSD-inisiatiewe, wat die munisplae beleggingsgereedheidsprogram insluit, ontsluit. Die begrotingstoewysing sal primêr vir promosieaktiwiteite gebruik word, maar die behoefte van sektorale instaatstelling wat met uitvoere en beleggings verband hou, is kritiek belangrik om 'n sterker en meer volhoubare uitvoer- en beleggingspyplyn te laat groei om uitskietgroeи te bereik.

6.5 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Belyning met DEOT-uitkoms	Kernuitsette	Huidige jaarlikse begroting (R '000)
Wesgro	Handel- en beleggingsbevordering asook bestemmingsbemarking	Verhoogde uitvoere	Handelsooreenkomste onderteken	27 926
		Verhoogde Randwaarde van beleggings	Beleggingsprojekte gerealiseer	31 491

7. Program 4: Sakeregulering en bestuurstoesig

7.1 Doel

- Om 'n billike, sosiaal-verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap te skep – deur algemene intervensies in die handelsomgewing en deur spesifieke intervensies waarvoor die mandaat uit die Grondwet, nasionale en provinsiale wetgewing en beleide kom.

7.2 Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

7.2.1 Doel

- Om maatreëls wat die regte en belang van alle verbruikers verseker, te skep, te implementeer en te bevorder

7.2.2 Subprogram 4.1: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers	Intervensies vir verbruikers-opvoeding onderneem	4.1 Getal intervensies vir verbruikers-opvoeding onderneem	152	329	292	200	300	400	450
	Verbruikers-klagtes binne 90 dae opgelos	4.2 Percentasie verbruikers-klagtes binne 90 dae opgelos (Totale klagtes binne 90 dae opgelos/ Totale aantal klagtes ontvang)	-	87%	93% (1 250/ 1 342)	75%	80%	80%	85%
	Verbruikersake-tribunaal gevestig	4.3 Vestiging van Verbruikersake-tribunaal	-	-	-	Verbruiker sake-tribunaal gevestig	-	-	-
	Verbruiker sake-tribunaal in bedryf gestel	4.4 Getal oplossings-ooreenkomste deur Verbruikersake-tribunaal bevestig	-	-	-	-	5	20	50

7.2.3 Subprogram 4.1: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.1	Getal intervensies vir verbruikersopvoeding onderneem	300	60	90	90	60
4.2	Persentasie verbruikersklagtes binne 90 dae opgelos (Totale klagtes binne 90 dae opgelos/ Totale aantal klagtes ontvang)	80%	-	-	-	80%
4.4	Getal oplossingsooreenkomste deur Verbruikersakatribunaal bevestig	5	-	-	-	5

7.2.4 Hersiene verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

In die vorige boekjare het die KVB spesifieke projekte met geïdentifiseerde gehore, insluitend die jeug, ouer persone, vroue en persone met gestremdhede van landelike tot stedelike gebiede onderneem. Die ruimtelike verspreiding van hierdie diensleweringsaanbieding het tot gevolg gehad dat die KVB verbruikers oor die hele provinsie bereik het en dus sy voetspoor gelaat het – nie net in die streek nie, maar ook nasionaal. Die KVB het verskeie bemarkings- en kommunikasiemiddele gebruik om verbruikers oor 'n hele aantal temas te bereik – van persoon-tot-persoon-werkwinkels/inligtingsveldtogte, radio-advertensies en/of geselsprogramme, teaterproduksies en uitstellings. Die KVB is dus 'n kernkomponent van die departement se inwonengerigte diensaanbod met die spesifieke fokus op verbruikersbeskerming en verwante sake. Dis belangrik om daarop te let dat een van die fokusareas wat in die departement se Groei vir werke-strategie geïdentifiseer is, die element van 'n bekwame staat en goeie bestuurstoesig is. 'n Bekwame staat word gesien as een wat op 'n gekoördineerde wyse werk om duidelik gedefinieerde doelwitte te bereik, en sy verpligtinge en verantwoordelikhede en diensleweringsmandate doelmatig en doeltreffend nakom. 'n Bekwame staat is dus responsief, met gesonde positiewe waardes wat dienste lewer aan die inwoners vir wie dit dien. Al die dienste-aanbiedings van die KVB is gerat dat die departement sy wetgewende verpligtinge asook die WKR se verbintenis tot 'n inwoner-gesentreerde provinsiale diensnakom. Daar is dus 'n duidelike belyning met die voorgestelde Groei vir werke-strategie.

Weens die huidige fiskale stremminge en die impak daarvan op die bedrywigheid van die KVB sal 'n nuwe en verbeterde benadering tot strategiese vennootskappe met belanghebbers binne die verbruikersbeskermingsomgewing geformuleer word om te verseker dat leweringsteikens bereik word, met 'n ruimtelike fokus. Hierdie kernbelanghebbers sal ander provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede en/of departemente, nasionale verbruikersbeskermingsentiteite en/of departemente, privaatsektorliggame, akademici, sakekamers-/organisasies en nieregeringsorganisasiesins insluit. 'n Kernreguleerder binne die finansiëlegeletterdheidsomgewing vir wie die program voortdurend gaan betrek, is die Nasionale Kredietreguleerder (NKR). Daar word aanvaar dat die uitdagende ekonomiese toestande gewone verbruikers negatief getref het en erge druk op die ekonomiese en finansiële welsyn van verbruikers geplaas het. Spesifieke intervensies met organisasies soos die NKR is dus 'n kemintervensie in die tydperk wat voorlê om verbruikers by te staan wat finansieel swaarkry. Die verskeidenheid van vennootskapooreenkomste en aktiwiteit sal inwoners bystaan om finansiële veerkrachtigheid na die voortdurende negatiewe ekonomiese impak weens hoë vlakke van werkloosheid en beperkte ekonomiese groei te bou en te verbeter. Hierdie intervensies sal ook die rol wat die KVB dwarsoor die provinsie speel, verder verbeter. Die Wes-Kaapse herstelplan asook ie Wet op Verbruikersbeskerming, 2008, plaas sterk klem op die behoeftes vir doeltreffende vennootskappe tussen die regering en ander rolspelers in die verbruikersbeskermingsarena, en daarom sal voortgaande ooreenkomste in hierdie verband steeds onderneem word. Die vennootskappe tussen akademici, sake, die burgerlike samelewings en meer spesifik die regring (plaaslik/provinsiaal en nasionaal) wat oor die afgelope jare gebou is, sal in die komende boekjaar versterk word. Deur die gebruik van kernplatforms vir betrokkenheid sal die KVB in die komende jaar op alle vlakke 'n ruimtelike lens gebruik om gehalte- en toeganklike diens te verseker. Hierdie benadering sal ook verseker dat die KVB sy wetgewende mandaat, soos uiteengesit in die Wes-Kaapse wet op verbruikersake (Wet op Onbillike Sakepraktyke) bereik.

Verbruiker-regstelling

Verbruikersbeskerming is 'n terrein van gelykydige regsspraak soos in Skedule 4 Afdeling A van die Grondwet in die vooruitsig gestel word. Die projekte en bedrywighede wat aan die dienste van die KVB gekoppel is, is primêr op 'n inwoner-gesentreerde diens ingestel, aangesien dit dispuitoplossingsdienste tussen verbruiker en verskaffer verskaf, die mandaat wat dit kragtens die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Wet op Onbillike Sakepraktyke), Wet 10 van 2002, het. Suid-Afrika het sedert 1994 baie stukke wetgewing, insluitend die Verbruikersbeskermingswet, 2008, deurgevoer wat 'n proses van bemiddeling voor formele veroordeling weerspieël. Die KVB is 'n wetgewende komponent van die DEOT en is daarom getaak met die implementering van verbruiker-verwante regstellingsdienste in die provinsie. Hierdie diens is beskikbaar via 'n tolvry nommer wat deur 'n inbelsentrum bestuur word om te verseker dat ons toeganklik, responsief en verantwoordbaar is. Die gebruik van 'n elektroniese klagtebestuurstelsel vir die lê en bestuur van verbruikersklagtes het die KVB gehelp om gehalte en doeltreffende dienste aan die inwoners van die provinsie te lewer. Die inbelsentrum, alternatiewe dispuitoplossings- (ADO-) dienste en verwysende mekanismes is alles daarop gefokus om te verseker dat die doelwit, soos in die provinsiale strategiese plan PSP uiteengesit, bereik word. Deur die verskaffing van hierdie doeltreffende dienste kan inwoners 'n gunstige persepsie van die WKR kry en ambassadeurs vir die provinsie wees. Voordele soos terugbetalings vir swak gehalte goedere, dienste, en die herstel van foutiewe produkte sal die persepsie wek dat die WKR die gehalte van diens en produkte ernstig opneem, en dit kan beleggersentiment oor die provinsie verbeter. Die eenheid dra dus sy deel by om te verseker dat die inwoners van die Wes-Kaap 'n eerstehandse ervaring van die WKR se verbintenis tot die verskaffing van gehalte diens het. Gehalte diens in die toerismesektor kan byvoorbeeld die getal toeriste wat die provinsie besoek, 'n hupstoot gee, en só die groei van beide uitvoer en verhandelbare sake aanhelp, wat weer tot werkskepping lei. Versterkte selfregulerende mekanismes en verhoogde bewustheid van verbruikersregte onder sakkeli skep gunstige toestande vir die bevordering en verbetering van mekanismes vir die vrienkskaplike oplossing van verbruikersdispute. Buiten die gebruik van verbruikersbeskerming as 'n mededingende strategie bemoedig die respek vir en nakoming van verbruikersregte herhaalde aankope. Die ervaring het getoon dat alternatiewe dispuitoplossingsmekanismes buite die hof 'n doeltreffende en koste-effektiewe metode is om verbruikersregstelling te verkry. In kleiner gevalle slaag die Howe dikwels nie daarin om weens uitgerekte hofverrigtinge hoë koste, geformaliseerde procedures en sielkundige hindernisse rondom litigasie die gewenste uitkomste te lewer nie. Die ontwikkeling van alternatiewe dispuitresolusie is egter nie moontlik sonder die aktiewe deelnemende samewerking en bereidheid van sakeondernemings nie; gevvolglik moet die ontwikkeling van vrienkskaplike dispuitoplossingstelsels in die begrip van die billike behandeling van kliënte ingesluit word. Dit is daarom 'n kern-strategiese intervensie vir die program.

Verbruikersaketreibunaal

Die regssrel is uiters belangrik vir enige inwoner-gesentreerde ekonomiese ontwikkeling. Die begrip van menswaardigheid staan sentraal in die algehele tema van die Wes-Kaapse herstelplan, met die inwoner aan die sentrum van alles wat ons as die Wes-Kaapse regering doen. Daarby, soos voorheen genoem, is die ontwikkeling van 'n bekwame staat en goeie bestuurstoësig kernkomponente van die departement se Groei vir werke-strategie. Hierdie spesifieke diensaanbod skakel direk met die departement Hierdie spesifieke diensaanbod skakel dus direk met die departement se visie om 'n goeie bestuurstoësig-infrastruktuur te implementeer.

Hierdie spesifieke diensaanbod is 'n wetgewende funksie en voorsien 'n tweede vlak van intervensie in die verbruikerregstellingarea. As gevvolg hiervan, en waar alternatiewe dispuitoplossingsprosesse onsuksesvol is, het die KVB die statutêre mag om 'n wetlik afdwingbare regstellingsdienst via die Verbruikersaketreibunaal te verskaf. Die KVB het in die afgelope boekjaar die wetgewende proses vir die benoeming, seleksie en aanstelling van lede op die Verbruikersaketreibunaal geïnisieer, inlyn met Artikel 15 van die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Wet op Onbillike Sakepraktyke) Wet 10 van 2002. Die proses sal in die aanstelling en inhuldiging van die suksesvolle lede uitloop wat vir die voorgeskrewe tydperk op die Tribunaal moet dien. Die tribunaal sal dus in die komende boekjaar as 'n beoordelende gesag optree oor sake wat deur die KVB na hom verwys is. Oplossingsooreenkomste wat deur die tribunaal uitgereik word, sal bindend wees, en nienakoming kan tot streng optrede teen die skuldige partye lei. Hierdie statutêre regstellingsdienst voorsien die KVB met 'n doeltreffende mekanisme om te verseker dat die regte van die inwoners gerespekteer word en dat sake hulle wetlike verpligte nakom. Hierdie intervensie dien ook as 'n kostedoeltreffende mekanisme waardeur verbruikers en sakeondernemings hulle dispute buite die formele strafhofstelsel en -proses kan oplos. Dit het ook verskeie voordele vir beide verbruikers en sake. Die statutêre regstellingsdienst via die tribunaal dra dus by tot die fokusarea – die gemak van sake doen – soos deur die departement geïdentifiseer is.

Die KVB is ook tans betrokke in die proses om 'n hersiene en verbeterde verbruikersbeskermingswet vir die provinsie op te stel. Dis 'n uitgerekte wetgewende proses, aangesien sekere stappe en prosesse gevvolg moet word. Die nuwe wet sal met die Wet op Verbruikersbeskerming belyn wees en sal dieselfde vlak van verbruikersbeskerming bied soos in die Verbruikersbeskermingswet verskans word. Deur ons provinsiale wette te belyn sal die KVB toegang tot regstelling verbeter en die KVB se posisie as die eerste en voorkeur-verwysingspunt vir verbruikers wees wat toegang tot regstelling soek, hetsy hulle inwoners van of besoekers aan die die provinsie is. Deur die ekonomiese belang van verbruikers te bevorder en te beskerm sal ons 'n billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte en -dienste verseker, wat op sy beurt verantwoordelike verbruikersgedrag bevorder wat tot ekonomiese groei kan lei, aangesien inwoners 'n inkomste kan genereer. Die voorgestelde verbetering van die provinsiale wet sal dus 'n toelatende omgewing vir werke skep, wat een van die temas van die Wes-Kaapse herstelplan is.

Verbruikersopvoedingsdienste

Die KVB sal voortgaan om sy statutêre verpligting uit te voer deur aktiewe opvoedkundige uitreik- en inligtingsintervensies aan die inwoners van die Wes-Kaap te bied. Die mekanismes waardeur hierdie opvoedkundige veldtogte onderneem sal word, is veelsyldig en sal werkinkels, inligtungsveldtogte, radio-aktiwiteite, teaterproduksies en ander innoverende digitale middele van kommunikasie insluit. Finansiële geletterdheid het in die nasleep van die covid-19-pandemie en die onseker ekonomiese toestande toenemend as 'n belangrike vaardigheid in die meeste ekonomiese na vore getree. Die intervensie sal ook op die geïdentifiseerde menseregte- hoofstroomprioriteitsgroepe, wat vroue, die jeug, mense met gestremdhede en ouer persone insluit, fokus. Vir hierdie geïdentifiseerde fokusgroepe sal pasgemaakte intervensies ontwikkel word wat ter sake en spesifiek op hulle gerig is. Die gevolge van die covid-19-pandemie het die potensieel-geïmpliseerde koste en negatiewe oorspoel-uitwerking van laevlakke van finansiële geletterdheid vir die samelewing in sy geheel in beide finansiële markte en huishoudings uitgewys. Daar word wyd erken dat finansiële opvoeding 'n belangrike komplement van markgedrag en omsigtige regulering geword het. Finansiële geletterdheid behels 'n wye reeks vaardighede, insluitend die vermoë om te verstaan hoe geld werk, hoe 'n mens geld kan verdien. Dit verwys spesifiek na die stel vaardighede en kennis wat mense ingeligte en doeltreffende besluite met al hulle finansiële hulpbronne (met ander woorde, finansiële beplanning, welvaartskepping en -groei, skuld, aftrede, spaargeld, ens.) kan laat neem. Dit rus inwoners toe met kennis en 'n begrip van finansiële sake en het 'n direkte invloed op en gee inligting sodat individue besluite kan neem, beide as verbruikers en beleggers. Dit is aan die breër ekonomie en ekonomiese groei gekoppel; daarom kan inwoners wat beter ingelig is, beter finansiële besluite neem, wat beteken dat die hele ekonomie daaruit voordeel trek. 'n Verbeterde leefwyse verhoog die waardigheid en welsyn van inwoners, wat op sy beurt op broodnodige werkgeleenthede vir werkloses kan uitloop. Hoewel finansiële geletterdheid nie 'n remedie of krisis kan voorspel nie, speel dit 'n deurslaggewende rol in die ekonomiese herstel en moontlike ekonomiese groei van 'n land. Verbruikeraankope en -vertroue is kritieke elemente van enige ekonomiese herstelstrategie, en die KVB sal voortgaan om steunintervensies met verbruikers en KMMO's te voorsien. Die gevvolglike impak is 'n toename in verbruikersvertroue in 'n onderneming of handelsmerk, wat verder 'n verhoogde omset en gevvolglike wins beteken. Die uitkringeffek daarvan is baie groot, aangesien dit 'n onderneming se vermoë om te groei en uiteindelik werk te skep, verhoog, en dus die ekonomiese groei van die provinsie verhoog. Die rol en belangrikheid van basiese beginsels soos verbruikersorg, kliënteregte en -verpligtinge, wetgewing en beleid oor verbruikersbeskerming is dus kritiek belangrik vir onderneming om verbruikersvertroue te behou.

Die program sal ook sekere bewusmakingsprojekte rondom die elektrisiteitskrisis loods. In hierdie verband sal verbruikers ook ingelig word oor alternatiewe energiebronne soos sonkragstelsels, en die mees gepaste manier waarop verseker kan word dat sulke stelsels deur goedgekeurde diensverskaffers geïnstalleer word. Die program sal ook saam met ander eenhede in die departement werk en pasgemaakte bewusmakings-intervensies aan KMMO's in townships lewer. Die fokus van hierdie sessies sal die wetgewende/wetlike omgewing van verbruikersbeskerming en die belangrikheid daarvan wees.

7.2.5 Subprogram 4.1: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers	<p>Verbruikersopvoedingsprogramme: Die vermoë om doeltreffende en volhoubare verbruikersopvoedingsprogramme oor die hele provinsie te implementeer weens onvoldoende hulpbronne (mense-, infrastruktuur- en finansiële hulpbronne), wat 'n afname in die bewustheid van verbruikersregtevlakke tot gevolg het en tot die mislukking om diensstandarde te bereik, lei</p>	<ul style="list-style-type: none"> Verbetering van strategiese skakeling met verskeie belanghebbers en vennote in die verbruikersbeskermingsomgewing. Gebruik van verskillende mediabronne soos die radio, gedrukte media, werk winkels, inligtingsessies, sosialemediaplatforms om inligting te versprei.
	<p>Die mislukking om sake op te los weens die ondoeltreffende inwerkingstelling van die Nasionale Verbruikerskommissie en die inkonsekwente vertolking oor bepalings in nasionale en provinsiale verbruikersbeskermingswetgewing, wat 'n invloed het op die verbruiker se reg om 'n doeltreffende regstelling van klagtes te kry, en wat dienslewering deur die provinsiale kantoor kortwiek</p>	<ul style="list-style-type: none"> Vestiging van 'n staande adviesraad vir die Wet op Verbruikersbeskerming deur die nasionale kommissaris. Kwartaallikse gevallebestuursavergadering tussen provinsies. Gereelde verslagdoening aan die Nasionale Verbruikerskommissie oor prestasie-verwante sake. Vestiging van 'n Provinciale Verbruikertribunaal wat onopgeloste klakte beoordeel.

7.3 Oorweging van programhulpbronne

Begrotingstoewysing vir program and subprogramme

Program 1 R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% verandering van hersiene beraming			
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2022/23	2024/25	2025/26
1. Verbruikersbeskerming	9 058	7 248	9 392	10 243	10 636	10 636	11 667	9,69	11 753	11 818
Totale betalings en beramings	9 058	7 248	9 392	10 243	10 636	10 636	11 667	9,69	11 753	11 818

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die program het tans altesaam 12 voltydse werkers en een gegradeerde werker in internskap in diens. Die VvW-begrotingstoewysing is R8,806 miljoen.

Die program is 'n wetgewende mandaatsverdeling met die primêre funksie om verbruikersbeskermingsdienste aan inwoners en sakeondernemings in die Wes-Kaap te verskaf. Die alternatiewedispuutoplossingseenheid verskaf 'n tolvry kontaksentrum waardeur inwoners dispute kan indien en terugvoering kry. Die begrotingstoewysing vir die alternatiewedispuutoplossingseenheid is R600 000.

Die statutêre beoordelingsrol sal deur die Wes-Kaapse Verbruikersaketreunaal gespeel word wat in bedryf gestel sal word. Hiierdie inisiatief sal sy deel bydra om dit makliker te maak om sake in die Wes-Kaap te doen. 'n Begroting van R400 000 is vir hierdie projek toegewys.

Benewens bogenoemde sal die program ook voortgaan om sy verbruikersopvoeding- en basiese finansiële geletterdheidsprogram oor die hele provinsie te implementeer. Die program tree in reaksie met die inwoners van die Wes-Kaap oor belangrike temas rondom die bewusmaking van verbruikersregte en basiese finansiële geletterdheid op. 'n Begroting van R900 000 is vir die program toegewys vir die implementering van die projekte vir bewusmaking van verbruikersregte en basiese finansiële geletterdheid.

8. Program 5: Ekonomiese beplanning

8.1 Doel

- Die doel van hierdie program is om ondersteuning aan die provinsiale leierskap te bied en ekonomiese groei met behulp van die gebruik en koördinering van ekonomiese navorsing en beplanning en deur die aktiewe ondersteuning van kern- ekonomiesetemadrywers en instaatstellers toe te laat wat ekonomiese groei oor die ekonomie en in afdelings van die ekonomie sal stimuleer.

8.2 Subprogram 5.1: Ekonomiese beleid en beplanning

8.2.1 Doel

- Om die ontwikkeling van provinsiale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun.

8.2.1.1 Subprogram 5.2: Navorsing en ontwikkeling

8.2.1.2 Doel

- Om ekonomiese navorsing te onderneem.

Let wel: Die uitsette van Subprogram 5.1 en 5.2 sal inn die onderstaande tabel samgevoeg word.

8.2.2 Subprogram 5.1 & 5.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
Verhoogde uitvoere	Navorsings-verslae oor ekonomiese intelligensie ontwikkel	5.1.1 Getal navorsings-verslae oor ekonomiese intelligensie ontwikkel	10	10	5	5	10	10	10
Verhoogde uitvoere	Assesserings van ekonomiese impak	5.1.2 Getal assessorings van ekonomiese impak onderneem	-	-	-	-	1	2	2

8.2.3 Subprogram 5.1 en Subprogram 5.2: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.1.1	Getal navorsingsverslae oor ekonomiese intelligensie ontwikkel	10	2	4	2	2
5.1.2	Getal assessorings van ekonomiese impak onderneem	1	-	-	-	1

1.1.1 Hersiene verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermmytydperk

Die program sal vir die 2023/24-boekjaar voortgaan om strategiese ontwikkeling en ekonomiese beleid vir alle ekonomiese deelnemers in die provinsie te ondersteun ten einde die ekonomiese diskous in die provinsie te lei en te vorm. Die navorsingseenheid sal beduidende ondersteuning aan die Wes-Kaapse Groei vir werke-strategie (G4J) deur sy ondersteuning van Ekonomiese IK bied. Paraatheid en weldeurdagte besluite vereis kennis-gegronde en data-geleide besluitneming. Dit sal databestuur- en verslagdoeningsvermoë en sterk en soepel ekonomiese en ruimtelike data, ontledingsvermoë en intelligensie vereis, wat absoluut belangrik is vir strategiese ontwikkeling. Ekonomiese IK is dus in die Groei vir Werke-strategie 'n kernwerktuig of hefboom wat ekonomiese groei ondersteun, aangesien data die identifikasie van markgapings, ekonomiese geleenthede en ruimtelike neigings fasiliteer. Dis 'n sleutel tot ekonomiesebeleidsbestuur.

Die eenheid sal 'n transversale ekonomiese IK-stelsel (soos deur die G4J in die provinsiale datakantoor as die voorkeur-bewaarder) met behoorlike hulpbronne ondersteun, waar die nodige verhoudinge met die houers van data in plek is. So 'n transversale stelsel wat deur die navorsingseenheid ondersteun en deur die Departement van die Premier gedryf word, sal 'n komponent bevat wat verskeie mechanismes vir die opspoor van data en die uitlig van ekonomiese neigings insluit.

Ten einde verdere betekenis aan ondersteuning van die prioriteitsfokusarea(PFA) van Groei vir werke te gee, sal die navorsingseenheid werk maak van die volgende:

Om die prioriteitsfokusarea (PFA) van infrastruktuur en gekoppelde ekonomie, insluitend beweeglikheid en logistiek, breëband- en digitale transformasie te ondersteun sal die eenheid byvoorbeeld ekonomiese intelligensie inspan om logistieke strategie by te staan. Die ekonomiese intelligensie van 'n behoefte-assessering van nuwe uitvoergeleentheede kan op dieselfde wyse die PFA van die stimulering van markgroei deur uitvoere en toerisme ondersteun.

G4J sal ook deur ekonomiese impakkassesserings, gekoppel met kapasiteitsbou, ondersteun word. Die ekonomiese impakkassesserings sal ook verbeterde begrip van die impak van intervensies teweegbring. Die navorsingseenheid sal byvoorbeeld 'n impalassessering oor die gemak van sake doen onderneem, wat sal help om te verstaan wat gedoen word om doie ekonomie van die Wes-Kaap te laat groei.

Subprogram 5.1 en 5.2: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde uitvoere	Swak belyning van die werk van die eenheid met die pririteitsfokusareas van G4J	Konsultasie met kern-besluitnemers om belyning te verseker.
Verhoogde uitvoere	WKR se bewys-gefundeerde beplanning en implementering gebeur nie, weens onvoldoende hulpbronne, data en analitiese stelsels.	Verseker die behoud van 'n transversale ekonomiese IK-stelsel (bv. ledegeld- en meganismestelsel)
Verhoogde uitvoere	Gebrek aan gepaste data vir ekonomiese intelligensieverslae beïnvloed assessorings.	Gebruik van gevoldmagtige data.

1.2 Subprogram 5.3: Kennisbestuur

1.2.1 Doel

- Om die koördinering van die ekonomiese ekostelsel en ekonomiese voorspraak te faciliteer.

1.2.2 Subprogram 5.3: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde Randwaarde van belegging	Samewerking gevestig ter ondersteuning van die ekonomiese prioriteit van die departement	5.2.1 Getal samewerkings gevestig ter ondersteuning van die ekonomiese prioriteit van die departement	-	25	15	15	15	15	15
Verhoogde Randwaarde van belegging	Ekonomiese ekostelsel-betrokkenheid onderneem	5.2.2 Getal ekonomiese ekostelsel-betrokkenhede onderneem	-	-	-	-	4	4	4

1.2.3 Subprogram 5.3: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders				Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.2.1	Getal samewerkings gevestig ter ondersteuning van die ekonomiese prioriteit van die departement			15	-	2	4	9
5.2.2	Getal ekonomiese ekostelsel-betrokkenhede onderneem			4	1	1	1	1

1.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Ekostelsels ontwikkel gesamentlik en bestaan uit dinamiese gemeenskappe van diverse belanghebbers en vennote wat nuwe waarde deur die deel van inligting en samewerking skep en vasvang om geleenthede te realiseer en uitdagings te oorkom (Kelly, 2015). Ekostelsels kan kragtige meganisme wees om inligting- en netwerkbemarkingsmislukkings te oorkom en vertroue te bou, sakevertroue 'n hupstoot te gee en mededingendheid te verbeter. Suid-Afrika is egter geneig om vasgevang te word met gefragmenteerde ekostelsels – tussen en in die regering, vakbonde, die burgerlike samelewing en akademici.

Die bedoeling is dat die WKR, deur die verbreding en versterking van sy verhouding met kern- ekonomiese belanghebbers, as 'n katalisator in die ekostelsel optree in die deel van inligting en ekonomiese intelligensie, die bou van verhoudings, en samewerking met kernbelanghebbers in die openbare en privaat sektor om hulpbronne te benut ter bereiking van gedeelde doelwitte en tekens, en, waar dit gevestig is, vennootskapvolwassenheid te smee.

Ter ondersteuning van die G4J-strategie, wat ingebed is in die beginsels van privaat-sektor-gelei te wees, en vir die WKR om op die behoeftes van sake te regaer, sal die subprogram die koördinering van die onderskeie ekonomiese ekostelsels dryf en die aantal betrokke belanghebbers vermeerder en hulle sodoende in staat stel om ekonomiese voorspraakmakers van die Wes-Kaap te wees. Voorts sal die WKR, deur die koesterung van verhoudings en samewerking:

- Hulpbronne aanwend (unieke bevoegdhede in die spel bring, toegang tot kollektiewe kennis en kundigheid verkry);
- Saamwerk sodat groeivoortsigte vir almal voordele inhoud;
- Daarna streef om netwerkmarkondoeltreffendehede te takel;
- Markgaptings en -geleenthede help identifiseer;
- Die ekonomiese netwerk uitbrei;
- Vertroue bou en sakevertroue 'n hupstoot gee; en
- Die spoed en skaal van verandering waarna die G4J streef, verhoog.

Hierdie benadering is ook belyn met die NOP se MTSR-prioriteit 1 – 'n bekwame, etiese en ontwikkelingstaat wat inklusiewe groei steun deur produktiwiteit van bestaande en opkomende ondernemings te verbeter en die ontwikkeling van nuwe bedrywe te ondersteun.

Die kernprojekte waarop in die 2023/24-boekjaar gefokus word /wat ondersteun gaan word, is:

1. Ekonomiese ekostelsel-samehorighed en samewerkings (ekstern)

Die DEOT sal

- Voortgaan om 'n gesikte belanghebberbestuurstelsel te ontwikkel en te implementeer en gevestigde kanale en platforms vir voortgesette ekostelselbetrokkenheid gebruik; en
- Samewerking met privaatsektorbelanghebbers koester in die implementering van die G4J-strategie en -intervensies, -projekte en -aktiwiteite daarvan.

Die DEOT sal met die Wes-Kaapsae Ekonomiese ontwikkelingsvennootskap (WKEOV) saamwerk, veral in sy strewe na belanghebberbetrokkenheid en die implementering van die G4J-strategie. Die volgende terreine word reeds deur die WKEOV onderneem, en is baie nou belyn met prioriteitsfokusareas (PFA's) wat die strategie vir Horison 1 (tot 2026) geïdentifiseer het:

1. PFA: Watersekerheid en -veerkragtigheid – Voorbeeld van die WKEOV se huidige water- en klimaatsveranderingsprogram wat die implementering van hierdie PFA ondersteun, sluit die vestiging en byeenroep van 'n watergebruikersvennootskapplatform in die provinsie, lidmaatskap van die Afrika Stadswateraanpassing-(ASWA-) platform, die ontwikkeling van aanpassende en samewerkende bestuursriglyne vir opvangsbestuursagentskappe om watervoorsiening te verseker, en die byeenroep van 'n water-energie-voedsel-samewerkingsverband met veelvuldige belanghebbers vir verbeterde stedelike metaboliese vloei in Kaapstad.
2. PFA: Energie-veerkragtigheid en die oorgang na netto nul-koolstof – Verskeie WKEOV-programme is met hierdie PFA belyn. Programme sluit in die saamroep van belanghebberooreenkomste rondom die

ontmanteling van die Athlone-kragstasie en sy potensiële gebruik as 'n groen spilpunt, die Billike oorgangsvennootskapsimplementeringsplan vir die Presidensiële Klimaatkommissie (PKK), die produksie van 'n stadsgids vir die ontwerp en implementering van oorgange na 'n nuutgebore bou-omgewing (met die Afrikasentrum vir stede en Bauhaus Earth), en 'n privaatsektor- afval-tot-energie- kleinskaalse turbineprojek met GreenCape en die Atlantis spesiale ekonomiese sone.

3. PFA: Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie, insuitend beweeglikheid en logistiek, breëband- en digitale transformasie – Verskeie WKEOV-programme is reeds in plek en kan as ondersteunend tot hierdie PFA gesien word, soos die Dorpsaksienetwerk (DAN), die Adam Tas-korridor- ruimtelike-ontwikkelingsvennootskap, Tuinroete-ontwikkelingsvennootskap, 'n WKEOV-gefasiliteerde paltform wat kernrolspelers uit die openbare en privaat sektor en burgerlike samelewing bymekaarbring om saam te werk rondom kernprioroiteite vir die streek, die Philippi-tuinbou-area-(PTA-) vennootskapsprogram, en die Rondetafel oor die penelaarsapoortsel sel.
4. PFA: Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid – Daar is belyning tussen hierdie PFA en 'n aantal WKEOV-programme. Voorbeeldelike sluut in die Maatskaplike werkverskaffingsnetwerk (MWN) ter ondersteuning van die uitrol van die Maatskaplike Werkverskaffingsfonds (MWF), vestiging van die Mitchells Plain Dorpsentrummark, en die fasilitering van 'n vennootskapsproses rondom die ontwikkeling van herwinningsinfrastruktuur by die Kuspark-stortingsterrein.

Die EDP se vennootskapsboumandaat, 'n ekstensieve en bewese ervaring in die ondersteuning van ekostelsels en brugbou met sake en die burgerlike samelewing, maak dit 'n ideale vennoot vir beide die departement en ander provinsiale regeringsdepartemente om as 'n neutrale implementeringsvennoot te gebruik om vennootskappe tussen die regering en sake aan te wakker en te bou. Die EDP sal 'n belangrike rol in die departement se implementering van die G4J-strategie speel.

2. Ekonomiesekluster-koördinering en transversale integrasie (intern)

Die DEOT is die leidende departement vir die koördinering en bestuur van die Ekonomiese Kluster, en die G4J-strategie. Vir hierdie doel sal die DEOT voortgaan om die interdepartemente verhoudings en samewerking tussen die ekonomieseklusterdepartemente, susterdepartemente en hulle entiteite te koördineer, te fasiliteer en te ondersteun ten einde te verseker dat die doelwitte van die G4J-strategie realiseer. Die program sal voorts horisontale instaatstelling en integrasie van die G4J-strategie en navorsing met OSB's, WKR departemente, munisipaliteite en die nasionale regering verseker. Dit laat verbeterde benutting van hulpbronne toe in die oplossing van gemene uitdagings of die ontginning van geleenthede, spesifiek rondom die prioriteitsfokusareas van die G4J-strategie en ander projekte toe.

Vir hierdie doel sal die DEOT op die volgende terreine fokus:

1. Die verdere verstewiging van sy verhoudings met nasionale OSB's soos Transnet, Eskom en ACSA om die gemeenskaplike doelwitte van die WKR te bereik.
2. Die smee van samewerking en leveringsvennootskappe wat met die implementyering van die G4J-strategie belyn is.

3. Bestuursoorsigbestuur (bv. openbare entiteite)

Die DEOT sal steeds gesonde korporatiewe bestuurstoeligbeginsels fasiliteer wat die DEOT as die "moedermaatskappy" en die Minister van Ekonomiese Geleenthede as "aandeelhouerverteenvoordiger" vir katalitiese infrastruktuursentriteite en vennootskapsorganisasies ondersteun soos dit nodig mag wees. Hierdie ondersteuning verseker dat die entiteite, die departement, aandeelhouer en aandeelhouerverteenvoordiger alle tersaaklike entiteite in belyning met voorskrifte soos die King-kode, goeie praktyk, wette en regulasies en provinsiale en nasionale omsendskrywes, raamwerke en gidse bestuur.

1.2.5 Subprogram 5.3: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde Randwaarde van belegging	Sommige vennote kan nie of is huiverig om hulle tot planne en implementeringsinisiatiwe te verbind, weens verskeie faktore, insluitend finansiële beperkings en gebrek aan inligting, wat dalk die uitsette en uitkomsteteikens van die onderskeie programme kan vertraag.	Sterk verhoudings via vertroude en gevestigde kommunikasieplatforms sal die impak wat eksterne faktore mag hê, help bekamp, aangesien dit hoë vlakke van vertroue en betroubare inligtingsvloei verseker, en die negatiewe sentiment deur bewyse van sukses, gedeelde waardes en/of die impak van geskikte kontekstualisering teenwerk.

Subprogram: 5.4: Monitering en evaluering

Die aktiwiteite van Subprogram 5.4: Monitering en evalueing sal in Subprogram 5.2: Navorsing en ontwikkeling geïnkorporeer word.

1.3 Subprogram 5.5: Infrastruktur en inisiatiewe wat groei moontlik maak (ook bekend as Katalitiese inisiatiewe)

1.3.1 Doel

- Om 'n instaatstellende ekonomiese omgewing katalitiese intervensie en infrastruktur te ontwikkel en/of te stimuleer.

1.3.2 Subprogram 5.5: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
Verhoogde Randwaarde van belegging	Katalitiese infrastruktuur-projecte ondersteun	5.3 Getal katalitiese infrastruktuur-projecte ondersteun	6	5	5	3	-	-	-
	Oorsigverslae oor spesiale ekonomiese sones saamgestel	5.3.1 Getal oorsigverslae oor spesiale ekonomiese sones saamgestel	-	-	-	-	8	8	8
Verhoogde uitvoere	Logistieke prioriteit van Kaapstad Hawe gefasiliteer	5.3.2 Getal logistieke prioriteit van Kaapstad Hawe gefasiliteer	-	-	-	-	4	4	4

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geauditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde Randwaarde van belegging	Nuwe katalitiese projekte (finansieel en niefinansieel) tydens die beplannings-fase ondersteun	5.3.3 Getal nuwe katalitiese projekte (finansieel en niefinansieel) tydens die beplannings-fase ondersteun	-	-	-	-	2	2	2

1.3.3 Subprogram 5.3: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.3.1	Getal oorsigverslae oor spesiale ekonomiese sones saamgestel		8	2	2	2	2
5.3.2	Getal logistieke prioriteit van Kaapstad Hawe gefasiliteer		4	-	2	-	2
5.3.3	Getal uwe katalitiese projekte (finansieel en niefinansieel) tydens die beplannings-fase ondersteun		2	-	-	-	2

1.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermynthyelperk

Die DEOT erken dat globale mededingende stede en streke 'n beduidende klem op infrastruktuurontwikkeling en -opknapping geplaas het, wat 'n komplekse kombinasie van maatskaplike, ekonomiese, beplannings-, konstruksie- en bestuursaktiwiteite behels. In reaksie daarop het die DEOT die implementering van verskeie grootskaalse katalitiese infrastruktuurprojekte gedryf, waarvan die waarde nie slegs deur die infrastruktuur/eiendom bepaal is wat ontwikkel is nie, maar veral hoe dit groei en ontwikkeling in en oor bedrywe heen beïnvloed en katalitiseer, asook in sy ruimtelike konteks. Dit beteken die infrastruktuur behoort verdere ontwikkeling rondom die eiendom en ruimte tot voordeel van die tersaaklike gemeenskap te katalitiseer en potensieel meer sake aan te wakker. Die DEOT ondersteun die twee Spesiale ekonomiese sones op die basis van die potensiële impak wat deur lewensvatbaarheidstudies en/of sakegevalle vir projekte getoon word. In 2009 het die departement 'n voor-lewensvatbaarheidstudie onderneem om die geleenthede wat in die nywerheid- en sakemark beskikbaar is, te identifiseer en te assesseer en om te bepaal of daar enige bindende beperkings op die vestiging van 'n NOS-program te Saldanhabaai is. Die lewensvatbaarheidstudie wat gevolg het, het aangedui dat die kapitale uitleg van die vereiste infrastruktuur in die voorgestelde Saldanhabaai NOS-lisesnsieringsmaatskappy MSB Bpk. (SBNOS) 'n oorweldigend positiewe koste-teenoor-voordeelverhouding vir die ekonomie sal hê, maar dat dit vooraf befondsing deur die regering sal benodig voordat dit kommersieel lewensvatbaar sal word. Dit beteken dat 'n toelatende omgewing en die stimulering van die nywerheid- en kommersiële ekostelsel alleen nie die vereiste belegging regverdig nie. Die sakegeval vir belegging deur die regering is deur die dhnm en die nasionale tesourie ondersteun, en die kapitale bestedingsbefondsing is verseker. 'n Soortgelyke proses is ten opsigte van die Atlantis spesiale ekonomiese sone (ASES) gevolg: die voor-lewensvatbaarheidstudie in 2014 is in 2015 deur 'n volledige lewensvatbaarheidstudie gevolg, wat getoon het dat 'n groentegnologie-gefokusde SES in die Atlantis-omgewing lewensvatbaar is. Steun vir die projek sal die groentegnologie- ekonomiese sektor vir die streek help ontsluit.

Die DEOT ondersteun hierdie projekte deur:

- Provinciale goedkeurings vir projekte te bekomen waar dit vereis word

- Samewerking met ander departemente in die lewering van projekte in al drie regeringsfere te koördineer
- Provinzialeregeringsbefondsing vir projekte, asook toegang tot ander bronne van befondsing te faciliteer
- Oorsig oor die implementering van openbare entiteite uit te oefen.

Saldanhabaai NOS

Kragtens die SES-wet is die SBNOS 'n ekonomiese-ontwikkelingswerktuig wat nasionale ekonomiese groei en uitvoer bevorder deur ondersteuningsmaatreëls te gebruik ten einde geteikende buitelandse en binnelandse beleggings en tegnologie te lok. Die doel van die Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy MSB Bpk. (SBNOS) – ook bekend as Freeport Saldanha – is om:

- Direkte buitelandse en plaaslike beleggings te lok
- Die terrein en infrastruktuur vir die vestiging van geteikende beleggings te voorsien
- Voordeel uit bestaande nywerheid-, tegnologiese en liggingskapasiteit te trek
- Die waardeproduksie met die integrasie in die plaaslike nywerheid te verhoog
- Behoorlike werke en ander ekonomiese gelenthede en sosio-ekonomiese voordele vir die streek waar dit geleë is, te skep
- Nuwe en innoverende ekonomiese aktiwiteite te genereer.

In reaksie op die Markvraaganalise van 2021 het Freeport Saldanha op ontwikkelings in die energiemark begin fokus; gevvolglik het die sone sterk markbelangstelling in die ontwikkeling van 'n groenwaterstof-spilpunt in die gebied ontvang, en Freeport Saldanha het dienooreenkomsdig gereageer. Aktiwiteite sluit samewerking met die nasionale, provinsiale en plaaslike regering in om die ontwikkeling van 'n groenwaterstofsektor te identifiseer en te prioritiseer. Hoogtepunte sluit in:

- Aankondiging van 'n MvV tussen die Noord-Kaapse en Wes-Kaapse regerings om saam te werk in die ontwikkeling van die Wes-Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG-) Groenwatersofkorridor.
- Aankondiging van strategiese infrastruktuurprojekte (SIP's) vir Saldanha – een projek is reeds in die staatskoerant gepubliseer, terwyl vyf ander in die proses van publikasie is, afhangend van verdere inligting wat vereis word.
- Inisiëring van 'n groot Wêreldbanksstudie rakende Groenbunkerbrandstowwe in Saldanha – (in opdrag van die Nasionale Klimaatskommissie).
- Bied die 'Nuwe nywerhede vir Saldanha-dag' as deel van die Suid-Afrikaanse Groenwaterstofberaad aan (wat deur premier Winde en president Ramaphosa geopen is).
- Sasol en ArcelorMittal Suid-Afrika (AMSA) het 'n gesamentlike ontwikkelingsooreenkoms (GOO) onderteken om koolstof-opvangtegnologie te ontwikkel om volhoubare brandstowwe en chemikalieë te vervaardig, en ook ArcelorMittal se onaktiewe staalaanleg in Saldanhabaai weer aan die gang te kry sodat groenstaal vervaardig en uitgevoer kan word.

Die Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy MSB Bpk. het die volgende aksies en inisiatiewe geïdentifiseer om hulle markpotensiaal te verbeter:

- Om die voordele van 'n Vryehawe- (Freeport-) waardevooruitsig te benut.
- Om die Freeport as 'n omvattende energiewaardekettingspilpunt, insluitend die snel opkomende Groenwaterstofeleenthede te vestig.
- Om bestaande infrastruktuur (bv. die Projekhuurfasiliteit) op te gradeer en die ontwikkeling van bykomende hawe-infrastruktuur deur die projek wat met Infrastruktuur SA geregistreer is, te versnel.

Hierdie aspirasies het reeds beduidend tot die provinsiale strategiese plan se tweede visie-geleide prioriteit (VIP2) Groei en werke bygedra. Die sterkste belyning is steeds met Fokusarea 1 – Verhoog beleggings deur die beleggingspyplyn groter te maak, en belyning met Fokusarea 2: Bou en onderhou infrastruktuur deur die uitbreiding van topstruktuur infrastruktuur en dryf die bogenoemde uitbreiding van marine-infrastruktuur.

Saldanhabaai NOS-lisensiéringsmaatskappy MSB Bpk. het die prioriteite van die Wes-Kaap se nuwe Groei vir werke-strategie in sy en die gevvolglike uitsette en uitkomste oor die volgende drie jaar geïnkorporeer in reaksie op plaaslike en nasionale strategieë en beleide wat uit sy mandaat voortspruit.

Die toegewysde doeanebeheerarea wat sedert 2019 oor meer as 70% van sy voetspoor gehou is, bring met hom 'n aantreklike doeane-praktyk op grond in en om die hawe saam, wat 'n eerste vir Suid-Afrika in die SES-program is. Met die lok van sy eerste groep beleggers en die inbedryfstelling van die Toegangskompleks het die sone begin om sy waarde as 'n ten volle doeane-seker Freeport uit te brei en om aanbod-gerigte bedrywighede te aktiveer. Dit sal Saldanhabaai NOS-lisenieringsmaatskappy MSB Bpk. en sy beleggers in staat stel om as 'n geïntegreerde energie- en skeepswerf-tipe kompleks te begin werk, wat nuwe waardekettings vanuit die sone in die plaaslike ekonomie sal laat groei.

Hulle sal voortgaan om tot die Gemak van sake doen by te dra deur verskeie pogings namens hulle beleggers wat binding en ander beperkings sal takel. Die Saldanhabaai NOS-lisenieringsmaatskappy MSB Bpk. bly in belyning met die herstelplan se doelwitte: om beleggings en uitvoere 'n hupstoot te gee, op die skep van 'n aanloklike beleggingsomgewing gefokus.

In die 2023/24-boekjaar sal die uitbreiding van die Saldanhabaai NOS-lisenieringsmaatskappy MSB Bpk. se beleggingspyplyn, veral op die terrein van groenwaterstof en verwante waardekettings, dus realiseer.

Nuwe bedryfsaktiwiteite gaan begin, en bykomende infrastruktuur, veral die Geïntegreerde Infrastruktuurontwikkelingsprojekte sal vir beleggers geskep word.

Die ontwikkelingsprogram (vaardigheidsontwikkeling en KMMO-steun) sal voortgaan om die plaaslike gemeenskap te dien om plaaslike werkers en sakeondernemings gereed maak vir die geleenthede wat in en rondom die sone en selfs verder geskep gaan word.

Die Saldanhabaai NOS-lisenieringsmaatskappy MSB Bpk. wil tot die departement en die Wes-Kaap se uitkomste bydra deur beleggings te werf wat werkskepping en ekonomiese groei in die streek sal stimuleer.

Freeport Saldanha was suksesvol in hulle aansoek by die provinsiale tesourie vir befondsing uit die projekvoorbereidingsfasilitet (PVF). Dit volg op die ontleding van die voor-lewensvatbaarheidstudie, insluitend 'n markaanvraaganalise, aanduidende hawe-ontwerp, kostevoordeelontleding en sommige kommersiële modellerings oor die hawe-infrastruktuur wat vereis word om aan die behoeftes van die Freeport Saldanha se beleggingspyplyn te voldoen. Hierdie voor-lewensvatbaarheidstudies was die eerste stap in die versnelling van hawe-infrastrukturllewering (in die lig daarvan dat sommige van die Operasie Phakisa infrastruktuurplanne nie vervul is nie). Freeport Saldanha is nou gereed om met meer gedetailleerde werk te begin om die risiko's in die ontwikkeling van hawe-infrastruktuur in die Saldanhabaai-hawe uit te skakel deur verdere tegniese werk, bv. die ontwikkeling van tegniese ingenieurspesifikasies, assessorings van die potensiële omgewingsimpak, asook verdere kommersiële werk om privaat deelname en beleggings in die ontwikkeling van die hawe moontlik te maak. Die benutting van verdere befondsing is ook in die poses van verkryging om die projek ook bankbaar lewensvatbaar te maak.

Atlantis spesiale ekonomiese sone

Program 5 oefen oorsig uit oor die groentegnologie- Atlantis spesiale ekonomiese sone (ASA), maar voorsien ook die inisiatief van ondersteuning deur, waar nodig, goedkeuring van die provinsiale regering vir die implementering van hierdie nywerheidsontwikkelingskompleks te kry. Die DEOT voorsien tegniese insette om optimale lewering van nywerheidsinfrastruktuur en beleggingsteundienste te verseker en skakel met die nasionale regering om 'n beleggings-vriendelike beleidsomgewing te verkry. Laastens is die DEOT voortdurend in verbinding met beleggers en ander bedryfspelers wat die vervaardiging en dienste van groen tegnologie ondersteun – wat die fokus van die ASES is.

Die ASES het die infrastruktuurfase in die 2022/23-boekjaar geïnisieer, met 'n toewysing van R89 miljoen van die nasionale SES-fonds vir grootmaat-infrastruktuur en R12 miljoen vir die konstruksie van fasilitete vir een belegger. Die ASES gaan steeds voort met die implementering van sy plan om beleggings te lok om sy teiken van R3 miljard oor vyf jaar te haal. Kernbeleggings in die veld van gevorderde chemikalieë, biofarmaceutiese produkte, e-afval-bestuur en die herwinning van onttrekte aluminium word verwag.

Die ASES streef daarna om tot die uitkomste van die Groei vir werke-strategie by te dra deur harde en sagte infrastruktuur as deel van sy horizontale instaatstellingsfunksie te verskaf. Benewens die geboude infrastruktuur bied die ASES 'n geleentheid om innoverings in tegnologie te implementeer, terwyl dit terselfdertyd verseker dat jongmense van Atlantis toegang tot die regte tegniese vaardigheidontwikkeling- en ondersteuningsprogramme het wat beleggers in staat sal stel om aanstellings uit 'n groot groep kundige en werk-parate mense te maak. Dit bied ook gestruktureerde ondersteuning aan klein sake om betekenisvol in die ASES deel te neem – in die eerste plek as kontrakteurs in die boufase, maar ook as KMMO's wat akkommodasie vir hulle groentegnologievervaardigingspogings vind. Hierdie programme gee uitdrukking aan die Groei vir werke-fokusarea van "Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid".

Hawelogistiek

Prioriteitsfokusareas van die Wes-Kaapse G4J-strategie wat deur hierdie eenheid hanteer sal word, sluit die stimulering van markgroei deur die fasilitering van uitvoere en die bevordering van 'n gekoppelde ekonomie deur verbeterde hawelogistiek in.

Wetenskaplik betroubare en verifieerbare aksienavorsing oor verskeie aspekte van die logistieke ketting van die Kaapstad-hawe is die afgelope twee jaar onderneem. Hierdie werk was hoofsaaklik daarop gemik om die kernoorsake van opeenhoping en op die potensiële groei in vragvolumes, wat die kapasiteit en prestasie van die logistiekkettingsvereistes behoort aan te dui, te verstaan.

Dit was uit die data-ontleding duidelik dat vragvolumes deur die Kaapstad-hawe tussen 2021 en 2026 sou kon groei. Die ontsluiting van hierdie potensiaal kan 2000 werkgeleenthede skep en R6 miljard tot die BWT bydra.

Kernuitdagings vir die bereiking van hierdie hoë groeiscenario sluit die volgende in:

- Huidige kapasiteit en prestasie in die logistieke ketting is onvoldoende.
- Veelvuldige belanghebbers het geen institusionele raamwerk om tot gedeelde uitkomste by te dra nie.
- Logistieke kettings is kompleks en vereis werklike in-aksie-data om koördinering te bevorder; en
- OSB (Transnet) kapitale begrotings en vaardighede is op hulle eie onvoldoende.

Die voorgestelde oplossing is om

- Geloofwaardige bewys te verskaf om die uitbreiding van kapasiteit en verbetering van prestasie te bevorder;
- 'n Institusionele raamwerk te bied om samewerking tussen agentskappe tot 'n gedeelde doelwit van die ontsluiting van groeipotensiaal te bevorder;
- Betroubare inligtingsmeganismes wat koördinering sal fasiliteer, beskikbaar te stel; en
- Beleggingsgeleenthede vir privaatsektordeelname te identifiseer, te ondersoek en aan te bied.

Vir hierdie doel werk die eenheid met veelvuldige belanghebbers in die logistieke ketting vir Kaapstad-hawe saam, insluitend:

- Vrageienaars;
- Transnet;
- Skeepsvaartuie;
- Privaat terminaal- en verkoelingstooroperateurs; en
- Privaat logistieke maatskappye.

Kernlewering sal wees om:

- met gefokusde aksienavorsing voort te gaan.
- met belanghebberoordeelname voort te gaan om samewerking te bevorder.
- betroubare inligtingsmeganismes te ontwikkel en te onderhou.
- beleggingsgeleenthede vir privaatsektordeelname te identifiseer, te ondersoek en aan te bied.

Hierdie lewering sal op vier spesifieke gesamentlike prioriteite gefokus wees wat uit hawebelanghebberwerkinkels voortspruit , soos hier onder uiteengesit:

1. Aanvulling van die swaarhysertoerustingsvloot
2. Vermindering van opeenhoping van vragvervoerders
3. Verbetering van kommunikasie tussen verskeie agentskappe in die hawelogistiese ketting
4. Skep van 'n aanduidermeganisme van goeiepraktykprestasie.

1.3.5 Subprogram 5.5: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde Randwaarde van belegging	Ekonomiese potensiaal vir werkskepping en BBP-groei word nie gerealiseer nie weens 'n gebrek aan beleggers in infrastruktuur. Beleggingsklimaat bly konserwatief of negatief weens omstrede nasionale beleidsbesluite.	Koördinering van insette deur nasionale en internasionale befondsings- en beleidsvennote (bv. dhnm, die NOR en internasionale befondsers) om huidige katalitiese infrastruktuurbeleggingsprojekte te versterk en te bespoedig en markgeleenthede te ontsluit.
	As die ASES nie die vereiste befondsing vir grootmaat-infrastruktuur in die hele sone verkry nie, wat sy vermoë om beleggers te lok, sal kortwiek.	Ontwikkel 'n alternatiewe model vir grootmaat-infrasruktuurbefondsing, wat gedeelde befondsing deur die privaat sektor toelaat
Verhoogde uitvoere	WKR het nie 'n direkte mandaat oor hawelogistiek nie	WKR en die span sal deur samewerking en die gemene doelwitte van die bevordering van ekonomiese groei en uitvoere betrokke raak.

1.4 Subprogram 5.6: Breeband vir die ekonomie (of Digitale ekonomie)

1.4.1 Doel

- Om die gebruik, gereedheid en toeganklikheid van digitale tegnologie deur inwoners en sakeondernemings te ondersteun en te stimuleer.

1.4.2 Subprogram 5.6: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie 2022/23	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde Randwaarde van belegging	Digitale-ekonomiese projekte ondersteun *	5.4.1 Getal mense ondersteun met digitale-geletterdheidsvaardighede	-	-	-	70	-	-	-
Verhoogde Randwaarde van belegging	Individue met saailing-stadium-sakevaardighede ondersteun*	5.4.2 Getal individue met saailing-stadium sakevaardighede ondersteun	-	-	-	15	15	-	-

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde Randwaarde van belegging	Sake betrokke by die vooruitgang van digitale-transformasie-agenda in die Wes-Kaap*	5.4.3 Getal sake betrokke by die vooruitgang van digitale-transformasie-agenda in die Wes-Kaap	-	-	-	-	400	500	600
Verhoogde uitvoere	Sake bygestaan met digitale-produktiwiteits-intervensies *	5.4.4 Getal sake bygestaan met digitale-produktiwiteits-intervensies	-	-	-	-	100	125	150
Verbeterde gemak van sake doen	Digitale-transformasieverwante regulatoriese hervormings voorgestel *	5.4.5 Getal digitale-transformasieverwante regulatoriese hervormings voorgestel	-	-	-	-	3	3	3
Verhoogde Randwaarde van belegging	Lewensvatbaarheidstudies oor krediet-verbeterings-meganismes relevant tot die Wes-Kaapse tegnologie- en innovering-sektor*	5.4.6 Getal levensvatbaarheidstudies oor kredietverbeterings-meganismes voltooi	-	-	-	-	1	-	-

*Onderworpe aan die finalisering van die besluit om alle energie-verwante hulpbronne (finansieel en mense) na die betrokke departemente te verskuif

Subprogram 5.6: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.2	Getal individue met saailing-stadium sakevaardighede ondersteun		15	15	-	-	-
5.4.3	Getal sake betrokke by die vooruitgang van digitale-transformasie-agenda in die Wes-Kaap		400	65	265	70	-
5.4.4	Getal sake bygestaan met digitale-produktiwiteits-intervensies		100	-	-	60	40
5.4.5	Getal digitale-transformasieverwante regulatoriese hervormings voorgestel		3	-	-	-	3

Uitsetaanduiders		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.6	Getal lewensvatbaarheid-studies oor kredietverbeterings-mechanisme voltooi	1	-	1	-	-

1.4.3 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermmyntydperk

Tegnologiese innovering, ekonomiese groei en algehele menslike welsyn en ontwikkeling is onderling op 'n ingewikkelde wyse verbind. Die Wes-Kaap het eienskappe van ontwikkelende en ontwikkelde nasies waar die toegang tot breëband, verspreiding van tegnologie, toegang tot onderwys en opleiding (opvaardiging) en die vermoë om wêreldklas-benaderings te gebruik nie eenvormig is vir inwoners en sake nie. Daarbenewens gebeur innovering in skere gebiede, maar word dit swak befonds en gekoördineer.

Digitale ontwrigting verwys na hoe digitale tegnologie markte, die werkmag, produktiwiteit en mededingendheid transformeer. Digitale ontwrigting en snelle digitale en tegnologiese vooruitgang het 'n invloed op alle aspekte van die samelewing, op individuele sowel as op maatskappyvlak. Sake en regerings moet dus albei aanpas, voorberei vir tegnologie en digitale platforms aanvaar om groeidoelwitte te behaal. Die uitwerking van digitale ontwrigting is so deurdringend dat dit lankal nie meer net as die terrein van die IT-gemeenskap en HIB gesien word nie, maar eerder na die terrein van die sakeleier beweeg het, aangesien die invloed daarvan op sakeproduktiwiteit baie verreikend is.

Die Groei vir Werk-strategie erken dat produktiwiteit oor die volgende tien jaar baie skerp moet toeneem as die Wes-Kaap uitskiet-groei wil behaal, aangesien dit 'n voorvereiste vir ekonomiese groei, globale mededingendheid en maatskaplike ontwikkeling is. Onlangse prestasie toon dat die Wes-Kaapse produktiwiteit beduidend onderpresteer as dit met mededingende streke vergelyk word. Ons veelvlakkige produktiwiteitsgroei is grootliks in pas met slegs die nasionale prentjie. Die faktore van produksie – insluitend arbeid, entrepreneurskap, en tegnologie – is kritieke insette wanneer produktiwiteit aangespreek word. Dit is ewe geldig vir KMMO's en groter ondernemings. Dienooreenkombstig is produktiwiteit as een van die sewe prioriteitsfokusareas vir die eerste horison (tot 2027) geïdentifiseer.

Daar is in 2020 beraam dat die waarde van die globale digitale ekonomie tussen 4,5% en 22,5% van die wêreld-BBP is, afhangend van die definisie van die digitale ekonomie wat gebruik is¹¹. Die groei van die digitale ekonomie is in die eerste plek belangrik, eenvoudig omdat dit groei is, wat 'n lewensvatbare roete bied om die lewenstandaard van mense in lae- en middelinkomstelande te verbeter. Die Wêreldbank erken dat digitale tegnologieë op die voorpunt van ontwikkeling is en 'n unieke geleentheid bied vir lande om hulle ekonomiese groei te versnel en inwoners met dienste en werkgeleenthede te verbind. Hulle siening is verder dat R5 triljoen se bykomende waarde in Suid-Afrika geskep kan word met die gebruik van digitale tegnologie in sleutel-nywerheidsektore, insluitend landbou, finansiële dienste en vervaardiging (Bron: World Bank, South Africa: Digital Economy Diagnostic, December 2019). Die Wes-Kaap kan 15% tot 20% van hierdie waarde lewer as ons hulle raad ter harte neem en dienooreenkombstig belê.

Hoewel die departement in die vorige boekjaar 'n beleidskuif weg van die fokus op digitale en tegnologiese ekonomie as 'n kerndrywer van ekonomiese groei gesien het, is die rolle van breëband- en digitale transformatie gekoppel met tegnologie en innovering nou stewig in die Groei vir werke-strategie geplaas, wat vier prioriteitstemas onder Tegnologie en innovering insluit. Die digitale-ekonomie-eenheid sal die volgende werk pak om uitdrukking aan hierdie temas te gee:

Om die gemak van sake doen te versterk en ekostelsels van tegnologie en innovering te bevorder sal die eenheid kern-transversale inhibeerders takel wat die groei van tegnologie-geleenthede beperk. Dit sluit sake van munisipale regulasies tot kritiekvaardigheidsvisums, wisselkoersbeheer, ondersteuning van opkomende tegnologie en breëbandtoegang in. Sistemiese hindernisse sal geïdentifiseer, gekategoriseer en stelselmatig getakel word, en ons sal tersaaklike vennote stimuleer

¹¹ Bron: K4D, *The size and growth potential of the digital economy in ODA-eligible countries, 1 December 2020 (ODA is amptelike ontwikkellingsbystand wat deur die OESO (Organisasie vir ekonomiese samewerking en ontwikkeling) gegee word).*

om aanbod-kant-kwessies aan te spreek. Die werk sal op vorige werk voortbou, veral die positiewe ekonomiese impak op belegging in die hommeltuig en UAV-tegnologie.

Wat betref die vestiging van die Wes-Kaap as 'n waagkapitaalsentrum vir beginners en opskaling sal ons opsies vir 'n waagkapitaalkredietverbeteringsfonds ondersoek. Gegewe dat dit 'n nuwe werkterrein is en die verwagte belegging beduidend sal moet wees, is die eerste vereiste om 'n gedetailleerde lewensvatbaarheidstudie te onderneem, wat aktiwiteite soos markontleding, primêre en sekondêre navorsing, programontwerp, toesigbeheerontwerp, opsie-ontleding, verkrygingsbenadering en aanbevelings om die beste befondsingsmeganiëasme te bepaal om waagkapitaalbelegging in die Wes-Kaap te verhoog, insluit. Voorts sal ons ook grondliggende werk met nasionale innoveringsaansporingsprogramme moet onderneem en verhoudings vir toekomstige projekte moet vestig.

Die stimulering van die groei en aanvraag van innovering en tegnologie-beginner en -opskalingsmaatskappye verg die koördinering van aktiwiteite met kernbelanghebbers en rolspelers wat in 'n soortgelyke agenda belangstel. Ons sal deur 'n saketegnologie- en innoveringsteunprogram verskaffers van tegnologie-oplossings met sake bymekaaibring om so produktiwiteitswinste te verhoog, met 'n fokus op maatskappye wat 'n uitvoerfokus het.

Toegang tot geskoolde personeel met tersaaklike digitale vaardighede bly een van die beduidendste bindingsbeperkings vir tegnologiemaatskappye, en die gaping tussen die aanbod en aanvraag van gesikte vaardige personeel bly 'n swak punt vir sake. Vir hierdie doel sal ons mensekapitaalontwikkeling met 'n fokus op die gebruik van digitale tegnologieë in sakeondernemings ondersteun. Ons sal saailing-stadium-opleiding verskaf – metodologieë vir aspirant-jeugentrepreneurs het in 2022/23 begin en dryf digitale transformasie deur die bevordering en befondsing van digitale produktiwiteisinisiatiewe vir klein sake. Inisiatiewe om die plaaslike ekostelsel, die belangstelling van skoolleerders in IKT as 'n beroep, versnelde opleiding vir naskoolse jeug en plasingsprogramme sal in vennootskap met die privaat sektor en die DEOT se vaardigheidsontwikkelings hoofdirektoraat bevorder word. Dit moet op skaal gedoen word en verg 'n innoverende benadering om 'n veerkratige en beskikbare werkmag, wat in digitale begrippe geskool en die ooreenkomstig teoegrus is om aan die vraag te voldoen, te verskaf.

1.4.4 Subprogram 5.6: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde Randwaarde van belegging	Die digitale transformasie van die Wes-Kaap vind nie vinnig genoeg plaas om tred te hou met, en die behoeftes van die ekonomie te lei nie.	Verstaan die mark en neigings (insluitend op streeks- en globale vlak) en belê dienooreenkomstig.

1.5 Subprogram 5.7: Groen ekonomie

1.5.1 Doel

- Om die ontwikkeling van die groen ekonomie en verwante bedrywe te stimuleer en om verbeterde hulpbronveerkragtigheid te faciliteer om die mededingbaarheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te verbeter.

1.5.2 Subprogram 5.7: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
Hulpbron-veerkragtigheid van die ekonomie is verbeter	Sake met verbeteringe t.o.v. hulpbron-veerkragtigheid (energie en water) bygestaan *	5.6 Getal sake met verbeteringe t.o.v. hulpbron-veerkragtigheid (energie en water) bygestaan	-	-	-	200	400	400	400
	Munisipaliteit met verbeteringe (energie en water) aan hulpbronne bygestaan*	5.7 Getal munisipaliteit met verbeteringe (energie en water) aan hulpbronne bygestaan	-	-	-	25	24	24	24
	Energie-veerkragtigheidsprojekte ondersteun *	5.8 Getal energie-veerkragtigheidsprojekte ondersteun	-	-	-	4	7	6	6
	Water-veerkragtigheidsprojekte ondersteun *	5.9 Getal water-veerkragtigheidsprojekte ondersteun	-	-	-	-	4	4	4

*Onderworpe aan die finalisering van die besluit om alle energie-verwante hulpbronne (finansieel en mense) na die tersaaklike departemente te verskuif

1.5.3 Subprogram 5.7: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.6	Getal sake met verbeteringe t.o.v. hulpbron-veerkragtigheid (energie en water) bygestaan	400	-	-	-	-	400
5.7	Getal munisipaliteit met verbeteringe (energie en water) aan hulpbronne bygestaan	24	-	-	-	-	24
5.8	Getal energie-veerkragtigheidsprojekte ondersteun	7	-	-	-	-	7
5.9	Getal water-veerkragtigheidsprojekte ondersteun	4	-	-	-	-	4

1.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermmyntydperk

Gegewe die feit dat twee van die sewe prioriteitsfokusareas in die Wes-Kaapse Groei vir werke-strategie ‘Energieveerkragtigheid en ’n oorganhg na nul koolstof’ en ‘Waterveerkragtigheid en -sekuriteit’ is, sal die Groei vir werke-strategie geleenthede op die terrein van groen ekonomie oopmaak wat ekonomiese ontwikkeling en mededingendheid sal toelaat en bevorder en beleggersvertroue sal laat toeneem en terselfdertyd die aanpasende kapasiteit van sake sal verbeter.

Die groen ekonomie werk deurlopend om die ontwikkeling van die aanbokant – groen tegnologieë, -stelsels en -dienste – te ondersteun en ook die aanvraagkant deur sake by te staan en in staat te stel om hulle hulpbronveerkragtigheid te verbeter.

Aan die energiekant staar die land ’n voortgesette en erger-wordende energiekrisis in die gesig, met beurtkrag wat elke jaar net meer word – daar was 43% van die dae van die jaar beurtkrag, meer as dubbel die persentasie van 2021. Tot en met die middel van Februarie 2023 het die land elke dag beurtkrag ervaar, gemiddeld tussen Fase 3 en 4 (3 000–4 000 MW) en vooruitskattings duif op ’n gemiddelde Fase 4- vir die grootste deel van 2023. Die krisis word deur tekorte aan energieverkragting, (6 GW-tekort in September 2022), veroorsaak, wat op sy beurt deur ’n diuisternis faktore, soos oorwerkte energie-aanlegte, wat tot swak presatsie lei, ’n gebrek aan goeie steenkool, arbeidsuitdagings, en infrastruktuurveral veroorsaak word. Die huidige Suid-Afrikaanse energiekrisis plaas enorme druk op die ekonomie en toekomstige ekonomiese groei asook op sakewinsgewendheid en munisipale finasiële stabiliteit. In reaksie op die hantering van die klimaatsveranderingskrisis het al hoe meer lande (nege in die EU alleen) begin om ’n koolstofgrensaanpassings- (KGA-) benadering tot groei van hulle ekonomieë op ’n laekoolstofwyse te gebruik. Die druk vir lae koolstofenergie-opwekking in Suid-Afrika neem dus toe, wat ’n impak op Wes-Kaapse uitvoere en plaaslike sakeondernemings sal hê. Multinasionale maatskappye plaas ook toenemend wêreldwyd druk op hulle sake en verskaffingskettings toeo na koolstofneutraliteit te beweeg. Die veranderinge in die energiestelsels sal ’n duidelike impak op munisipale inkomste hê, en die lewensvatbaarheid van baie van hulle sal negatief beïnvloed word, tensy hulle ook deel van die nuwe stelsel word. Finansies vir die ontwikkeling en infrastruktuur vir die skuif na laekoolstofprojekte is wêreldwyd beskikbaar, maar projekvoorbereiding, pyleidingings en kapasiteit vir toegang en die bestuur van projekte word vereis. Beduidende regulatoriese en beleidsveranderinge het op nasionale vlak plaasgevind, wat veranderinge in die kragsektor moontlik maak wat op meer gediversifieerde en gedesentraliseerde energiehulpbronne bv. weg van Eskom se monopolie sal uitloop.

Die strategiese doelwitte van die Wes-Kaapse Energieveerkragtigheidsprogram is om die impak van beurtkrag op sake en inwoners in die Wes-Kaap te verminder en ’n laer vlak van afhanklikheid van Eskom in die Wes-Kaap e faciliteer.

Die program het ten doel om die ‘energieveerkragtigheid en oorgang na nul koolstof’-prioriteitsfokusarea van die is Groei vir werke-strategie te implementeer en bestaan uit intervensies wat in ses kategorieën opgedeel is:

- Rampverligting en -bestuur (beurtkragverligtingsprogram);
- Strategiese belanning, ontwikkeling en bestuur (Provinsiale Geïntegreerdehulpbronplan) om ’n bewys-gegronde en koste-optimale plan van energie-opsies te verskaf om beplanning en investering moontlik te maak;
- Vraagkant-bestuursprogramme om die bepaling van die kragbehoefte en verminderde koste van alternatiewe energiestelsels en onderhandelinge rakende beurtkragbuffering vir die provinsie moontlik te maak
- Opwekking, verkryging en handel van laekoolstofenergie (nuwe energie-opwekkingsprogram);
- Onderhoud en uitbreiding van vereiste netinfrastruktuur (netwerkontwikkelingsprogram) om die beweging van energie deur gebruik van die netwerk moontlik te maak; en
- Verhoogde belegging in die energiesektor – om finansiering vir die implementering van die program te lok, om finansieringsmeganismes toe te laat om implementering op skaal te ontsluit en plaaslike produksie te lok.

Die rol van die DEOT in bogenoemde Wes-Kaapse Energieveerkragtigheidsprogram sluit die volgende in:

- Verskaf ondersteuning aan die bedryf deur die groenenergie-ekostelselondersteuningswerk, insluitend die voorsiening van ’n energiesektortoonbank om energie-verwante navrae, gevallenstudies, gebeure, bedryfsopdragte, beleggingsteun, regulatoriese begeleiding en energie-verwante markintelligensieverslae te bestuur.

- Verskaf ondersteuning aan die groenekonomieproduksie deur die Atlantis spesiale ekonomiese sone (gelei deur Subprogram 5.5)
- Dryf/ondersteun die ontwikkeling van 'n groenwaterstofsentrum in Saldanhabaai (gelei deur Subprogram 5.5)
- Dryf 'n program van implementeringsteun vir alternatiewe energie aan KMMO's (gelei deur by Program 2),
- Lei die ontwikkeling van 'n Wes-Kaapse billike-energie-oorgangsbeleggingsplan (gelei deur Program 3), en
- Koördineer die energiekrisis- ekonomiese kluster vir die Wes-Kaap.

Waterveerkragtigheid

Waterveerkragtigheid en -sekerheid is 'n prioriteitsfokusarea van die Groei vir werke-strategie, aangesien dit die kern is om sakemededingendheid te verseker en beleggersvertroue in die Wes-Kaap te behou, wat albei kritiek belangrik is om beleggings te lok en uitvoere te verhoog. Baie van die ekonomiese sektore in die Wes-Kaap wat vir groei geteiken is, is water-intensief, wat hulle baie meer kwesbaar maak vir toekomstige watertekorte (hoofsaaklik deur groot klimaatsverandering veroorsaak) en die beskikbare water vir ander terreine van groei en ekonomiese aktiwiteit verminder, tensy waterveerkragtigheid verbeter word.

In sy oplossing van bogenoemde uitdagings, en gegewe die feit dat groot waterskemas en grootskaalse gediversifieerde waterskemas lank neem en baie kos om te ontwikkel, fokus die departement daarop om sakeondernemings in staat te stel om hulle waterveerkragtigheid deur verbeterde watergebruiks-doeltreffendheid en die implementering van hulle eie wateraanvulling te verbeter. Hierdie veranderinge sal gedeeltelik deur die groei in plaaslike watersektorsake gefasiliteer word, wat ons moet bystaan en na die Wes-Kaap toe moet lok sodat dit tot verhoogde beleggings en werkskepping in die sektor kan lei. Hierbenewens sal ons voortgaan om te werk aan die sistemiese veranderinge wat vereis word om die Wes-Kaapse waterstelsels te versterk, watersektorsake te versterk en sake teen toekomstige watertekorte te beskerm.

Die rol van die DEOT in die verbetering van ekonomiese waterveerkragtigheid sal deur die verskaffing van ondersteuning aan die bedryf, ondersteuning van die groenekonomie-ekostelselsteunwerk, insluitend die voorsiening van 'n watersektortoonbank om water-verwante navrae, gevallestudies, gebeure, bedryfsopdragte beleggingsteun, regulatoriese begeleiding en water-verwante markintelligensieverslae te bestuur, wees.

Alle werk wat reeds aan die gang is, asook dié wat beplan word, sal op die webwerfplatform: <https://www.westerncape.gov.za/110green/> gedeel word om inligting en die deel van kennis te faciliteer.

1.5.5 Subprogram 5.7: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Hulpbron-veerkragtigheid van die ekonomie verbeter	Gegewe klimaatveranderingsprojeksies, infrastruktuur-uitdagings en 'n afhanklikheid van gesentraliseerde en ongediversifieerde watervoorraad bly water-sekerheid en -bekostigbaarheid , 'n risiko vir die Wes-Kaap, wat beleggersvertroue verminder en 'n bindende beperking vir die ekonomie kan wees.	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun sake in hulle waterveerkragtigheids-pogings om die veerkragtigheid van die ekonomie teen toekomstige watertekorte te verbeter • Ondersteun die watersektor ten einde plaaslike produksie en markinligting toe te laat en om tegnologieë, produkte en dienste te verskaf wat verbeterde sakewaterveerkragtigheid en verbeterde municipale watervoorraaden -bestuur ondersteun.

	<p>Die energiekrisis is as 'n nasionale ramp verklaar, met geen onmiddellike gootskaalse verligting in die vooruitsig nie. Die energiekrisis is besig om die ekonomie te verlam, en energie bly 'n bindende beperking op toekomstige ekonomiese groei. Ondanks veranderinge in die regulatoriese landskap sukkel munisipaliteite en die privaat sektor steeds om nuwe energiegeleenthede toe te laat, te verkry en te dryf.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun munisipaliteite en sake deur die deel van inligting en adviesdieste om só energiedoeltreffendheid te verbeter en gesentraliseerde energieverkragtigheidssels toe te laat om deel van die energieveerkragtigheidsoplossing te word. • Lei die ontwikkeling van 'n WK billike-energieoordragbeleggingsprogram wat gebruik sal word om finansiering en befondsing vir die implementering van die WK energie-veerkragtigheidsprogram te lok. • Koördineer ekonomiese belanghebbers om die krisis te bestuur – verskaf inligting, ondersteuning aan sakeondernemings, en tree as die begeleier tussen die ekonomiesesektorspelers en die WK op.
	<p>Beleggers in die groen ekonomie belê nie, weens die gedurig-veranderende en/of belegger-onvriendelike beleide van die nasionale regering en OSB's, met gevolglike laer groenekonomiebeleggings in die provinsie.</p>	<p>Voorsien beleggers van die nodige inligting sodat hulle politieke skuiwe kan navigeer, vertroue in die WK se energieveerkragtigheidsprogram kan hê en beleggingsbesluite kan neem op grond van vergelykende koste en ekonomiese impakte.</p>

1.6 Oorwegings van programhulpbronne

Begrotingstoewysing vir program en subprogramme

Program 1 R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% verandering van hersiene beraming			
	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2023/24	2022/23	2024/25	2025/26	
1. Ekonomiese beleid en beplanning	5 676	2 752	6 157	5 239	4 863	5 587	4 572	(18,17)	4 702	4 773
2. Navorsing en ontwikkeling	9 630	8 706	8 487	8 976	10 562	9 838	4 947	(49,72)	7 537	7 561
3. Kennisbestuur	11 325	13 948	17 105	13 211	15 211	15 211	13 805	(9,24)	1	1
4. Monitering en evaluering										
6. Toelatende groei-infrastrukturale en inisiatiewe	118 508	81 002	91 181	87 958	87 631	87 631	58 966	(32,71)	52 966	54 947
7. Breëband vir die ekonomie	18 836	15 754	9 249	7 696	8 639	8 639	15 232	76,32	12 422	12 395
8. Groen ekonomie	17 832	21 398	25 076	23 453	23 448	23 448	33 601	43,30	58 005	46 294
Totale betalings en beramings	181 807	143 560	157 255	146 533	150 354	150 354	131 123	(12,79)	135 633	125 971

Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die 2022/23-aangepaste begroting vir die program is R150,354 miljoen. Die 2023/24-begrotingstoewysing vir die program is R131,123 miljoen, wat 'n vermindering van R19,231 miljoen (13%) vergeleke met die 2022/23-boekjaar is. Daar is 'n afname in die begrotingstoewysing in die subprogram: Inisiatiewe en infrastruktuur wat groei moontlik maak, en ook 'n toename in die subprogram: Breëband vir die ekonomie. Die afname in die begroting vir die groei-toelatingsubprogram weerspieël 'n beleidskuif weg van infrastruktuur in die departement, met die uitsondering van bestaande inisiatiewe soos Atlantis SES en Saldanhabaai NOS, in die lig van die groot kapitale intensiteit van infrastruktuurprojekte en die beperkende aard van die fiskus. Die toename in die subprogram: Breëband vir die ekonomie sal die gemak van sake doen versterk en ekostelsels van tegnologie en innovering bevorder, die posisie van die vestiging van die provinsie as die waagkapitaalsentrum vir beginners en opskalings laat vorder, die groei en vraag na innovering en tegnologie-slim beginner- en opskaling van maatskappye stimuleer en mensekapitaalontwikkeling in die Wes-Kaap ondersteun.

Die 2023/24-begrotingstoewysing sal die program in staat stel om tot die strategiese prioriteite van die bevordering van belegging en uitvoere by te dra.

Die navorsingseenheid sal die prioriteitsfokusareas van die G4J deur die ontwikkeling van ekonomiese intelligensieverslae ondersteun. Só byvoorbeeld sal die eenheid die prioriteitsfokusarea (PFA) van infrastruktuur en gekoppelde ekonomie, insuitend mobiliteit en logistiek, breëband- en digitale transformasie deur die verskaffing van ekonomiese intelligensie vir 'n logistiek-strategie ondersteun. Net so kan die ekonomiese intelligensie van 'n behoefte-asasesering oor nuwe uitvoergeleenthede die PFA van die stimulering van markgroei deur uitvoere en toerisme ondersteun. G4J sal ook deur 'n verbeterde begrip van die ekonomiese impak van intervensies ondersteun word.

Deur befondsing en niebefondste werk sal die digitale-ekonomiespan die gemak van sake doen versterk en die ekostelsels van tegnologie en innovering bevorder, met die vestiging van die provinsie as dié waagkapitaalsentrum vir beginners en opskaling vorder, die groei en vraag na innovering en die tegnologie van die aanvang en opskaling van maatskappye stimuleer, en mensekapitaalontwikkleing in die Wes-Kaap ondersteun.

Die Kaap-katalisatorseenheid ondersteun die ASES deur bedryfsbefondsing, asook deur die fasilitering van besluite deur die provinsiale uitvoerende gesag soos deur die ASES vereis, die ondersteuning van belanghebberverhoudings, die voorsiening van insette op 'n tegniese vlak en verskaf oorsig oor die ASES-bestuursentiteit. Die bedryfsbefondsing stel die ASES-maatskappy in staat om die ontwikkeling van infrastruktuur te dryf en beleggings in die groentegnologiesektor te lok. Hierdie begroting is teenoor dié van vorige boekjaar verklein, en daar word verwag dat die ASES-maatskappy toenemend hulle eie bedrywighede uit fondse buite die provinsiale fiskus sal befonds. Die Kaap-katalisatorspan bestaan uit diie waarnemende direkteur en die adjunk-direkteur.

Die span is samehorig en het 'n bewese rekord in entrepreneuriese en kommersiële denke, plus innovering in dienslewering. Alle lede is goed gekwalificeer, die meeste op nagraadse vlak, en betrek mense uit verskillende agtergronde in die openbare en privaat sektor, wat dit 'n goed afgeronde span maak.

1.7 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Belyning met DEOT-uitkoms	Kern-uitsette	Huidige jaarlikse begroting (R '000)
Saldanhabaai NOS	Bestuur van die nywerheidontwikkelingsone vir olie, gas en mariene dienste.	Verhoogde Randwaarde van belegging	Beleggingsfasilitering vir energie en maritieme bedrywe.	Geen WKR toewysing in 2023/24
Atlantis spesiasle ekonomiese sone	Bestuur van groentegnologie-spesiale ekonomiese sone	Verhoogde Randwaarde van belegging	Beleggingsfasilitering vir groentegnologie-nywerheid.	36 737

2. Program 6: Toerisme, kuns en vermaak

2.1 Doel

- Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te faciliteer wat tot volgehoue en verhoogde groei en werkskepping in die toerismebedryf sal lei.

2.2 Subprogram 6.1: Toerismebeplanning

2.2.1 Doel

- Om die strategiesetoerisme-agenda te ontwikkel en te koördineer.

2.2.2 Subprogram 6.1: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde uitvoere	Toerisme-sektor-ontwikkelings-inisiatiewe geïmplementeer	6.1 Getal toerismesektor-ontwikkelings-inisiatiewe geïmplementeer	-	2	2	2	-	-	-	-
	Toerisme-verwante regulatoriese hervormings voorgestel	6.1.1 Getal toerisme-verwante regulatoriese hervormings voorgestel	-	-	-	-	2	2	2	2

2.2.3 Subprogram 6.1: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.1.1	Getal toerisme-verwante regulatoriese hervormings voorgestel		2	-	-	-	2

2.2.4 Verduideliking van hersiene beplande prestasie oor die mediumtermynydperk

Die DEOT staan 'n "heelregerings"-benadering voor wat privaatsektor-geleide toerismegroei ontsluit. Vir hierdie doel sal die DEOT met alle sfere van regering saamwerk om die toelatende regulatoriese omgewing te voorsien deur dit vir die toerismebedryf makliker te maak om te werk en voorspoed te smaak. Dit behels die uitskakeling van rompslomp, die verbetering van die gemak van sake doen en die takel van volgehoue stremmings rakende visums en lugtoegang. Die DEOT sal teeds steun werf en voorspraak maak dat die nodige hervormings op hierdie gebied deurgevoer word, en ook openbare-privaat samewerking deur inisiatiewe soos die Kaapstadse Lugtoegang en Vaart Kaapstad (gekoördineer deur Wesgro) ondersteun om groter toegang en mobiliteit te faciliteer.

Daarbenewens sal die subprogram ook hard werk om te verseker dat die vereiste toelatende omgewing op distrikse- en plaaslike vlak bestaan. Die bou van bestuurskapasiteit en die ondertseuning van privaatsektor-geleide plaslike vennootskappe is dus kern fokusareas.

Bogenoemde sal behaal word deur 'n klem op:

- die implementering en geïntegreerde vorspraak en steunwerwingsramwerk vir toerisme
- 'n saak vir regulatoriese hervorming ten opsigte van visums en lugvervoer uit te maak
- die implementering van ander toerisme-regulatoriese hervorming oor alle sfere van regering
- die instaatstelling van die sakeomgewing vir groei
- die ondersteuning van privaat-sektor-geleide groeigeleenthede
- die vestiging van vennootskappe en koestering van samewerking met die privaat sektor én
- die versterking van plaaslike kapasiteite om toerisme doelmatig en doeltreffend te bestuur.

Die Groei vir werke-tema van die Provinciale strategiese plan (2019–2024) sien 'n toelatende omgewing vir die privaat sektor en markte om groei te dryf en werk te skep. Deur gemak van sake doen te bevorder sal die Wes-Kaap in staat wees om die beduidende potensiaal van uitvoerverdienste – en arbeidsabsorpsie – vir toerisme te ontsluit. Hierdie doelwit is ook belyn met die konsep- Groei vir werke-strategie wat regulatoriese en wetshervormings ten opsigte van Suid-Afrika se visumbeleid voorstaan. Die verbetering van internasionale toerismemobiliteit is ook inlyn met die instaatstellende doelwit van die Groei vir werke-strategie.

Op dieselfde wyse is die vermindering van rompslomp in die toerismebedryf en die verbetering van die gemak van sake doen hoeksteenprioriteite van die Provinciale strategiese plan en is dit duidelik belyn met die PSP Fokusarea 3 (Om die ekonomie te laat groei deur uitvoere te verhoog) asook die Provinciale strategiese implementeringsplan, wat Toelatende omgewing as 'n strategiese fokusarea identifiseer. Dit is direk belyn met die konsep- Groei vir werke-strategie waarin gevra word dat die regulasies "ontwerp en herontwerp moet met die oog daarop om die gemak van sake doen te maksimaliseer ten einde groei te ontsluit".

2.2.5 Subprogram 6.1: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

UItkoms	Kernrisiko's	Risikoverligting
Verhoogde uitvoere	Sistemiese hindernisse kortwiek herstel en groei in die bedryf	Ontwikkeling en implementering van geïntegreerde voorspraak- en steunwerwings-raamwerk om hindernisse op te los.
	Gebrek aan distriks- en plaaslike kapasiteit.	<ul style="list-style-type: none"> • Intelligensie ingesamel om die geval vir die liberalisering van visum- en lugvervoerbeleide te versterk. • Vestiging van raadgewende platforms om hindernisse wat die bedryf in die gesig staar, te hanteer • Bou dsitriks- en plaaslike kapasiteit. • Voorspraak vir regulatoriese hervorming.

2.3 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling

2.3.1 Doel

- Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.
- Om die gehalte van besoekerservaring aan 'n bestemming deur gehalte toerisme-ondersteuningsdienste te verbeter.

2.3.2 Subprogram 6.2: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
Verhoogde uitvoere	Fondse vir toerisme-ontwikkeling aangewend	6.2.1 Totale waarde van fondse vir toerisme-ontwikkeling aangewend	-	-	-	-	R5m	R20m	R25m
	Begunstigdes ondersteun met ontwikkelings-inisiatiewe van toersime-bestemmings	6.2.2 Getal begunstigdes ondersteun met ontwikkelings-inisiatiewe van toersime-bestemmings	-	-	-	-	30	30	30
	Eerstelinie-personnel opgelei in uitmuntende diens	6.2.3 Getal eerstelinie-personnel opgelei in uitmuntende diens	-	-	-	-	100	100	100
	Toerisme-produkte ontwikkel	6.3 Getal vorderingsverslae oor die implementering van toerismeproduk-ontwikkelings-programme	-	-	2	2	-	-	-

2.3.3 Subprogram 6.2: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders			Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.2.1	Totale waarde van fondse vir toerisme-ontwikkeling benut	R5m	-	-	-	-	R5m
6.2.2	Getal begunstigdes ondersteun met ontwikkelings-inisiatiewe van toersimebestemmings	30	-	-	-	-	30
6.2.3	Getal eerstelinie-personnel opgelei in uitmuntende diens	100	-	100	-	-	-

2.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Volgens navorsing het die Wes-Kaap 1,79% van die totale getal toerismsbeleggingsprojekte tussen 2003 en 2021 gelok (FDI Markets, 2022). Dis in vergelyking met Gauteng (4,1% van projekte), Casablanca- Settat (4,36%), Kaïro (4,62%) en Marrakesh-Safi (6,15%).

Toerismebelegging is kritiek belangrik om te verseker dat die provinsie 'n mededingende bestemming bly deur voortdurend terugkeerbesoek aan te moedig met 'n boeiende en immer-vernuwende produkaanbod.

Daarby vorm toerisme-infrastruktuur die ruggraat van die besoekersekonomie. In wese beteken toerisme-infrastruktuur alle infrastruktuur wat vereis word om te verseker dat toeriste die Wes-Kaapse streeksbestemmings op 'n veilige, skoon, gemaklike en toeganklike manier kan besoek. Baie formele en inormele toerismesake maak staat op toerisme-infrastruktuur om werke te behou en welvaart te versamel. Toerisme-infrastruktuur oor die provinsie is egter ongelyk en van wisselende gehalte.

Met bogenboemde in ag geneem sal die departement sy beleggings in projekte wat privaatsektorbelegging in toerisme stimuleer, deur opskaling verbeter.

Daarbenewens sal die DEOT privaat-sektor-geleide vennootskappe ondersteun wat op die stimulering van hoë groei en vorme van hoë opbrengs in toerisme, insluitend welsyn, gebeurtenisse, Halaal, avonture, gastronomie, opvoedkundige besoek, erfenius en mediese toerisme gerig is. 'n Kernhefboom wat die departement sal benut, is die G4J-toerisme-uitdagingsfonds. Hierdie fonds sal belegging- en vennootskapgeleenthede skep om in toerismebestemmingontwikkeling te belê.

Laastens toon data dat diensklagtes een van die drie belangrikste redes is waarom toeriste 'n slechte ervaring in die provinsie het. Dit is daarom wesenlik belangrik dat die Wes-Kaap Regering die bedryf ondersteun in die lewering van uitmuntende diens dwarsoor die provinsie. Dit sal bereik word deur die opleiding van gasvryheidspersoneel in die eerste linie van kliëntesorg. Daarby sal die departement met ander belanghebbers saamwerk om uitmuntende diens te erken en te beloon deur die jaarlikse Lilizela-belonings.

Opsommend: die DEOT sal:

- Beleggings in toersime-infrastruktuur by hoëimpakbestemmings en besienwaardighede pas.
- Streeksprodukbelegging ondersteun om die geografiese verspreiding van die voordele van toerisme aan te moedig
- Privaatsektorvennootskappe wat op die stimulering van groei en hoë-opbrengsvorme van toerisme gemik is, ondersteun.
- Eersteliniepersoneel se vaardighede in kliëntesorg deur vaardighedsopfrissing verbeter.
- Uitmuntende diens erken en beloon.

Hierdie maatreëls sal met die oog op die bereiking van die Groei vir werke tema van die Proviniale strategiese plan (2019 - 2024) met die klem op Fokusarea 1 (Verhoog beslegging) en Fokusarea 3 (Laat die ekonomie groei deur uitvoere te laat groei), asook die fokusareas van Werkskepping (Vaardighede en indiensneembaarheid), Sektorontwikkeling en mededingendheid, belegging en infrastruktuur geïmplementeer word.

Die subprogram sal ook tot die bereikimng van die konsep- Groei vir werke-strategie bydra wat 'n investering in infrastruktuur en vaardighede as kernondersteuningsareas uitlig om privatsektor-geleide groei toe te laat.

2.3.5 Subprogram 6.2: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde uitvoere	<ul style="list-style-type: none">• Lae vlakke van buitelandse direkte belegging in toerisme.• Ongelyke produkaanbod.• Ongelyke aanbod van toerisme-infrastruktuur.• Kommer oor kliëntesorg.	<ul style="list-style-type: none">• Stimuleer belegging deur 'n passingsfonds.• Belegging in toerisme-infrastruktuur.• Lei eerstelinie-gasvryheidspersoneel op in kliëntesorgdiens.

2.4 Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie

2.4.1 Doel

- Om voorsiening te maak vir die doelmatige registrasie en regulering van toergidse.
- Om die reputasie van die bestemming deur beter besoekerveiligheid en geïntegreerde bestemmingsbestuur te beskerm.

2.4.2 Subprogram 6.3: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens		
			2019/20	2020/21	2021/22		2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde uitvoere	Toergidse ontwikkel	6.4 Getal toergidse ontwikkel	159	43	35	25	100	100	100
	Toergidse geregistreer	6.5 Getal individue as toergidse geregistreer	1 544	502	697	600	1 200	1 200	1 200
	Individue/toerisme-verwante sake geïnspekteer of gemoniteer	6.6 Getal Individue/toerisme-verwante sake geïnspekteer of gemoniteer (toergidse)	192	20	72	100	-	-	-
	Begunstigdes met toerisme-veiligheidsdienste ondersteun	6.7 Getal begunstigdes met toerisme-veiligheidsdienste ondersteun	389	306	333	100	300	350	400
	Oorsig oor die instelling van die Toerisme-veiligheidswets-toepassingseenheid met Stad Kaapstad	6.8 Getal oorsigverslae oor die instelling van die Toerisme-veiligheidswets-toepassingseenheid	Nuwe aanduider	4	4	1	-	-	-
	Toerisme-veiligheid-strategie geïmplementeer	6.9 Getal toerisme-veiligheid-strategie-implementeringsverslae	Nuwe aanduider	4	2	2	-	-	-

2.4.3 Subprogram 6.4: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.4	Getal toergidse ontwikkel	100	-	100	-	-
6.5	Getal individue as toergidse geregistreer	1 200	300	300	300	300
6.7	Getal begunstigdes met toerisme-veiligheids-dienste ondersteun	300	75	75	75	75

2.4.4 Verduideliking van hersiene beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

Toerismeregulering: Toerbegeleiding is 'n geregistreerde bedryf kragtens die Toerismewet, Wet 3 van 2014 en die onderskeie regulasies vir toerbegeleiding (gepubliseer as Regeringskennisgewing R641 in die Regeringskoerant 15607 van 8 April 1994 en Regulasie No. R744 van 2001 in Regeringskoerant 22563 van 17 Augustus 2001). Kragtens die uiteersetting in die wet en regulasies is die Nasionale Registrateur en die provinsiale registrateurs van toergidse verantwoordelik vir die registrasie, regulering en ontwikkleing van toergidse. Dit is daarom 'n kerndiens wat deur die DEOT verskaf word. Daar word beraam dat daar net meer as 5 000 geregistreerde toergidse in die provinsie is, wat oor die hele spektrum – van gids vir besienswaardighede, tot kultuur-, natuur- en avonturgidse – versprei is. Hierdie toergidse verteenwoordig die grootste gidsgemeenskap in Suid-Afrika, indien nie op die kontinent nie. Binne hierdie konteks is die prioriteit vir die DEOT oor medium termyn:

Kliëntesorg: Bied 'n professionele registrasiediens vir die gidsgemeenskap.

Ondersteun bedryfveerkragtigheid: Die DEOT sal steeds die herstel van die bedryf en die behoud van werke ondesteun deur a) deur geteikende vaardigheidsontwikkatingsintervensies groter belyning tussen die gidsbedryf en markvraag te bewerkstellig. Die doel is om toergidse te ondersteun om hulle vaardighede en aanbod beter te belyn met 'n gediversifieerde en oortuigende aanbod wat op hoë opbrengs in die mark gerig is. Dit sal ook behels dat b) die profiel van die bedryf onder binnelandse markte verhoog word ten einde veerkragtigheid deur gediversifiseerde markte en produkaanbieding te bou. Laastens sal die DEOT c) die professionalisering van die bedryf aanmoedig deur die aktiwiteite van professionele verenigings te ondersteun.

Veiligheid: Beskerm die veiligheid van toersite deur a) die belangrikheid van die gebruik van geregistreerde toergidse te beklemtoon b) onwettige gids vas te vat. As 'n regulatoriese liggaam is dit uiterliggend om te verseker dat die toergidsbedryf gereeld die behoeftes van die besoekende toeriste bevredig. Dit is ewe belangrik om toergidse met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om die diens wat hulle aanbied, te verbeter en die uitdagings van die sektor doeltreffend te takel.

Toerismeveiligheid: Die oorgrote meerderheid toeriste aan die Wes-Kaap besoek die provinsie sonder enige insidente, maar onafhanklike data wat namens Suid-Afrikaanse Toerisme ingesamel is, dui aan dat daar oor die afgelope klompie jare 'n matige toename in die getal toeriste wat die provinsie via die Kaapstad Internasionale Lughawe met 'n negatiewe ervaring van hulle 'persoonlike veiligheid' en 'veiligheid en sekuriteit' verlaat. Besoekersveiligheid is dus 'n voortdurende risikofaktor in die herstel en groei van internasionale toerisme aan die Wes-Kaap. In reaksie sal die DEOT voortgaan om die Toerismeveiligheidstrategie te implementeer en jaarliks te hersien en aan te pas.

Die doelwitte van die Toerismeveiligheidstrategie is:

1. Vermindering in misdaad en ander veiligheids-verwante insidente wat toeriste in die Wes-Kaap beïnvloed.
2. Bevordering van die handelsmerkbeeld van Kaapstad en die Wes-Kaap vanuit 'n veiligheid- /sekuriteit-/ misdaad-/ gesondheidsperspektief.
3. Ontwikkeling van 'n multi-belanghebber- en werkbare samewerkende oplossing wat die openbare sektor en privaat spelers bymekaarbring.
4. Bou 'n sin van vertroue in die rol van die regering om 'n verskil in kernkwessies te maak wat toerisme beïnvloed.
5. Skep 'n beste-praktykmodel vir misdaadbekamping en -vermindering wat ook elders geïmplementeer kan word om misdaad vir alle Suid-Afrikaner te verminder.
6. Verberter die vlak van veiligheid en sekuriteit en paraatheid binne die toerismebedryf – van die bestemmingsvlak tot individuele sake of besienswaardighede.

Laastens sal die DEOT steeds voortgaan om voorspraak te maak en steun te werf vir die onderhoud en ontwikkeling van toerisme-infrastruktuur nom besoekersveiligheid tte vesreker, insluitend ondersteuning met aansoeke vir padtekens.

2.4.5 Subprogram 6.2: Bygewerkte kernrisiko's en -verligting uit die SP

Uitkoms	Kernrisiko	Risikoverligting
Verhoogde uitvoere	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toeristebestemming weens onwettige toergidse.	Vermeerder die getal inspeksies.
	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toeristebestemming weens verkeerde inligting wat deur onwettige en onopgeleide toergidse verskaf word.	Vermeerder die getal inspeksies..
	Reputasiekade vir die Wes-Kaap as 'n toeristebestemming weens die persepsie van verhoogde misdaad en toerismegesondheid- en sekuriteitsinsidente.	Bevorder die dienste van toergidse.
Verhoogde uitvoere	Gebrek aan behoorlike, doeltreffende wetstoepassing het 'n vernietigende invloed op die gemeenskappe wat gedien word, en die verhouding met die toeristebedryf wat nie net deur die perspesie van 'n onveilige toeristebestemming gevoel word nie, maar ook veiligheidsvoorvalle wat toerste beïnvloed.	Jaarlikse hersiening en implementering van die Toerismeveiligheidstrategie

2.5 Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking

2.5.1 Doel

- Om hulpbronne vir die toerisme-, handel- en beleggingsbevorderings- openbare entiteit te voorsien wat dit in staat sal stel om op hulle mandaat, soos in die Wes-Kaapse Wet op Beleggings- en Handelsbevordering, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig, gedfinieer word, te lewer.

2.5.2 Subprogram 6.4: Uitkomste, uitsette, uitsetaanduiders en teikens

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanduiders	Geouditeerde prestasie			Beraamde prestasie	MTE-teikens			
			2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verhoogde uitvoere	Oorsigverslae oor Wesgro se toerisme-bestemmingsbemarkingsfunksie opgestel	6.11 Getal oorsigverslae oor Wesgro se toerisme-bestemmingsbemarkingsfunksie opgestel	-	2	2	2	2	2	2	2

2.5.3 Subprogram 6.4: Uitsetaanduiders: Jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitsetaanduiders				Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
6.11	Getal oorsigverslae oor Wesgro se toerismebestemmingsbemarkingsfunksie opgestel			2	-	1	-	1

2.5.4 Verduideliking van hersiene beplande prestasie oor die mediumterm myntydperk

Die DEOT voorsien strategiese oorsig oor Wesgro ten opsigte van bestemmingsbemarking asook strategiese projekte om die provinsie se lug- en see-verbindbaarheid te verbeter.

Mandaat

Die doel van die Bestemmingsbmarkingsorganisasie (BBO) is om die Wes-Kaap interansionaal en plaaslik onder 'n verenigde handelsmerk te bemark en sodoende die aantal besoekers te verhoog. Deur die getal ontspannings- en saketoeriste aan die provinsie te verhoog, word direkte, indirekte en geïnduseerde inkomste vir die Wes-Kaap opgewek.

Wesgro doen dit in vennootskap met ander bestemmingsbmarkingsorganisasies, insluitend Suid-Afrikaanse Toerisme, Kaapstad-toerisme (en ander streeks- en plaaslike toerisme-organisasies), asook die privaat sektor. In hierdie verband speel dit 'n kritiek belangrike rol in die vereniging van die provinsie se handelsmerk en die realisering van die G4J-strategie om die markte deur vertroue en die uitbou van die handelsmerk te stimuleer. Wesgro is ook verantwoordelik om bewustheid in 25 geprioriteerde markte uit te bou, soos in navorsing wat deur die departement onderneem is, uitgelig is.

Wesgro tree as 'n Skedule 3C openbare entiteit met 'n wetgewende mandaat vir die bevordering van toersime, handel en beleggings op. Dit werk binne die strategiese, wetgewende en beleidsraamwerk van die departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) op en dra by tot die bereiking van die provinsie se visioen-gedreve prioriteit (VGP) 2: Ekonomie en werke op.

Die BBO behels twee strategiese eenhede: ontspanningstoerisme en die konvensieburo. Hierdie eenhede onderneem bestemmingsbemarking en die bevordering van aktiwiteite om die Wes-Kaap as 'n leidende toersimebestemming op plaaslike, nasionale en internasionale front te bevorder. Prioriteit word aan die volgende kern-lewerings gegee:

- Gee bewustheid van die Kaapstad en die Wes-Kaap in kern-interansionale, streeks en plaaslike markte 'n hupstoot.
- Verbeter toeganklikheid na Kaapstad en die distrikte.
- Gee die besienswaardighede van die distrikte 'n hupstoot deur mededingende produkaanbiedings.
- Posisioneer Kaapstad en die Wes-Kaap as die leidende sakegebeurebestemming op die Afrika-kontinent.

Ontspanningstoerisme

Die bevordering van kern-strategieë in ontspanningstoerisme is daarop gemik om die Wes-Kaap as 'n voorkeur-bestemming aan te bied en die aantal internasionale, streeks- en plaaslike besoekers aan die provinsie te verhoog deur:

- Die mededingende beeld van die internasionale, streeks- en plaaslike markte te verbeter.
- Die geografiese verpreiding en seisoenale aard deur alle middele, insluitende gebeure-bevordering te verbeter.
- Bou 'n aantreklike waardevoorstel deur die hele Wes-Kaap heen deur besoekerservarings te verbeter.
- Reputasiebestuurveldtakte wat kern-hindernisse oor reis en negatiewe persepsies van die provinsie takel.

Saketoerisme

